DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

18 Augustus 1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)





# Uur van die aasvoëls

Max du Preez

**DIT was 'n gesig wat die meeste Suid-Afrikaners skaam gemaak het - iets wat hulle nooit gedink het kan buite 'n Suid-Amerikaanse piesangrepubliek gebeur nie:**

'n Stamelende, patetiese PW Botha wat vanuit sy politieke sterfbed maksimum skade aan sy party probeer doen, en 'n glimlaggende FW de Klerk en 'n triomfantelike Pik Botha soos twee aasvoëls om sy karkas.

Die derms-uitryg op nasionale televisie was die klimaks na sewe maande van ongekende rugstekery, geknoei en ongebreidelde ambisie in die binnekringe van die Nasionale Party wat met Botha se beroerte begin het.

Meer as enigiets anders was die onverkwiklike gebeure 'n simptoom van die morele bankrotskap en rigtinglose wanhoop van 'n klein wit kliek wat die land al 41 jaar lank onverbiddelik oorheers en nou in die aangesig van verset en verwerping uit alle rigtings met die rug teen die muur staan.

Omtrent net Botha se gesin en noue vriendekring rou oor sy uittrede - en die opgewondenheid oor FW de Klerk as nuwe staatspresident is beperk tot ondersteuners van die lewensmoeë Nasionale Party en die uitasem-koerante van die Nasionale Pers.


Die gangreen in die party kan nie meer stopgesit word sonder omvattende chirurgie nie. Die party verloor steeds steun na links en regs en verteenwoordig reeds ver minder as die helfte van die wit kiesers. En wat met PW Botha en voor hom met John Vorster gebeur het, gaan heel waarskynlik ook met De Klerk gebeur. Die magstryde in die kabinet het reeds begin.

Boonop het die stemlose meerderheid in Suid-Afrika nou finaal kennis gegee dat die era van buig voor wit onderdrukking en van gegoël met grondwetlike foefies en mooi-klinkende begrippe op 'n einde gekom het. Die eis is nou onverbiddelik: ons wil nie die juk sagter gemaak hê nie, ons wil dit afwerp. Ons wil nie 'n hoofpynpil hê om beter te voel nie, ons wil die mag hê as volwaardige landsburgers.

Bittermin Suid-Afrikaners glo dat FW de Klerk die visie, leierskap of innerlike krag het om dié krisis te hanteer en die land na vrede en demokrasie te lei.

Die FW-era gaan 'n traumatiese een wees.

*Leef met die swaard, sterf met die swaard - 5.*



# Filmmaker se beweerde geknoei met SAUK op band vasgelê

Jacques Pauw

VRYE WEEKBLAD publiseer vandag die inhoud van 'n bandopname waarin beweer word dat 'n bekende filmmaker betalings aan 'n hoofamptenaar van die SAUK gemaak het. Die SAUK is reeds die afgelope twee jaar in besit van die opname, maar geen optrede is tot dusver geneem nie.

Die hoofamptenaar is dr Pieter Erasmus, hoof van opvoedkundige programme van die SAUK en die filmmaker is Jan Scholtz. Beide ontken dat daar enige ongerymdhede plaasgevind het.

Die direkteur-generaal van die SAUK, Wynand Harmse, het vandeesweek geweier om vrae oor die gewraakte opname te antwoord en gesê die korporasie skenk aandag aan die beweringe aangaande die departement opvoedkundige programme.

'n Storm het verlede week om die SAUK losgebars nadat Vrye Weekblad die inhoud van verslae van drie bestuurders gepubliseer het waarin aantygings oor wanbestuur, korrupsie en geldvermorsing gemaak word. Die drie bestuurders sê hulle is maande reeds die slagoffers van intimidasie en viktimisering.

Intussen blyk dit uit Harmse se verklaring dat die konflik in die departement ná 'n gesamentlike verklaring deur Erasmus en die drie bestuurders in der midde geskik is, onwaar is. (Sien berig op bladsy 2.)

Nog aantygings oor swak bestuur en die onwilligheid van die SAUK om daarteen op te tree, het vandeesweek na vore gekom. Vrye Weekblad verneem dat 'n buitevervaardiger die SAUK 'n ruk gelede verwittig het van borgskapgeld wat op 'n opvoedkundige produksie deur die uitvoerende vervaardiger vir ander doeleindes aangewend is.

Die korporasie het gereageer met 'n skrywe dat hulle nie daarmee belas wil word nie. Die saak is ook nie ondersoek nie.

Dieselfde uitvoerende vervaardiger het daarna drie borge genader met briewe van die SAUK wat na bewering vervals was. Die saak is aan die SAUK gerapporteer, maar ook glo-nie ondersoek nie.

Volgens Harmse het die bestuur van die SAUK die aantygings wat in die bandopname vervat word, reeds ondersoek en kon geen bewyse vind om dit te staaf nie. Geen stappe is dus gedoen nie.

In die opname word vertel van betalings wat aan Erasmus gemaak is en planne word gesmee om valse fakture uit te maak om die

*vervolg op bladsy 2*



ANC wil met FW praat - 2

UDF 'wettig' homself - 3

# ANC wil met FW praat

Elsabé Wessels

DIE ANC is bereid om FW de Klerk aanstaande week te ontmoet wanneer Suid-Afrika se waarnemende staatspresident die Zambiese staatshoof Kenneth Kaunda, besoek.

'n Informele ontmoeting tussen De Klerk en die ANC sou die grootste deurbraak in die dekades-lange konflik in Suid-Afrika kon wees. De Klerk het dit egter dié week op 'n verkiesingsvergadering duidelik gemaak dat geen sulke gesprekke moontlik is nie.

Die ANC het verlede week reeds 'n meer buigsame houding ingeneem met die voorlegging aan frontlinieleiers van 'n skikplan wat die Suid-Afrikaanse regering en die ANC binne twee jaar na onderhandeling kan lei. Op navraag het die ANC gesê hulle is bereid om De Klerk te ontmoet indien hy dit sou versoek.

Die ANC soek tans internasionale steun vir sy volledige skikplan wat verlede week op 'n beraad van frontlinie-state bekend gemaak is. Volgens die plan moet daar so gou moontlik oorgegaan word tot onderhandelinge om 'n verteenwoordigende grondwetgewende vergadering te skep om 'n nuwe grondwet te skryf, sê bronne. Die volledige plan is egter nog nie vrygestel nie.

De Klerk het hom die week ten gunste van onderhandeling uitgespreek, maar geen nuwe riglyne vir onderhandelinge neergelê nie. Hy het beklemtoon dat hy nie met die ANC sal praat voordat dié verbode organisasie geweld afsweer nie.

Uit alle oorde, insluitende Amerika, Brittanje, Wes-Europa, die Sowjet-Unie en Afrika-lande word ongekende druk op sowel die Nasionale Party-regering en die ANC geplaas om die konflik te besleg en die eerste treë op pad na vrede in Suid-Afrika en Suider-Afrika te gee.

Dit blyk egter duidelik dat die ANC se aankondiging die week dat hy sy gewapende stryd gaan verskerp, deur die internasionale gemeenskap afgekeur word.

Selfs die frontlinie-state en leidende Afrika-lande plaas nou druk op die ANC om sy program van geweld af te sweer. Duisende ANC-soldate in die frontlinie-state word binnekort na Tanzanië verplaas. Hoewel die ANC dit ontken, sê waarnemers die stap is onder druk van Kaunda geneem. "Afrika-leiers probeer om die twee kante met mekaar te laat praat," het Kaunda dié week beklemtoon in 'n vraag oor die ANC se voorgestelde verskerping van geweld. Kaunda het onderneem om die bevindings van sy gesprek met De Klerk aan die ANC en die OAE te rapporteer.

Hoewel Kaunda in gesprek met Assocom-leiers dié week sterker ekonomiese en handelsbande met Suid-Afrika en 'n breë handelsblok in Suider-Afrika bepleit het, het hy herhaal dat voortgesette ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika nodig is om die regering te dwing om apartheid te skrap.

Die hoof van Assocom, Sidney Matus, het gesê dat Assocom, as die grootste ekonomiese liggaam in Suid-Afrika, druk op die regering kan plaas om 'n meer buigsame onderhandelingsposisie in te neem.

Waarnemers sê die ANC is gretig om die onderhandelingsproses aan die gang te kry. Gerugte doen egter tyd reeds die rondte dat onderlinge struwelinge tot geweld onder ANC-kaders in Zambië lei. Bomontploffings by ANC-kwartiere het die laaste tyd verskeie lewens geëis. Daar is ook groot ongelukkigheid onder die duisende kaders wat binnekort na Tanzanië verskuif word.

* Sterk gerugte dat die president van die ANC, Oliver Tambo, 'n beroerte gehad het, word deur die ANC ontken. Volgens 'n ANC-woordvoerder word Tambo vir "ekstreme uitputting" in Londen behandel. Hy het verlede week inmekaargesak en is onmiddellik na Londen gevlieg, waar sy vrou en kinders woon.

Die ANC sal nie 'n waarnemende president aanwys nie, het 'n woordvoerder in Lusaka gesê. Die sekretarisgeneraal van die ANC, Alfred Nzo, neem volgens die grondwet van die ANC onmiddellik oor.

Daar heers egter ernstige kommer oor Tambo se gesondheid en daar word nie verwag dat hy vinnig na sy pos sal terugkeer nie.

# Die nuwe FW-bewind slaan toe

Charles Leonard

EEN van die eerste aksies wat die nuwe FW de Klerk-regering geloods het, was om dié week meedoënloos op opposisiegroepe toe te slaan.

In die nuwe veldtog word talle leiersfigure van die breë demokratiese beweging aangehou, daar is op Cosatu se hoofkantoor toegeslaan en klopjagte is op die huise van aktiviste gedoen.

In verwante verwikkelinge is die bekende Natalse aktivis Eric Gumede voor sy huis doodgeskiet en is daar weer by die East Cape News Agencies se kantore in Port Elizabeth ingebreek.

Dinsdag is daar 'n klopjag deur die veiligheidspolisie op Cosatu se hoofkantoor in Johannesburg gedoen. Hulle het beweer dat hulle een van die resolusies wat op die onlangse Cosatu-kongres aanvaar is, ondersoek. 'n Woordvoerder van Cosatu het dit as "bisar" beskryf omdat die betrokke resolusie oor onderhandeling gaan.

Landswyd is talle aktiviste in hegtenis geneem in gevolge die noodmaatreëls.

Woensdagaand het die staat op vier vooraanstaande lede van die breë demokratiese beweging in Wes-Kaapland toegeslaan. Hulle is die president van Fedsaw, Dorothy Zihlangu, Willie Hofmeyr, Hilda Ndude en Mountain Qumbela. Die polisie het ook besoek afgelê by die huis van die vise-president van die UDF, Christmas Tinto. Twintig studente is ook aangehou.

In Stellenbosch is die hoofmeisie van die Luckhoff-hoërskool op Cloetesville buite Stellenbosch, Hannelien Simmers, ook aangehou na 'n week van onrus by die skool.

In Noord-Transvaal was die staat ook baie aktief en nog mense is aangehou. By Turfloop is die studenteraadpresident, Ernest Khosa, en twee dosente van dié universiteit, Louis Nguni en Seth Nthai - wat ook Regslui vir Menseregte se Noord-Transvaalse streekdirekteur is - Woensdag aangehou.

Dinsdagaand is 'n vooraanstaande politieke aktivis in Durban, Eric Gumede, in die straat voor sy huis in die KwaMashu-township doodgeskiet. Hy is onlangs vrygelaat nadat hy sonder verhoor aangehou is.

Dinsdagaand was daar 'n klopjag op die huis van Donsie Khumalo, sekretaris van Cosatu in Noord-Transvaal, en die volgende dag is hul kantore in Pretoria deur die veiligheidsmagte besoek.

Vrye Weekblad het in besit gekom van 'n pamflet van die "South Eastern Transvaal Students Action Committee" met die name van twaalf vooraanstaande studenteleiers daarop. Hulle word duidelik gewaarsku wat die gevolge van hul politieke aktiwiteite gaan wees.

Uit Venda is daar ook berigte van aanhoudings en intimidasie deur die veiligheidsmagte van die tuisland. 'n Poging deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke om dié tuisland se kommissaris van polisie te ontmoet, het platgeval omdat die kommissaris "nie tyd het nie". Meer as 200 mense word daar aangehou.

Leon Mellet, perssekretaris van die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het gewaarsku dat nog inhegtenisnames verwag kan word en hulle nie sal huiwer om op te tree teen mense wat hul inperkings verontagsaam nie.

Thumida Maistry berig uit Oos-Londen dat die East Cape News Agencies weer deurgeloop het onder 'n inbraak toe die kantore van Port Elizabeth News se kantore feitlik gestroop is van alle toerusting en dokumente.

Dit volg op soortgelyke inbrake en klopjagte op ander onafhanklike nuusagentskappe in dié streek.

*Vervolg van bladsy 1*

# Toring-gekonkel

geld te verdoesel. (Sien bladsy 7.)

Ernstige vrae ontstaan nou rondom die ondersoek wat die SAUK teen Erasmus en die beweerde ongerymdhede gedoen het. Die verslae van die drie amptenare oor Erasmus, die konflik en beweerde wanbestuur is reeds in Mei vanjaar opgestel en kort daarna aan 'n personeelkonsultant oorhandig.

In 'n verslag van dr Manie Connoway, een van die bestuurders wat bedank het en tans weens angs en depressie onder psigiatriese behandeling is, word die vreemde verhouding tussen Scholtz en Erasmus weer eens onder die SAUK se aandag gebring.

Scholtz ontken dat hy ooit enige ongematigde betalings aan Erasmus gemaak het of geskenke aan hom oorhandig het. Erasmus het ook ontken dat hy ooit enige geld van Scholtz ontvang het.

Dit blyk nou dat Scholtz binnekort 'n reeks opvoedkundige programme teen 'n koste van R3,12 miljoen vir die SAUK gaan vervaardig. Die voorsitter van die raad van die SAUK, prof Christo Viljoen, is onlangs in 'n brief van die adjunk direkteur-generaal, Theuns van Heerden, gevra om dié projek goed te keur.

Viljoen word gevra om die projek, "Towards 2000", wat beskryf word as 'n "absolute prestige projek", buite opvoedkundige programme se normale begroting goed te keur.

Erasmus het vandeesweek gesê dat hy in die nabye toekoms 'n lasteraksie teen Vrye Weekblad gaan instel. Hy het reeds verlede week 'n interdik verloor toe hy publikasie van die artikels wou verhoed.

Harmse versoek Vrye Weekblad vandeesweek om enige vertroulike dokumente wat hy mag hê, aan die SAUK vir "kruiskontrolering" te oorhandig. Hy sê dit kan bydra tot die spoedige afhandeling van interne ondersoeke.

# 'Oorlog' in SAUK woed voort

Jacques Pauw

DIS onwaar dat die konflik in die departement opvoedkundige programme van die SAUK ná 'n gesamentlike verklaring van sy hoof en drie bestuurders op 12 Julie verlede maand in der midde geskik is soos die direkteur-generaal van die SAUK, Wynand Harmse, verlede week in 'n verklaring te kenne wou gee.

Twee weke ná die gesamentlike vredespoging het een van die bestuurders wat die verklaring onderteken het, 'n beëdigde verklaring voor die regsadviseur van die SAUK gedoen waarin sy bevestig dat personeelverhoudinge steeds versleg en die oorlog-in-de-midde voortwoed.

Harmse het in reaksie op Vrye Weekblad se artikels oor die departement van opvoedkundige programme en sy hoof, dr Pieter Erasmus, gesê dat daar wel konflik bestaan het, maar dat dit reeds deur die bestuur ondersoek is.

Die konflik is in 'n gesamentlike verklaring van dr Erasmus en sy drie bestuurders, Marinus Wijnbeek, Nancy Sutherland, en dr Manie Connoway vreedsaam geskik, het Harmse gesê.

Die hoof en bestuurders se verklaring lui soos volg: "Ons verklaar hiermee dat verskille, griewe en spannings wat daar tussen ondergetekendes mag bestaan het, uit die weg geruim is en dat sulke verskille, griewe en spannings wat nog bestaan en in die toekoms mag ontstaan, deur onderlinge kommunikasie uit die weg geruim of opgelos sal word."

Dr Connoway het geweier om die verklaring te onderteken en Wijnbeek is kort ná die ondertekening daarvan uit opvoedkundige programme weg.

Sutherland, die enigste van die drie bestuurders wat nog in die afdeling werk, sê op 27 Julie in 'n beëdigde verklaring dat sy op dieselfde dag na Erasmus se kantoor geroep is waar hy aan haar gesê het dat hy nie langer gaan toelaat dat sy personeelverhoudinge versteur nie en dat hy haar die laaste keer waarsku.

Erasmus sou aan haar gesê het sy en Wijnbeek gedurig bymekaar agter toe deure sit en dat sy nie genoeg werk het nie. Hy sê sy is aggressief en hy gaan nie meer met haar kommunikeer nie. Sy klap sy hand van vriendskap weg.

Sutherland sê dat Erasmus die volgende beskuldiging sou gemaak het: "Hy weet van al die dokumente wat by die direkteur-generaal is en hy weet van veel meer. Hy weet dat mnr Wijnbeek 'n personeelopstoker is, hy het bewyse daarvan. Hy het die SAUK gewaarsku.

"Hy het ook al die verslae wat van sekere persone in die Parlement ter tafel gelê is, verslae van korrupsie en vele meer. Mnr Dekker het hom gesoebat om mnr Wijnbeek in diens te neem. Dr Erasmus waarsku my dat sou ek durf om dit aan iemand te herhaal, is daar moeilikheid."

Vrye Weekblad het Harmse vandeesweek daarop gewys dat sy verklaring van verlede week onwaar is. Harmse het vandeesweek soos volg reageer: "Ons wil beklemtoon dat die SAUK bewus is van die jongste verwikkelinge waarna u verwys, maar ons kan uiteraard nie die interne sake van die SAUK op weeklikse basis in die openbare pers bespreek nie.

"Hierbenewens sal sodanige bespreking nóg bevorderlik wees vir die afhandeling van ons ondersoeke nóg billik teenoor die personeel wat betrokke is.

"Ons glo dat u begrip daarvoor sal hê en dat ek nie u vrae in hierdie stadium beantwoord nie."

# NP weier dat TIC saal gebruik

DIE NP-beheerde stadsraad van Vereeniging, FW de Klerk se vorige setel, het geweier om die burgersentrum in die Indiërwoonbuurt vir die Transvaal Indian Congress beskikbaar te stel.

Die TIC sou die burgersentrum in Roshnee gebruik vir 'n vergadering om hulle teen die verkiesing in die Huis van Afgevaardigdes uit te spreek. Die voorsitter van die Indiër-bestuursraad van Roshnee, Norman Tayob, het geen besware teen die vergadering gehad nie, maar die NP-stadsraad het geweier dat die TIC die saal gebruik.

"Die NP het geen reg om die KP kwalik te neem vir rassisme in Boksburg, terwyl die NP self daaraan skuldig is in Vereeniging nie," het 'n TIC-woordvoerder gesê. "Die NP-stadsraad se besluit maak regstreeks inbreuk op ons reg om 'n vreedsame veldtog teen die verkiesing te voer, net soos die NP 'n reg het om 'n veldtog te voer om mense te oorreed om te stem." - Sapa.

WOODMEAD SCHOOL

HUMANITAS

**The next Friends of Woodmead School Concert**
is due to take place in the
**Woodmead School Community Centre**
**on Sunday 27 August at 3pm.**
By courtesy of Sophie Moshvech of Wits, we present:
**An Afternoon of Piano Solos**
with
**Petronella Malan, SA's child prodigy, Stef-Albert Bothma, winner of the 1988 Samro bursary, and Charl de Wet, winner of the 4th prize at the Monte-Verdi competition, he has since studied in New York.**
Ticket prices: Adults R10; Scholars and students R5

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

## UDF 'wettig' homself; versetkongres kom

# Golf van verset rol aan

**Elsabé Wessels en Anton Steenkamp**

DIE verset teen wit minderheidsregering en apartheid is besig om ongekende momentum te bereik. Dit kan die nuwe regering van FW de Klerk in 'n ernstige krisis dompel as dit nie reg hanteer word nie.

Die United Democratic Front en talle ander gemuilbande versetorganisasies gaan die staat van Sondag af nóg openliker uitdaag deur hulself as wettig te beskou.

Die veldtog, wat nou baie meer suksesvol begin word as die Defiance Campaign van 1952, sluit in landwye verwerping van die bepalings van die noodtoestand en die ignorering van persoonlike inperkmaatreëls en apartheidswetgewing.

Bruin en swart Suid-Afrikaners gaan môre (Saterdag), op die vooraand van die UDF se sesde verjaardag, hul piekniekmandjies pak en by die Strand, wat deur die Nasionale Party beheer word en slegs vir blankes oop is, swem.

Massavergaderings sal Sondag in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Grahamstad onder die vaandel van die UDF, wat onder die noodtoestand beperk is, gehou word.

Die versetaksies wat na wit skole en strande uitgebrei gaan word, is 'n voorspel tot 'n reuse anti-apartheidskonferensie op 7 Oktober in Johannesburg.

Die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms sal die hoogtepunt wees van maande se beplanning deur leiersfigure en organisasies landwyd en die eerste stap om alle interne anti-apartheidsmagte in 'n verenigde front saam te snoer.

Optimisme dat die langverwagte vrylating van Nelson Mandela, Walter Sisulu en ander politieke leiers met so 'n konferensie kan saamval, het dié week in die binnekringe van die breë demokratiese beweging geheers. Veral Sisulu se vrylating word binnekort verwag.

'n Verbod op die konferensie sal as 'n regstreekse aanval van die staat teen buite-parlementêre politieke groepe beskou word, sê swart leiers.

Op die konferensie is gewaarsku dat die internasionale gemeenskap versoek is om die regering se optrede in die volgende weke te monitor. 'n Soortgelyke konferensie in Kaapstad is verlede jaar verbied.

Deelnemers aan die konferensie sal gekeur word op grond van hul posisie ten opsigte van sewe basiese eise wat as die "verenigende perspektief" voorgelê is: een persoon een stem in 'n verenigde land; die opheffing van die noodtoestand, die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke gevangenes, vryheid aan alle politieke organisasies, vryheid van assosiasie en spraak; persvryheid en 'n leefbare loon vir almal. Dit is ook die ANC se verklaarde voorvereiste vir onderhandeling.

Op die Rhodes-universiteit in Grahamstad sal Sansco, 'n UDF-affiliaat, 'n massa-byeenkoms hou as deel van die versetveldtog op die kampusse van Rhodes, Fort Hare en Vista-universiteite en die Lennox Sebe-kollege, berig ANA.

Organisasies wat by die UDF geaffilieer is, sal ook môre by 'n winkelsentrum in Rosebank, Johannesburg, UDF-pamflette uitdeel om die versetveldtog tot binne-in die wit woonbuurte te neem.

'n Veldtog om skole vir leerlinge van alle rasse oop te stel, is gisteraand in Johannesburg begin onder die vaandel van "All Schools for All People" (ASAP).



**Aartsbiskop Desmond Tutu, Mohammed Valli Moosa en Mbulelo Rakwena kondig die konferensie teen apartheid aan** ***(Foto: Cedric Nunn - Afrapix)***

# Uittree! sê hof vir ECC-drie

**Jacques Pauw**

DIT was onmoontlik vir 'n militêre krygsraad om objektief op te tree in 'n saak waar drie diensplgtiges tereggestaan het op aanklagte dat hulle inligting aan die End Conscription Campaign (ECC) wou oorhandig. Die weermag was in daardie stadium self by 'n veldtog teen die ECC betrokke.

Só het 'n volle regsbank van die Kaapse Hooggeregshof vandeesweek beslis toe hy die krygsraadverrigtinge waarin drie gewese diensplgtiges gevonnis is tot militêre detensie omdat hulle saamgesweer het om sensitiewe inligting aan die ECC te gee, ter syde gestel het.

Regter JH Conradie, bygestaan deur regters G Friedman en CT Howie, beslis in hulle uitspraak dat dit nie noodwendig so is dat 'n krygsraad nie in sulke gevalle objektief kan optree nie, maar dat hier spesiale omstandighede is.

Die senior offisier van die weermag wat die verhoor gelei het, kol Manie Dempers, en ander lede van die krygsraad was in 'n "onhoudbare situasie" omdat hulle moes uitspraak lewer in 'n saak waarby die weermag regstreekse belang gehad het - die ECC wat sou probeer het om diensplig te ondermyn.

Die weermag het aangevoer dat hul veldtog teen die ECC geregverdig was omdat die land in 'n staat van oorlog was. Dit sou impliseer dat die siviele howe hul jurisdiksie oor militêre howe sou verloor.

"Hierdie aanname kon sekerlik nie in die hof gemaak gewees het sonder die goedkeuring van ten minste die hoof van die weermag en moontlik die minister van Verdediging nie. Indien dit korrek was, kon dit 'n dramatiese en selfs verwoestende effek op die reg in Suid-Afrika gehad het," het regter Conradie gesê.

Peter Plüddeman, Heinrich Mönnig en Desmond Thompson is verlede jaar skuldig bevind aan oortredings van die Wet op Oproerige Byeenkomste en die Wet op die Beveiliging van Inligting.

Hulle is aanvanklik tot agtien maande detensie gevonnis, maar op hersiening is hulle vonisse tot onderskeidelik agt en ses maande verminder. Hulle het hierna aansoek gedoen dat hulle vonnisse nie in werking gestel word voordat dit nie deur die Hooggeregshof hersien is nie.

Die drie beskuldigdes was in die Kasteel in Kaapstad gestasioneer waar hulle tydens teetyd met kpl Jannie Swart oor politiek en teologie gesels het. Swart is later gebruik om hulle vas te trek toe hy dokumente in 'n parkade aan hulle oorhandig het. Mönnig het tydens die krygsraadsaak aangevoer dat hy ook 'n spioen was en dus nie aan die sameswering deelgeneem het nie. Sy aanspraak is verwerp.

Die regter het bevind dat die beskuldigdes in 'n siviele hof aangekla kon word weens die beweerde oortredings. Hy het gelas dat die weermag alle regskostes moet betaal.

* Advokate Jeremy Gauntlett, SC, en Richard Godman het namens Mönnig opgetree en adv John van der Berg namens Plüddemann en Thompson. Advokate Willem Burger, SC, en Willem Louw het namens die Weermag opgetree.

* Weens die beperkende maatreëls op die ECC kon hulle kommentaar nie gepubliseer word nie. Die ECC is op 22 Augustus verlede jaar ingevolge die noodmaatreëls beperk, waardeur enige optredes deur dié organisasie verbied is.

## Mail-redakteur in hof

DIE mede-redakteur van die Weekly Mail, Anton Harber, het Woensdag in die Johannesburgse Landdroshof verskyn op 'n aanklag dat hy die media-noodregulasies oortree het.

Net voor sy verskyning is 'n verdere klag onder die Wet op Binnelandse Veiligheid teen hom gebring, op grond daarvan dat die Weekly Mail die veteraan-ANC-leier Harry Gwala, wat gelys is, sonder verlof aangehaal het.

Harber en 'n verslaggewer, Thami Mkhwanazi, moet op 30 Augustus op dié aanklag in die hof verskyn.

# *Pretoria-gesprek oor Angola*

**Max du Preez**

JONAS SAVIMBI, leier van die Angolese rebellebeweging Unita, en 'n senior minister in die regering van president Mobutu Sese Seko van Zaire het verlede week 'n dag lank onder die wakende oog van die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, in die regering se gastehuis in Pretoria met hulle verskille geswoeg.

Die onderhandelinge tussen die twee leiers en hul afvaardigings was só suksesvol dat die Unita-afvaardiging dié naweek na Zaire vertrek het vir 'n hervatting van die sameprekinge oor 'n skietstaking in Angola, het 'n senior woordvoerder van die Departement van Buitelandse Sake gister aan Vrye Weekblad gesê.

Die samesprekinge was op die rand van mislukking oor verskillende vertolkings van die Gbadolite-ooreenkoms oor vrede in Angola. Savimbi het skerp ontken dat hy bereid is om in ballingskap te gaan of nie aan die onderhandelinge deel te neem nie. Lasweek het hy en Mobutu, die hoof-bemiddelaar oor die Angolese konflik, in die woorde van die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, in 'n "rusie" betrokke geraak.

Die Zaire-afvaardiging het volgens Botha vyfuur die oggend in Pretoria aangekom. Botha het eers met dié afvaardiging, toe met die Unita-afvaardiging en daarna met die twee saam beraadslaag.

"Dit het goed afgeloop," het die woordvoerder van Buitelandse Sake gesê. "Ons het goeie hoop dat die staakvuur-samesprekinge nou weer kan voortgaan."

Die ontmoeting in die gastehuis was veronderstel om geheim te bly, maar dit het uitgelek.




Met 'n keuse tussen vooraanstaande handelsname soos: Snowflake meelblom, Iwisa en Impala mielieprodukte, Epic olie, Blossom margarien, Kraft margarien en slaaisouse, Epol troeteldierkos en veevoer, Peck's Anchovette en Redro Vissmeer, Mama's pasteie, Nice 'n Easy geriefskos en Blue Ribbon brood, sal u winkelmandjie beslis propvol prima-gehalte Premier-produkte gelaai wees.

Nogtans is dit vir ons hier by Premier nie genoeg om bloot die hoogste standaarde te handhaaf nie. Deur middel van verskeie vindingryke programme, streef ons voortdurend daarna om hierdie standaarde te verhoog, sodat ons u selfs beter waarde kan bied.

En selfs dít is nie vir ons voldoende nie. Ons verbintenis tot die verhoging van standaarde strek verder as ons produkte. By Premier is ons toegewy aan die verbetering van die lewensgehalte van ons personeel en die gemeenskap as 'n geheel.

Want slegs een ding is vir ons so belangrik soos voedselgehalte – en dit is lewensgehalte.

Premier Food Industries

HUNT LASCARIS TBWA

# Ses jaar van die UDF: 'n verhaal van teëspoed en sukses

**SES jaar gelede, op 20 Augustus 1983, is die United Democratic Front met sy honderde affiliate op Mitchells Plain as 'n verenigde front teen apartheid geloods. ELSABé WESSELS kyk na die wel en weë van dié beweging**

BINNE twee jaar na sy geboorte was die UDF, 'n sambreel-liggaam van sowat 700 lede-organisasies landwyd, die grootste nie-rassige politieke liggaam in die land wat met sy ontstaan 'n onherroepelike transformasieproses in die Suid-Afrikaanse politiek aan die rol gesit het.

Verlede jaar dié tyd was daar nie sprake van 'n vyfde verjaardagviering nie. Dit was 'n dag van stilte.

Vergete was die versetfront se Praagse lente van laat '85 en vroeg '86. Teen Junie 1986 is 'n noodtoestand afgekondig wat gepaard gegaan het met landwye aanhoudings sonder verhoor, 'n algehele verbod op honderde UDF-affiliate en townships wat deur die weermag beset is.

Polities was die UDF verlam. Honderde leiers en duisende aktiviste was in aanhouding en spesiale noodmaatreëls het die UDF se politieke werk aan bande gelê. Die pers is verbied om die "beeld van die UDF te bevorder" in 'n poging om die front uit die openbare oog te laat verdwyn.

Die UDF het die ystergreep van die noodtoestand tot op die been gevoel, sê Mark Phillips en Khehla Shubane van die Sentrum vir Beleidstudies.

Hulle wys egter daarop dat die bordjies in die afgelope agt maande verhang is. Honderde leiers is weer op vrye voet (al is die meeste onderhewig aan streng inperkmaatreëls) en gemeenskapsgroepe is besig met herstrukturering. En die UDF speel 'n belangrike rol in die breë demokratiese beweging.

Binne hierdie veranderde klimaat vier die UDF môre sy sesde verjaardag: met massa-byeenkomste in Kaapstad en Johannesburg.

Om die trefkrag van die UDF te verstaan, moet 'n mens egter terugkyk oor die tydperk ná die politieke opstande van 1976.

Een van die nadraaie van die 1976-opstande was die kragtige ontwikkeling van 'n nuwe politieke kultuur, gegrond op nie-rassigheid, die Vryheidsmanifes, volksaksie, niesamewerking en werkersbeheer. Die Charter-beweging van die sestigerjare het nuwe uiting gevind.

"Buite-parlementêre politiek het die politieke terrein openlik betree," sê Shubane.

Binne nege maande ná wit kiesers in 'n referendum in November 1983 ten gunste van 'n nuwe grondwetlike bedeling gestem het, is die UDF op 'n nasionale kongres begin. Duisende het dié stigtingskonferensie bygewoon.

"Met sy geboorte het die UDF 'n reaktiewe fase betree. Die eerste jaar is gewy aan protes teen die nuutgestigte driekamer-parlement, die berugte Koornhof-wetsontwerpe (wat strenger instromingsbeheer voorgestel het) en die invoering van onafhanklike swart plaaslike regerings," sê Shubane.

"Ná die verkiesing het 'n fundamentele verskuiwing in die UDF se aanslag gevolg. Optrede was nie meer reaktief nie, maar pro-aktief," sê Shubane.

Aangevuur deur diep-gewortelde griewe teen swak toestande in die townships en onbetroubare raadslede is honderde townships in politieke kookpotte omskep. Teen September 1984 was huur- en skoolboikotte en verset teen raadslede in volle swang. Regoor die land het opstand vlamgevat.

Selfs die afkondiging van 'n noodtoestand in sekere "warm" landdrosdistrikte kon die mobilisering en verset nie keer nie.

Die Veiligheidsmagte het vrye teuels gekry om die swart rebellie te onderdruk. Tog het politieke aktiwiteit nog gefloreer deur die bestaande netwerk van gemeenskapstrukture.

In 1985 het die staat ook die eerste keer probeer om die UDF aan die verbode ANC te koppel toe 16 UDF-persoonlikhede weens hoogverraad aangekla is. Teen die einde van dié jaar is hulle almal vrygespreek.

Die tweede hoogverraadsaak in Junie 1985 het aanleiding gegee tot die beroemde Delmas-verhoor, waarin drie nasionale bestuurslede, Popo Molefe, Patrick "Terror" Lekota en Moss Chikane in November verlede jaar elkeen tot tronkstraf van langer as tien jaar gevonnis is.

In sy uitspraak het regter Van Dijkhorst bevind dat hulle deel gehad het aan 'n UDF-strategie om Suid-Afrika onregeerbaar te maak deur geweldadige massa-aksie teen owerheidstrukture.

In die maande voor die afkondiging van die voorgesette noodtoestand op 12 Junie 1986 het die UDF sy hoogtepunt bereik. In samewerking met Cosatu - wat in Desember 1985 gestig is - en die National Education Crisis Committee, wat kinders terug in die skole wou kry, is miljoene regoor die land gemobiliseer. Phillips beskryf dié tydperk as 'n soort Praagse Lente. "Almal het geglo bevryding lê om die draai. 'n Gevoel van "peoples power" het leiers en aktiviste aangegryp. Daar was 'n duidelike gevoel dat die UDF nie net die regering die stryd kon aansê nie, maar aanspraak kon maak as 'n werklike alternatiewe regering," sê Phillips.

Maar op 12 Junie 1986, in afwagting van 'n landwye huldiging van 16 Junie, het die regering met die aankondiging van die voortgesette noodtoestand met 'n ystergreep toegeslaan. Leiersfigure en duisende aktiviste is aangehou. Binne 'n jaar is sowat 20 000 mense sonder verhoor in aanhouding geneem. In die townships het die Weermag beheer oorgeneem.

"Hierdie aksie het die regering se sogenaamde hervormingsbeleid oornag skade aangedoen," sê Phillips.

In talle gevalle is infra-strukture heeltemal verwoes, soos in Mamelodi en Alexandra waar 'n hele leierskapslinie in aanhouding geneem is. In groter woongebiede soos Soweto het strukture suksesvol ondergronds beweeg.

Verskerpte staatsoptrede het egter in Februarie 1988 gekom met die algehele verbod op die politieke aktiwiteite van die UDF se nasionale liggaam en 17 organisasies, wat meestal UDF-affiliate is.

Teen Junie het PW Botha verder toegeslaan met die afkondiging van die media-regulasies wat die "bevordering van die beeld van die UDF" verbied het. Geen UDF-leier of woordvoerder kon meer aangehaal word nie. Ter wille van die munisipale verkiesing in Oktober was onderdrukking op sy felste. Maar die powere stemsyfers buite blanke gebiede was 'n duidelike teken dat die regering gefaal het, sê Shubane.

Die munisipale verkiesing het egter 'n onverwagse keerpunt gehad met die ontsnapping van drie UDF-leiers na die Amerikaanse konsulaat in Johannesburg. Die omstandighede van die land se honderde aangehoudenes is oornag onder die internasionale vergrootglas geplaas.

Die dramatiese vrylating van honderde aangehoudenes in Februarie vanjaar ná eetstakings landwyd in protes teen voortgesette aanhouding sonder verhoor, word deur Phillips beskryf "as die finale deurbraak op die UDF se pad na herstel." Talle was langer as twee jaar in aanhouding.


Die vrylating was die gevolg van uiterste druk op die regering deur buitelandse regerings en individue en 'n breë front van binnelandse organisasies.

Vrygelate leiers en aktiviste het hulle egter in 'n nuwe politieke atmosfeer bevind. Hoewel nasionale strukture in skerwe was, het talle gemeenskapstrukture staande gebly met sterk eie programme. Die UDF en Cosatu het nader aan mekaar beweeg en die mobilisering van 'n breë demokratiese beweging was aan't roer.

'n Groter aanvaarding van die UDF as 'n politieke mag onder wit Suid-Afrikaners verleen deesdae ook groter status aan die front.

Phillips beskryf bestaande UDF-strukture as meer gesofistikeerd en oorgehaal om apartheid met wortel en tak uit te roei. Sterker egter is die herlewing van 'n gevoel dat die UDF deel is van 'n bevrydingsfront wat 'n aanvaarbare politieke alternatief aan die land kan bied, gegrond op nie-rassigheid en een Suid-Afrika.

(Berig deur Elsabé Wessels van Breëstraat 153, Johannesburg.)



**Studente word weggelei nadat die polisie toegeslaan het op die Hoërskool Glendale**

# Kaapse onluste herinner aan 1985

**Dennis Morris**

IN voorvalle wat herinner aan die 1985-onluste het talle skoolkinders dié week, in veral die "Kleurling"-woonbuurt Mitchell's Plain, met die polisie gebots.

Dinsdag is 17 leerlinge in Mitchell's Plain in hegtenis geneem. Nege van hulle is weens openbare geweld aangekla. Woensdag is 'n verdere nege leerlinge in hegtenis geneem en van openbare geweld aangekla.

Die polisie se onrusverslag vir Dinsdag lui soos volg: "Weer eens was die Kaapse Skiereiland rustig met die uitsondering van Mitchell's Plain. Verskeie voorvalle van klipgooiery en padversperrings is in Mithell's Plain gerapporteer. Op verskeie geleenthede moes die polisie van traanrook en/of rubberkoeëls gebruik maak om mense uiteen te jaag.

"By een padversperring is drie Kleurlingjeugdiges in hegtenis geneem en na 'n klipgooi-voorval is een man en elf jeugdiges in hegtenis geneem.

"By Bonteheuwel (in Kaapstad) is 'n vragmotor beskadig toe 'n klomp Kleurlingjeugdiges dit met klippe bestook het."

Volgens Taswald Papier, 'n prokureur, is ten minste 20 jeugdiges in Mitchell's Plain aangekla weens openbare geweld. Nege jeugdiges het laat Dinsdagaand voor 'n spesiale hofsitting verskyn en nog twee sal eersdaags in die hof verskyn.

Ten minste 15 leerlinge, waaronder 'n leerling van Hoërskool Excelsior, Eugene Paramoer, wat twee opehartoperasies gehad het en daaglikse medikasie ontvang, is volgens die noodmaatreëls in aanhouding geneem, het advokate gesê.

Die hoof, vise-hoof en die voorsitter van die studenteraad van Hoërskool Simon Hebe in Mbekweni naby die Paarl is ook in hegtenis geneem.

Hulle is Timothy Mdzuza, Julius Allah en Tamsanga Jacobs.

Leerlinge by Hoërskool Mondale het Woensdag gesê hulle vermoed daar was informante en agente tussen hulle wat begin klipgooi het terwyl 'n groepie besig was om te toyi-toyi.

Intussen het skoolhoofde in Mitchell's Plain die polisie daarvan beskuldig dat hulle nie hul woord gestand gedoen het om aan die skoolhoofde twee weke te gee om die toestande in hul skole te normaliseer nie.

'n Polisie-woordvoerder het gesê "die leerlinge het begin klipgooi, en ons was gedwing om op te tree."

Die Western Cape Education Front het 'n beroep op die pers gedoen om "hulle van die verdraaiings te bevry en om die waarheid te vertel".

In 'n verklaring het die Education Front 'n beroep op die polisie gedoen om die aangehoudenes vry te laat en uit die skole pad te gee sodat leerlinge en onderwysers kan ontmoet en onderhandel.

* Die Education Front beplan 'n oersaamtrek op 23 Augustus om mense in te lig oor toestande by skole. 'n Opvoedingsberaad word op 26 Augustus by die Universiteit van Wes-Kaapland gehou. Die UWK-beraad sal besluite neem oor "optrede gedurende die week van 1 tot 6 September, die probleme en eise van mense in die opvoedkundige sektor en sien uit na die samestelling van 'n nie-rassige demokratiese opvoedkundige stelsel in 'n verenigde Suid-Afrika."

KOöPERATIEWE ONTWIKKELINGS KOöRDINEERDER

**Die Montagu en Ashton Gemeenskapsdiens (MAG)**
het 'n vakature vir
'n persoon wat bereid is om ondernemingsvaardighede met andere te deel.

Aansoekbriewe, insluitende 'n volledige Curriculum Vitae en ten minste twee onlangse getuigskrifte moet gerig word aan: Die Algemene Sekretaris, MAG, Posbus 365, Montagu 6720 - faks (0234) 42570.

Verdere inligting kan verkry word van ons Sekretaris: Personeel en Administrasie: Tim Banda - tel (0234) 41175 of 41732 tussen 09h00 en 13h00.


*Pligte sluit onder meer in om:*
* *behulpsaam te wees met drie bestaande meubelvervaardiging-koöperatiewe en die ontwikkeling van nuwe inisiatiewe*
* *te voorsien in die ontwikkeling van vaardighede en dienste om die lewensvatbaarheid van koöperatiewe te verhoog*
* *om 'n belangrike inset te lewer in 'n span dinamiese gemeenskapswerkers wat aandag skenk aan plaaslike gemeenskapsbehoeftes*

**Applikante behoort:**
* in Engels en Afrikaans te kan kommunikeer
* ervaring te hê in kleinsake-bestuur
* kennis te hê van koöperatiewe beginsels
* te kan werk as tussenganger
* in besit te wees van 'n toepaslike graad of diploma
* diens so gou as moontlik te kan aanvaar

**Sluitingsdatum: 15 September 1989**

# Leef by die swaard, sterf by die swaard

**Die dramatiese wyse waarop PW Botha hierdie week bedank het en in vyandigheid met sy ministers uit die openbare lewe gaan verdwyn, vestig opnuut die aandag op die harde en ongenaakbare behandeling wat al Suid-Afrika se regeringshoofde wat nie in die tuig gesterf het nie, te beurt geval het. SAMPIE TERREBLANCHE kyk terug**



PW BOTHA was die agtste Eerste Minister en die eerste wat ook uitvoerende Staatspresident geword het. Drie van die agt het in die tuig gesterf.

Genl Louis Botha is op 27 Augustus 1919 skielik aan 'n hartaanval oorlede pas 'n maand nadat hy en genl Smuts van Europa teruggekeer het waar hulle (nogal teësinnig) die Verdrag van Versailles onderteken het. Sy laaste vyf jaar was baie ongelukkige jare. Hy het hom die spanning wat sedert 1914 tussen hom en ander Boeregeneraals ontstaan het, so erg aangetrek dat dit sy gesondheid geknou het. Hy het as 'n bitter ongelukkige man gesterf.

Adv JG Strijdom is op 24 Augustus 1958 na 'n ernstige siekbed oorlede. As die "Leeu van die Noorde" het hy hom onomwonde vir permanente blanke heerskappy beywer. Toe hy te midde van groot spanning in die NP in November 1954 as premier verkies is, het hy groot opspraak verwek toe hy sy swaer, Jan de Klerk (wat 'n politieke ampsdraer in die Transvaal was) as senator en as minister aangestel het.

Dr HF Verwoerd is op 6 September 1966 (dws 23 jaar voor vanjaar se Stemdag) deur Dimitri Tsafendas in die Parlement vermoor. Op 9 April 1960 het hy 'n eerste aanslag op sy lewe oorleef. Dit is nogal moeilik om die vraag oor hoe gelukkig hy in sy laaste paar jaar was, te beantwoord. Maar dit is bekend dat hy hom baie met die aktiwiteite van sy ministers ingemeng het. Gerugte wil dat 'n opstand onder sommige van sy ministers aan die opbou was toe hy vermoor is en dat John Vorster een van die leiersfigure van hierdie dreigende opstand was.

Al vyf die regeringshoofde wat die tuig voor hulle dood neergelê het, het in groot eensaamheid en verbittering gesterf.

Genl Hertzog (wat vanaf 1924 tot 1939 Eerste minister was) het op 5 September 1939 as Eerste Minister bedank nadat die Parlement sy neutraliteitsmosie oor die Tweede Wêreldoorlog afgewys het. Pogings om Genl Hertzog en Dr DF Malan in die Herenigde Nasionale Party (wat in 1940 gestig is) te "herenig", het misluk toe die gewese Malaniete (of Gesuiwerde Nasionaliste) by die stigtingskongres van die party in die Vrystaat daarop aangedring het dat Afrikaans uiteindelik die enigste amptelike taal van Suid-Afrika moet word. Dit was vir Hertzog totaal onaanvaarbaar. Hy het in Januarie 1941 ook as parlementslid bedank en is as 'n baie eensame en gefrustreerde man in 1941 oorlede. In sy laaste jare het hy sowel genl Smuts as dr Malan erg verwyt vir die wyse waarop hulle hul rûe op hom gedraai het. Hy was op sy ou dag weliswaar 'n baie koppige ou man, maar het tog nie die swak behandeling wat hy van Smuts en Malan ontvang het, verdien nie.

Genl Smuts se Verenigde Party het op 26 Mei 1948 onverwags die algemene verkiesing verloor. Dit was vir hom 'n bitter ondervinding om die regering aan dr Malan te oorhandig. Vanweë die buitengewoon hoë internasionale aansien wat hy geniet het, was dit vir hom onbegryplik hoe sy eie mense hom kon verwerp.

Ek was teenwoordig toe die feesgangers by die inwyding van die Voortrekker-monument op 16 Desember 1949 hom openlik beledig het. Toe hy teen half-een (ná dr Malan) aan die woord kom, het sowat 80 persent van die gehoor opgestaan en weggestap. Ek het onlangs weer na die toesprake wat hy en dr Malan daardie dag gehou het, geluister en was verras om te ontdek dat syne baie meer verdienste as dr Malan s'n gehad het. Hy is as verstoteling in 1950 op 80-jarige leeftyd oorlede.

Dr Malan het op 30 November 1954 op 80-jarige ouderdom vrywillig uitgetree as Eerste Minister. Hy het gehoop dat Klasie Havenga hom sou opvolg en dat sy vertroueling, dr TE Dönges, binne twee of drie jaar by Havenga sou oorneem. In die politieke geknoei wat die aanwys van die nuwe premier voorafgegaan het, het dr Verwoerd 'n sleutelrol gespeel. Dr Malan het sy misnoeë met die aanwysing van Hans Strijdom baie duidelik laat blyk. Die verhouding tussen Malan en Strijdom was nooit goed nie en daar word beweer dat Malan en Strijdom nie 'n enkele vriendskaplike gesprek gevoer het ná Strijdom premier geword het nie. Malan het eweneens in eensaamheid op Stellenbosch sy laaste jare geslyt waar hy in Februarie 1958 oorlede is.

'n Mens staan verstom oor die merkwaardige ooreenkoms wat waarneembaar is tussen die wyse waarop John Vorster en PW Botha hulle ampte as Staatspresident moes neerlê en deur die NP die rug toegekeer is. Vorster en Botha het 'n lang pad saamgeloop, maar daar was blykbaar nooit baie liefde tussen hulle verlore nie. Hulle het saam adjunk ministers in 1958 geword en volle ministers in die vroeë sestigerjare. PW Botha het 12 jaar as minister van Verdediging in die Vorster kabinet gedien maar is nie deur Vorster nie, maar deur Verwoerd in die pos aangestel. Toe Vorster te midde van wilde gerugte oor die Inligtingskandaal in September 1978 bedank, is PW Botha as premier verkies. As Vorster ses maande vroeër uitgetree het, sou Botha nie 'n kat se kans teen Dr Connie Mulder gehad het nie.

Ná Vorster se bedanking is hy as seremoniële Staatspresident verkies. Dit het glo tot ondraaglike spanning tussen president Vorster en premier Botha gelei. Toe die Tweede Erasmus-verslag oor die Inligtingskandaal einde Mei 1979 gepubliseer is, is 'n buitengewone Kabinetsvergadering op Sondagmiddag in Kaapstad gehou. PW Botha het die eenparige (én dienswillige?) steun van die kabinet verkry om na Vorster te gaan om hom te vra om onmiddellik as Staatspresident te bedank. Vorster het die volgende dag bedank en die onderlinge spanning tussen die Vorster en die Botha "dinasties" het bykans geen perke geken nie. Onnodig om te sê dat Vorster met 'n wrok in sy hart teenoor sy voormalige kollegas - en veral teenoor PW Botha - gesterf het.

En nou het die geskiedenis hom op 'n byna identiese wyse herhaal. PW Botha moet nou die harde waarheid ontdek dat hy wat met die spreekwoordelike swaard leef, eenvoudig daarmee verlief moet neem as hy met dieselfde swaard deurboor word. Die Grondwet van 1984 het bykans onbeperkte magte in die Uitvoerende Staatspresident Botha se hande saamgetrek. Toe hy op 2 Februarie 1989 sy posisie as leier van die NP neergelê het, was dié stap blykbaar daarop bereken om sy posisie as Imperiale President finaal af te rond en te konsolideer. Voortaan sou hy nie meer aan die koukus verantwoordelik wees nie, maar net aan homself. Die skeiding van die poste het egter 'n yslike misrekening geblyk te wees. Oor die afgelope 6 maande het 'n eienaardige en onhoudbare skaakmat posisie bestaan: PW Botha het groot (burokratiese) outoriteit besit sonder politieke mag. FW de Klerk het groot politieke mag besit sonder outoriteit.

Dit word beweer dat Botha en De Klerk nooit goeie vriende was nie, maar vanweë die skaakmatverhouding het hulle persoonlike verhouding oor die afgelope ses maande glo daagliks meer gespanne geraak.

Op Maandag, 14 Augustus het FW de Klerk - weer eens met die eenparige steun van (die baie dienswillige?) kabinet - PW Botha "beveel" om hom op dieselfde bittere weg te begewe wat hy 10 jaar gelede so genadeloos vir Vorster uitgewys het.

'n Mens voel geneë om te vra of daar dan nie iemand in Tuynhuys is wat hierdie spreekwoordelike swaard baie diep kan begrawe nie. So maklik verander 'n mens nie die meedoënlose gang van die geskiedenis nie. FW de Klerk sal verstandig wees as hy nou al oor albei se skouers begin loer om te kyk of daar nie 'n Brutus in sy geledere is nie!

Dit is nogal betekenisvol dat Vorster en Connie Mulder hulle met die party regs van die NP vereenselwig het na die NP hulle uitgedryf het. 'n Mens wonder of PW Botha hom ook met die KP gaan assosieer noudat sy kabinet hom na die wildernis gestuur het. Suid-Afrika het inderdaad 'n treurige ekonomiese en politieke geskiedenis. Vir meer as 300 jaar is Suid-Afrika se geskiedenis niks ander as 'n onverwikkelde magstryd tussen (etnies, taal en kleur) groepe nie. Maar dit is nie waar dit eindig nie. Die dominante wit groep (of die enigste Wit Stam in Afrika) word ook gekenmerk deur meedoënlose onderlinge "groep" oorloë.

Het iemand gesê Suid-Afrika het 'n demokratiese stelsel? Nee, dit is nie waar nie. Suid-Afrika se politieke lot word beslissend bepaal deur meedoënlose "feudal war lordism".

*Sampie Terreblanche is professor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch*

## Verkiesingsuitlatings

Meneer de Klerk het gister gesê Suid-Afrika betree 'n nuwe era. Hy is reg. Suid-Afrika het 'n nuwe era betree, maar dit is 'n era waarin die Nasionale Party - ongelukkig selfs onder sy leierskap - geen rol het nie. Die Nasionale Party was 'n 'n doeltreffende party in die era toe wit belange gedomineer het.
Ons is in 'n nuwe era waarin die belange van alle Suid-Afrikaners in ag geneem moet word. Maar, omdat die NP die doeltreffende party van die verlede en van apartheid is, het die NP nie die geloofwaardigheid, emosionele krag of die politieke wil om in die nuwe era suksesvol te wees nie.
Dit is die taak van 'n nuwe politieke party, die Demokratiese Party. En daarom is die verkiesing wyd oop. - Dr Denis Worrall, medeleier van die DP, in Bloemfontein.


Sy (FW de Klerk se) hande is nou vry om die groot oomblik van die geskiedenis wat voor ons staan, vas te gryp. Die tye is swanger met uitdaging en geleentheid. De Klerk is die man vir onderhandeling - onderhandeling uit krag - met 'n streng sin van doelgerigtheid gebou op vasberadenheid om die waardes van vrye mense hoog te hou. - Kent Durr, minister van die Begroting in die Volksraad, in Vishoek.

Kom ons ruk ons land uit die siklus van geweld en uit die hande van radikale uit. Kom ons keer die klein politiek die rug toe. Kom ons as leiers van 'n nuwe geslag, maak ons land veilig en vry, ook vir die geslagte wat na ons kom. - FW de Klerk, waarnemende staatspresident, in Pietersburg.

Die dramatiese konfrontasie tussen die top-leiers van die NP, wat tot PW Botha se bedanking gelei het, is slegs een simptoom van diepe verdeeldheid binne die Nasionale Party oor 'n hele aantal beleidsake.
Kernvrae wat onopgelos is binne die NP sluit in: Wat om met die Nasionale Raad te doen, wat om met die Groepsgebiedewet te doen, wat om met die driekamerparlement te doen. - Roger Hulley, LP vir Constantia, in Kirstenhof, Kaapstad.

Die NP maak die kiesers teen die DP bang deur hulle met 'n sterk KP-vertoning te dreig. Die kiesers is nie bang vir 'n KP-oorwinning nie. Alle meningsopnames gee die KP minder as 'n kwart van die stemme.
Die DP het die steun van omtrent 30 persent van die kiesers en die NP van 40 persent. As die DP sy steun tot 35 persent kan opskuif, is daar die moontlikheid dat hy 'n hele aantal setels kan wen. - Wynand Malan, medeleier van die DP.

NUWE AANKOPE: TSONGA, SHANGAAN & LEBOWA
Kralewerk, mandjies, hout en instrumente
ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is
african magic
spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908



Prof Johan Heyns

# NG Kerk dalk uit Wêreldbond

Anton Steenkamp

DIE NG Kerk se lidmaatskap van die Wêrelbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) kan dalk finaal beëindig word by die sewejaarlikse kerkvergadering van die Bond wat tans in Seoel, Suid-Korea, aan die gang is.

Die NG Kerk se lidmaatskap van die Wêreldbond is in 1982 tydelik opgeskort omdat die NG Kerk nie bereid was om apartheid ondubbelsinnig te verwerp nie.

Prof Johan Heyns, moderator van die NG Kerk, het dié week aan Vrye Weekblad gesê die Uitvoerende Komitee van die Wêreldbond het hom laat weet dat hulle sal aanbeveel dat die opskorting gehandhaaf word, omdat die NGK se beleidsdokument Kerk en Samelewing nie ver genoeg gaan in die verwerping van apartheid nie.

Dr Allan Boesak, president van die Wêreldbond, het gesê die Bond kan selfs verder gaan en die NGK se lidmaatskap finaal beëindig.

Hy staan egter nie self dié opsie voor nie.

Die Wêreldbond het die NG Kerk gevra om apartheid ondubbelsinnig te veroordeel, om aktief mee te werk aan die vernietiging daarvan, en om die drie "etniese kerke" - die 'blanke' NG Kerk, die 'Kleurling'-NG Sendingkerk en die 'swart' NG Kerk in Afrika - op te skort en één Gereformeerde Kerk te vorm. Prof Heyns het aan hulle 'n afskrif van Kerk en Samelewing gestuur, wat nie so ver gaan nie. Hy het daarop gewys dat die NG Kerk se lidmaatskap oop is vir mense van alle rasse, volgens art 270 van Kerk en Samelewing.

Oor die moontlikheid dat die NG Kerk se lidmaatskap beëindig kan word, het prof Heyns gesê: "Ons gaan ons nie daardeur laat afsit nie. Ons gaan nou maar ons eie gang."

Aangesien die kerk se lidmaatskap van die Wêreldbond opgeskort is, is die NG Kerk nie genooi om die vergadering in Seoel by te woon nie. Dr Beyers Naudé het gesê hy verwag dat die Wêreldbond die NG Kerk nog 'n kans sal gee om voor die volgende vergadering van die Bond duidelik standpunt in te neem vir strukturele eenheid in die NG Kerkfamilie.

## *Sanksies eerder as geweld*

Anton Steenkamp

ONAFHANKLIKE swart kerke het hulle dié week gedistansieer van biskop Isaac Mokoena en Mzilikazi Msiya se standpunte teen sanksies.

Aartsbiskop Ndumiso Ngudu en ander verteenwoordigers van die African Spiritual Churches Association (ASCA) het gesê biskop Mokoena het geen mandaat om namens die onafhanklike swart kerke te praat nie.

"Sanksies is die laaste vreedsame metode om die apartheidsregime te oorreed om met die massas wat hy onderdruk, te onderhandel," het Ngudu gesê.

ASCA, wat Apostoliese, Zionistiese en Ethiopiese kerke verteenwoordig, se lidmate is die armste van die armes, die ongeletterdes, ongeskoolde werkers en werklose landelike bewoners van die land, het hy gesê.

"Hierdie lyding is die gevolg van die apartheidstelsel. Ons mense word ontneem van die basiese regte wat hulle as kinders van God verdien."

Volgens Ngudu is sy lidmate bereid om nog verder onder sanksies te ly, mits dit kan help om ontslae te raak van apartheid.

Hy het 'n beroep op die regering gedoen om die verbod op die ANC, die PAC en ander organisasies op te hef; Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vry te laat; bannelinge toe te laat om huis toe te kom; beperkings op mense en organisasies op te hef; die noodtoestand te beëindig en die soldate uit die townships te onttrek.

"Ons doen die beroep as onafhanklike swart kerke omdat ons glo in vrede en geregtigheid. Ons verafsku alle geweld en ons glo dat dit waarvoor ons vra, die omstandighede kan skep om vrede in Suid-Afrika te bereik," het Ngudu gesê.

ASCA, wat aanspraak maak op 3 miljoen lidmate, het verlede Sondag 'n massa-byeenkoms in Tsakane buite Brakpan gehou wat deur sowat 7 000 mense bygewoon is.

"Ons daag biskop Mokoena uit om dieselfde mate van steun vir sy standpunt te bewys," het Ngudu gesê.

## Kandidate uitgevra oor bewaring

Anton Steenkamp

DIE Natuurlewevereniging van Suidelike Afrika het 'n brief en vraelys oor natuurbewaringsake aan alle kandidate in September se algemene verkiesing gestuur om vas te stel wat die kandidate se houding jeens bewaringskwessies is.

"Omgewingsvraagstukke duik tans al hoe meer as een van die hoofstrydpunte in die wêreld se politieke arena op namate die algemene publiek hul toenemende kommer oor die agteruitgang van ons lewensonderhoudende stelsels uitspreek," skryf die president van die Vereniging, dr EA Zaloumis, in die brief aan die kandidate.

"Ons meen dat daar te min druk van die kant van gekose parlementslede uitgeoefen word ten einde groter prioriteit aan bewaring te verleen. Derhalwe het ons as Vereniging besluit om alle kandidate in die eerskomende verkiesing te nader om hul standpunte ten opsigte van bewaringsvraagstukke te stel."

In die vraelys word 12 vrae aan die kandidate gestel oor kwessies soos lugbesoedeling, die status van nasionale parke en natuurreservate, die omvang van stroopjag op renosters en onwettige handel in renosterhorings, afvalprobleme en die beheer oor gifstowwe.

Keith Cooper, direkteur van die Vereniging se Natuurbewaringsafdeling, sê die kandidate se antwoorde sal geanaliseer en na die Vereniging se sewe takke en 60 sentrums teruggevoer word.





Omdat verpakkingstegnologie so gespesialiseerd geword het, is Metal Box vandag sewe onafhanklike ondernemings wat elk op 'n spesifieke terrein konsentreer.

Ons werk saam deurdat ons mekaar se tegnologiese bronne, kundigheid en navorsingsfasiliteite deel en deur ons oorsese bondgenote gerugsteun word. Tog ding ons almal met mekaar mee om besigheid.



Dus kan u op Metal Box staatmaak om u die beste in verpakkingsekonomie, opsies en dienste te bied.

Ons gediversifiseerde verpakkingsafdeling word Divpac genoem.

Elke dag van u lewe is ons produkte in menigte vorm êrens naby u — van houers vir skoenpolitoer tot herverseëlbare oliekanne, versierende blikprodukte en — Pssst! — spuitkannetjies natuurlik.

MB SAAM BEWAAR ONS DIE BETER DINGE IN DIE LEWE.

Metal Box Suid-Afrika Beperk

# Bande vertel verhaal van sameswering en bedrog

**VRYE WEEKBLAD publiseer vandeesweek uittreksels uit 'n bandopname waarin die bekende filmmaker Jan Scholtz en twee van sy werknemers vertel hoe geld en 'n mikrobus na bewering aan dr Pieter Erasmus, hoof van opvoedkundige programme van die SAUK, gegee is. Daar word in die opname beweer dat Scholtz 'n ou bakkie teen 'n belaglike hoë prys van Erasmus se vrou gekoop het en dat Erasmus draaiboeke vir Scholtz Films geskryf het. Die drietal erken voorts dat valse fakture gebruik is om die betalings aan dr Erasmus te verdoesel. In die opname kom Scholtz en sy werkgewers ooreen om 'n "storie" op te maak om 'n polisie-ondersoek te verydel. Hierdie bandopname is minstens twee jaar gelede aan die SAUK en die polisie beskikbaar gestel. Geen stappe is ooit gedoen nie, onder meer omdat daar glo nie genoeg getuienis in vervat is nie. Volgens die bandopnames is daar duidelik pogings van sameswering tot regsverydeling en bedrog. Reëls en regulasies van die SAUK word blatant oortree. Deur JACQUES PAUW.**

*DIE bandopname begin met 'n gesprek tussen Jan Scholtz se twee werknemers. Hulle bespreek geld en 'n mikrobus wat Scholtz glo aan Erasmus sou oorhandig het.*

**Nommer 1:** But did you give the money to Piet Erasmus?

**Nommer 2:** Yes

**Nommer 1:** Did you give it personally to him?

**Nommer 2:** No, but I used to take it up and Jan told me it was for him.

**Nommer 1:** Exactly, but you see that's the bloody thing. Jan Scholtz could put that money into his own pocket.

**Nommer 2:** Jan used to say to me you know "go and take it up there or bring it because Pieter Erasmus is coming to this house". And you know that one time when I like cut out that book, you remember I and you still laughed.

**Nommer 1:** Ja.

**Nommer 2:** I cut out the inside of the book and I still put the money in there and....I mean, I never gave it to Piet Erasmus personally, sure. Jan used to tell me to go and get the money and give it to Pieter Erasmus. I mean that's the only thing that I can think of. The only other thing I know about is that Starwagon or Microbus or some form of bus Jan bought for Pieter and he never told me about it. And then when the auditors came to do the books, Johan Schoeman ('n ouditeur) was looking for that Microbus' papers and everything, you see. I went to Jan and I said: "What's this Microbus, what is this thing, where does it come from, because I don't have any licence papers, third party, it is not insured, it is nowhere," and Jan said to me he bought it for Pieter Erasmus and I must tell Johan Schoeman that it was bought on "Pad vir 'n Man".

*Die gesprek vervolg tussen die twee werknemers waar hulle 'n transaksie bespreek waar Scholtz 'n stokou bakkie van Erasmus vir 'n belaglike hoë prys sou gekoop het:*

**Nommer 2:** And the other thing that we all know of course is (the) bakkie.

**Nommer 1:** Nee, but that was paid for.

**Nommer 2:** It was paid for, Jan paid Pieter Erasmus' wife, say R6 000 or some ridiculous price... We weren't allowed to register it into our name.

*Hierna vertel die een aan die ander van draaiboeke wat Erasmus vir Scholtz sou geskryf het:*

**Nommer 2:** The only other thing is, maybe they know that Pieter Erasmus wrote scripts for us and maybe this is what he wants to talk to me about, did I ever see anything in Pieter Erasmus' handwriting?

**Nommer 1:** I've never seen anything in his handwriting.

**Nommer 2:** No, I've seen stacks in his handwriting. I mean he always used to write these scripts and he always used to get these executive pads, you know that big, black handwriting. But I mean I typed some that he had written and I know that some of the editors knew that he had written the scripts, because it was common knowledge in the company. He wrote "Mannekrag Four".

*Die een werknemer vertel dat Scholtz vir hom opdrag gegee het om geld vir Erasmus te trek. Hy sê dat Scholtz aan sy direkteure vertel het dat die geld vir Erasmus bedoel was:*

**Nommer 1:** As far as I am concerned I gave the money to Jan. I did draw money that I gave to Jan, and that's all I know about it, because you know I can't say I gave it to Piet Erasmus, because that's hearsay. You know as far as I'm concerned I gave Jan money and Jan made the thing of the directors. Because you know I can say you fraud the other directors by taking money and putting it in his pocket.

*Hierna ontmoet die twee werknemers vir Jan Scholtz by die afgespreekte plek:*

**Scholtz:** Nou die aand kom Jans Rautenbach daar by my aan. Toe sê hy vir my - toe vat hy my eenkant toe, toe sê hy vir my: "Hoor hier, ek wil net vir jou sê daar's mense wat gesê het jy het hom R26 000 betaal vir iets. Toe sê ek: "Nee ek weet nie, dis skinderstories. O, toe sê hy dis 'n girl, dis nee dis 'n independant film producer, 'n klein maatskappytjie wat nie werk kry by Piet Erasmus nie en die ou is die moer in.

*Dit blyk duidelik uit die gesprekke dat die geld wat vir Erasmus bestem was, in Scholtz se boeke aangedui is as "ekstra's":*

**Scholtz:** Sy naam (Erasmus) is nêrens in die boeke nie?

Nommer 2: Nee dit is nie.

**Scholtz:** Oraait, nou kom ons gesels net oor jou involvement. Wat weet jy werklik? Net dat ek jou partykeer (aan)gesê het jy doen vir my 'n cash slip. Ek het dit nooit voor getuies gesê nie. So in sulke gevalle het ons die faktuur uitgemaak. Daar was altyd 'n faktuur by.

**Nommer 2:** Ek dink meestal behalwe as ons geld ......vir ekstras.

**Scholtz:** Ja, OK, geld getrek het vir ekstras. En wat was dit gewoonlik? Ek meen het ons elke keer iets anders gedoen?

**Nommer 2:** Ja, vir props en costumes en scriptwriting services, en ag daai tipe van ding. We just made it up and then there was another time I made up another fictitious name. I can't remember the names. And well, as I said to Bob, the only other thing I know of is at the end of the financial year was that Microbus, whatever it was HiAce or something. Ja, you remember what happened, I never knew about it, you had organized that.

**Scholtz:** As far as that microbus is concerned, you don't know anything more.

**Nommer 2:** No.

**Scholtz:** And that is what I've told you that the thing is being written off. So just stick to that story, that's all.

*Scholtz en een van sy werknemers beplan 'n veruideliking:*

**Scholtz:** The main thing is I think you must stick to one story and that is that I opened the post and Bob opened the post. We gave you the invoices. You didn't query them because the boss told you.

**Nommer 2:** And if they query me about the microbus that was stolen? Look, as far as I know it was bought and written off on that production.

**Scholtz:** You never typed any scripts of Piet Erasmus, did you?

**Nommer 2:** Ja I did, "The Cross and the Switch Blade" and there was another one, I think it was "Janna" or "The Prophet". I can't remember.

**Scholtz:** If they do come up with the handwriting, just say you don't know about it, you haven't seen it. You know basicly you must just remember we didn't do anything illegal, It's a case against Piet Erasmus that they really call me... As far as you are concerned, you can't remember how he was being paid, you know nothing about that, you don't know about that Combi.

*Scholtz noem hierna die naam van nog 'n bekende filmmaker wat Erasmus sou betaal het. Hy bevestig dat Erasmus die geld in kontant sou ontvang het:*

**Scholtz:** Well (die naam van die filmmaker) made out cheques to him and it was put through his banking account. But that's another thing. You see they can't trace this money because Piet Erasmus never banked the money. He used it. So they can't go back to his bank account. I spoke to him yesterday. So it's bloody difficult to trace that money. I must defend Piet Erasmus even if I go down with him, not me personally but the company. It's not illegal what we have done. I can say, listen we paid this guy, it's legal, it's for things he wrote for us, but the point is this, they got a rule at the SABC, if you are involved in that sort of thing, no more work for you anymore. So that affects about fourty, fifty people.

**Nommer 2:** And if they subpoena me to court?

**Scholtz:** Then you still say you don't know, because how the hell are you ever suppose to know? I mean if you were not in that sort of confidential capacity in the company, I mean another boss would never have told you we need the money for Piet Erasmus. They haven't seen me, they haven't catch me out getting the money to him.

ERASMUS SE KOMMENTAAR:

DR Pieter Erasmus, hoof van opvoedkundige programme van die SAUK, het bevestig dat hy al voorheen draaiboeke vir filmmaker Jan Scholtz geskryf en betaling daarvoor ontvang het. Hy sê hy het goedkeuring daarvoor gehad en dit is al voorheen deur die eksterne ouditeure van die SAUK ondersoek.

Dr Erasmus sê hy het in die "vorige dekade" twee konsepdraaiboeke geskryf waarvoor hy deur Scholtz betaal is. Hy het ook twee draaiboeke vir TV3-reekse geskryf wat later deur Scholtz in opdrag van die SAUK vervaardig is. Die SAUK het hom egter vir die laaste twee draaiboeke betaal, en nie Scholtz nie.

Dr Erasmus het erken dat hy 'n ou bakkie vir R6 000 aan Scholtz verkoop het, maar ontken dat hy ooit 'n mikrobus of kontant by Scholtz ontvang het.

"Soos u weet gaan 'n lasteraksie in die nabye toekoms teen u aanhangig gemaak word. Van die bogenoemde aangeleenthede is inderdaad as gevolg van soortgelyke vroeëre bewerings deur die SAUK se eksterne ouditeure ondersoek en geen substansie is vir die bewerings gevind nie," het Erasmus via sy regsverteenwoordiger laat weet.

SCHOLTZ SE KOMMENTAAR:

FILMMAKER Jan Scholtz het ontken dat hy ooit enige ongerymde betaling aan dr Pieter Erasmus, hoof van opvoedkundige porgramme van die SAUK, gemaak het. Hy het nooit 'n kombi aan hom oorhandig nie, maar bevestig wel dat hy die bakkie by hom gekoop het.


Scholtz het gesê dat hy onbewus van enige bandopname is en dat hier bewerings gemaak word wat "in die hof getoets sal moet word".

"U praat van 'n wishy washy bandopname. Ons sal dit darem seker later in die hof uitklaar, né. Ek gaan geen kommentaar lewer op beweerde bandopnames wat ek nie gehoor het nie.

"Wat in die bandopnames gesê word, is onderhewig aan 'n hof se oordeel. Waarvan u praat, is sekere mense se bewerings wat getoets sal moet word," het Scholtz gesê.

Scholtz het gesê dat Erasmus in 1979 konsepdraaiboeke vir hom geskryf het wat niks met die SAUK te make gehad het nie. Erasmus het later twee televisiereekse vir TV3 geskryf wat deur hom vervaardig is, het Scholtz gesê.







Betty Makona en haar besittings in 'n hervestigingsgebied by Botshabelo buite Bloemfontein - Foto: Guy Tillim - Afrapix

# 'Net blankes en Kleurlinge welkom op Koekenaap'

Anton Steenkamp

SWART plaaswerkers van Koekenaap op die Weskus is die afgelope drie weke drie keer uit hul plakkershuise gegooi "omdat daar nie plek is vir swartes op Koekenaap nie - net vir blankes en Kleurlinge".

Die groepie van 15 plaaswerkers het op Woensdag, 26 Julie vyf plakkers-hutte op grond langs die "Kleurling"-township gebou omdat hulle gesinne nie saam met hulle op die plase waar hulle werk, kan bly nie.

Sedertdien is hulle drie keer in hegtenis geneem en is hulle hutte afgebreek - op 27 Julie, 1 en 8 Augustus. Toe hulle die laaste keer in hegtenis geneem is, is al hul besittings deur die polisie gekonfiskeer, sê hulle.

Volgens die Afdelingsraad van Vanrhynsdorp mag die mense nie op die grond bly nie, omdat die grond aan die Raad behoort. Toe 'n afvaardiging op 12 Julie na die Afdelingsraad is om uit te vind waar hulle kan bly, is hulle na die landdros verwys.

Die landdros het aan hulle gesê "daar is nie plek vir swartes op Koekenaap nie, net vir blankes en Kleurlinge," en hy weet nie waar hulle moet woon nie.

Tamatu Mvumbi, wat al sedert 1958 in die omgewing woon, doen van verlede jaar af seisoenwerk vir 'n boer, Freek de Kok. Sy gesin in die Kaap wou hom besoek, maar die boer het gesê hulle word nie op die plaas toegelaat nie. Hy het sy hut saam met die ander gaan opslaan op dieselfde plek waar hy tot in 1960 gewoon het, toe dit 'n swart township was.

Die oorspronklike huise is afgebreek toe die swart werkers gevlug het nadat hulle herhaaldelik in hegtenis geneem is weens oortredings van die paswet. Die meeste het toe gaan woon op die plase waar hulle gewerk het.

"Ek het in 1986 in 'n kar-ongeluk my bene gebreek, toe kan ek nie meer werk nie, maar ek het nog op mnr Strauss se plaas aangebly," vertel Ellen Mvumbu.

"Laasweek kom die Afdelingsraad toe daar aan en sê my hulle wil net bietjie deurkyk. Hulle het my gevra wat se huur betaal ek, toe sê ek vir hulle R30 in die maand.

"Woensdag toe kom sê hulle my ek het kans tot Sondag, dan moet ek uit die huis uit, want daar mag nie mense op die plaas bly wat nie werk het nie.

"Ek gaan sien toe vir mnr Strauss op die dorp by die garage waar hy werk, maar hy sê hy kan niks daaraan doen nie, dis soos hulle sê. Hy kan self nie sê waar kom die wet vandaan nie, maar hy wil nie moeilikheid hê nie.

"Toe moes ek maar ander plek gaan soek, maar die Afdelingsraad gooi ons uit met die polisie agterna, nou weet ek nie hoe gemaak nie."

'n Woordvoerder van die Surplus People Project in Kaapstad het gesê dis noodsaaklik dat alle wette wat grond op 'n rassistiese basis verdeel, insluitende die Groepsgebiedewet en die Grond Wet, afgeskaf moet word voordat 'n regverdige verdeling van grond bewerkstellig kan word.

# Voortvlugtige vertel van intimidasie en vrees

Anton Steenkamp

INWONERS van Botshabelo naby Bloemfontein wat gekant is teen die inlywing van dié reuse-township by QwaQwa, 330 kilometer verder, lewe in vrees vir hul lewens weens vigilante-optrede teen hulle.

In 'n brief wat dié week in Vrye Weekblad se besit gekom het, skryf 'n "comrade" vanuit 'n geheime wegkruipplek dat hy dit nie kan waag om sonder 'n wapen rond te loop of om skool toe te gaan nie. Hy sê lede van 'n vigilante-groep, bekend as die Eagles, en die regerende Dikwankwetla-party van QwaQwa het gedreig om hom dood te maak.

"Ek voel bang en bedreig, maar is steeds vasbeslote om vir die vernietiging van apartheid te veg," skryf David Motlohi in 'n oproep om hulp aan die Black Sash.

Motlohi beweer dat lede van Hoofminister TK Moledi van QwaQwa se Dikwankwetla-party met die Eagles saamwerk om mense wat teen inlywing gekant is, te intimideer.

"Mense wat tussen 14 en 49 jaar oud is, patrolleer die gebied waar ek woon met drie kombi's. Motlohi sê hulle het die dreigemente aan die polisie gerapporteer, "maar die polisie help nou daardie mense om ons te probeer vang".

Hulle woon al sedert 18 Maart in wegkruipplekke, omdat hulle dit nie kan waag om huis toe te gaan nie.

"Daar word nou misdadigers van ons gemaak, want ons word gedwing om ons self te bewapen as ons 'n vriend wil besoek," skryf hy.

Botshabelo is in Desember 1987 by QwaQwa ingelyf, ondanks 'n verklaring wat op 3 Februarie 1987 deur ministers Chris Heunis en Gerrit Viljoen en die Hoofminister van QwaQwa, TK Mopeli, uitgereik is waarin hulle ontken dat die gebied ingelyf gaan word. Inwoners van Botshabelo het die inlywing in die Hooggeregshof aangeveg, en in Augustus 1988 is die inlywing ongeldig verklaar. Verlof tot appèl is toegestaan, en die saak duur voort.

Intussen het die Nasionale Party vroeër vanjaar probeer om die Wetsontwerp vir die Wysiging van Grense van Selfregerende Gebiede deur te voer. As die wetsontwerp aanvaar sou word, sou dit die inlywing geldig gemaak het. Die aanvaarding van die wetsontwerp is verhinder toe die Huis van Verteenwoordigers uitgestap en geweier het om dit te bespreek.

Die Eagles het op Harrismith ontstaan as die Eagles Youth Club, volgens die studie oor vigilantegroepe, "Now everyone is afraid".

'n Jeugorganisasie wat op sport en ander buitemuurse bedrywighede gekonsentreer het, is in 1980 op Harrismith gestig. In 1984 het die klub by die Administrasieraad geaffilieer, en in 1985 is die naam verander na die Eagles Youth Club.

Volgens oud-lede van die Eagles is hulle oorspronklik op veld- en ander gratis uitstappies geneem. Nadat die UDF-geaffilieerde Free State Youth Congress gevorm is, het hulle met vigilante-optrede teen UDF-gesinde jeugdiges begin.

Verskeie voorvalle waar lede van die Eagles die munisipale polisie gehelp het in optrede teen jeugdiges, word in dié boek gedokumenteer.

Omdat baie van die inwoners van Botshabelo, naas Soweto die grootse swart woongebied in SA, in Bloemfontein werk, is hulle erg gekant teen inlywing in die verafgeleë QwaQwa en die moontlikheid van gedwonge verskuiwings wat daarop kan volg. Hulle is ook bang dat inlywing kan lei tot 'n daling in die standaarde van onderwys en gesondheidsdienste.

# 'Ontvoerings' nou onwettig

Charles Leonard

DIE beweerde ooryweringheid van lede van die Bophuthatswana-polisie om inwoners van Braklaagte en Leeuwfontein in die hande te kry, het hulle verlede week 'n hofgeding op die hals gehaal. Inwoners van dié dorpies het dié week uit hul wegkruipplekke gekom en weer begin terugkeer werk toe. Sover was daar geen intimidasie nie, sê 'n verteenwoordiger van die Transvaal Rural Action Committee (Trac), Lydia Kompe.

Trac se regsverteenwoordigers het 'n hofgeding teen sowel die Bop-polisie as die Suid-Afrikaanse Polisie aanhangig gemaak vanweë beweerde ontvoering. Sedert 1 Julie is Leeuwfontein en Braklaagte sonder mans. Die meeste van hulle het gevlug om klopjagte, en arrestasie te ontduik na die dood van nege Bop-polisiemanne in Leeuwfontein. Hulle sê ook hulle is bang vir aanrandings en marteling. Tot op datum is 48 mense weens moord, en nege weens brandstigting in hegetenis geneem. Daar is egter nog talle mense wat deur die Bop-owerhede ondervra en aangekla wil word.

In hul pogings om die mense in die hande te kry, het die Bop-polisie in samewerking met die SAP na bewering voortvlugtende inwoners van die dorpies wat aan die Witwatersrand werk, dáár begin aankeer. Die uitruilooreenkoms tussen Suid-Afrika en Bophuthatswana bepaal die manier hoe die twee polisiemagte verdagtes tussen die twee lande kan oordra. Die beweerde inhegtenisnemings en ontvoerings van Braklaagte en Leeuwfontein se inwoners is regstreeks in stryd met dié ooreenkoms.

Die regsgeding, wat deur Trac aanhangig gemaak is, verhoed die polisie om die inwoners op die Witwatersrand in hegtenis te neem en dan na Bophuthatswana te neem.


With compliments...

Vrye Weekblad subscribers are being sent a complimentary copy of the August issue of

FEBRUARY 1984 Frontline Vol. 4 No. 5 R1,00 (excl GST)

Subscription information is in the magazine

the English-language magazine that's as independent as you are



PC 2000

Protea Pick n Pay Sentrum
Highstraat
Brixton

| * 10 MHZ XT | * 12 MHZ AT |
|---|---|
| R2 695,00 | R3 800,00 |
| 101 Sleutelbord | 101 Sleutelbord |
| 640k RAM | 640k RAM |
| 360k Slapskyf | 1,2 MEG Slapskyf |
| 12" Dubbelfrekwensie | Multi 1/0 Kaart |
| Skerm CGA & Hercules | 14" Dubbelfrekwensie MONITOR |
| 20 MB Seagate Hardeskyf | 20 MB Seagate Hardeskyf |
| 1 Parallelpoort | Intydse Horlosie |
| 8 Uitbreiding | Serlepoort |
| | Parallelpoort |
| | 8 Uitbreidings |

Kom sien ons in ons nuwe winkel en gesels met Boet of Johan (011) 837 7439/8

Koop voor 3 September en u staan 'n kans om 'n EPSON LX 800 of STAR LC 10 te wen!


# Weenen doen sy naam gestand

Anton Steenkamp

MEER as 30 gesinne is die afgelope paar weke van plase in die Weenen-distrik in Natal afgesit omdat die mans, wat tradisioneel woonarbeiders was, nie meer voltyds op die plase werk nie.

Die meeste van die sowat 200 mense wat uit hul huise gesit is, bly nou tydelik in 'n noodkamp buite Weenen.

Volgens een van die mense, Nokhweni Mkhize, het polisiemanne en amptenare van die Natalse Provinsiale Administrasie hulle gedwing om hul plakkershutte langs die pad te verlaat en na die noodkamp te gaan.

"Dié mense bly al geslagte lank op die plase, en nou het hulle nie 'n heenkome nie," sê Chris Dlamini, 'n veldwerker van die Association for Rural Advancement (Afra) in Pietermaritzburg.

'n Verteenwoordiger van die plaaslike komitee, wat namens die gesinne optree, het dié week 'n brief aan die minister van Ontwikkelingshulp, dr Gerrit Viljoen, geskryf om hom te vra of hulle hom kan spreek oor die probleem. Hulle het nog nie 'n antwoord ontvang nie.

# Tokkelokke uit oor 'dwaalleer'

**Pearlie Joubert**

'N WAARNEMENDE dosent van die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch en 'n student in sy finale jaar is deur die kuratorium van die fakulteit van "dwaalleer" beskuldig.

Geoff Taylor, waarnemende dosent in Nuwe Testament en MA-student in teologie, is onthef van sy pos as dosent nadat hy in Mei aan 'n debat van die Sokratiese Vereniging, met die onderwerp "Wie is Jesus?", deelgeneem het. Taylor se afdanking is deur die universiteit goedgekeur.

Braam Olivier, 'n MA-student in filosofie en 'n teologie-student in sy finale jaar, is deur die kuratorium aanbeveel om nie sy legitimasie aan te neem nie. Dit beteken dat hy nie 'n predikant in die NGK of dosent aan die Kweekskool kan word nie.

Taylor het reeds regsadvies ingewin en volgens sy regsverteenwoordiger is sy kanse goed om die universiteit aan te kla weens onregverdige skorsing.

Dit is nie die eerste keer dat dié fakulteit mense weens "dwaalleer" aankla nie. In 1932 is die bekende "Pienk Piet", prof Johan du Plessis, se werk by dié fakulteit formeel opgeskort. Du Plessis is deur die NG-Kerk weens "onregsinnigheid in die leer" en sy "nuwerwetse idees, en nuwe oriëntering" binne die NGK aangekla.

Hy is ook van "teologiese liberalisme en dwaalleer" beskuldig en selfs nadat hy die saak teen die sinode in die Hooggeregshof in Kaapstad gewen het, is hy steeds die preekstoel geweier.

In 1981 is prof Nico Smith ook deur die Kuratorium ingeroep en veroordeel omdat hy voorgestel het dat lidmate van die NGK ná die diens met mense van alle rasse sosiaal verkeer. Hy het gesê dié soort kontak is noodsaaklik vir Christelike gemeensaamheid.

Olivier het in Die Matie 'n mening geskryf onder die opskrif "Miskien kort die kerk 'n dop". In die artikel het hy gesê: "Miskien het Jesus die mense by die Fees van Kana wyn gegee sodat hulle hul fronte en vestings 'n slag kon sien draai."

Dié mening het kort ná die verbod op die Voëlvry-konsert verskyn. Hy het ook gevra: "Hoekom het die Voëlvry-konsert Christene so gepla? Het dié musikante allerlei waardes kom omkrap - en sodoende met die Christene se moreel kom peuter? Of het hulle dalk 'n paar waarhede kom oopkrap - en sodoende so 'n bietjie met die Christene se moraal kom mors?"

'n Klag van leerdwaling is daarna teen hom by die NGK ingedien. Die Stellenbosch-Noord kerkraad is besig om die klag te ondersoek.

Volgens Olivier se mening het hy gesê Christus se genade kan nie "in ons kerklike belydenisse vasgevang word nie - dit sou aanmatigend van ons wees". Hy het voorts gesê dat hy die NGK hiervan beskuldig het en dat dit ironies is dat hulle met hul optrede teen hom juis dié beskuldiging bevestig het.

Die kuratorium het aan Taylor en Olivier gesê hul opinies kan nie binne die NGK geakkomodeer word nie. Beide het gesê hul opinies is nie onversoenbaar met die teologie nie. "Ons bedryf teologie verskillend en kritiseer die NGK omdat hulle nie die ruimte om krities te wees, aan ons gun nie. Die NGK se vasgeroeste en vasgelegde interpretasies van die Woord veroorsaak dat mense se posisies in die kerk in die gedrang kom sodra hulle verskil," het hulle gesê.

Olivier en Taylor se kritiek is gerig op die geslotenheid van die Fakulteit Teologie. Dosente word uitsluitlik deur die NGK aangestel en nie deur die Universiteit nie.

Beide Olivier en Taylor het ook die NGK gekritiseer vir hul strukturele rassisme en chauvinisme wat tot gevolg het dat slegs blanke mans aangestel word.

Taylor en Olivier het gesê die NGK-dogma word as maatstaf aangewend om alternatiewe teologies-akademiese stemme te beoordeel en te veroordeel. "Dit is dus duidelik dat akademiese vryheid aan die Kweekskool 'n mite is."

Eerstejaarstudente het blykbaar aan 'n dosent gesê hulle is verward oor Olivier en Taylor se standpunte. "Hieruit is dit ook vir ons duidelik dat kritiese denke en vrae nie gestimuleer of aangemoedig word binne die Kweekskool nie."

Taylor, sê: "Ek is en bly 'n Christen en het die volste vertroue dat ek eendag saam met die engel Gabriël en Nietzsche en Ghandi en Van Wyk Louw en André Letoit Mozart se Requiem oor die as van stiksiende godsdienstige self-voldaanheid sal sing". Die dekaan van die Teologie Fakulteit, prof Behtel A Muller wou geen kommentaar lewer nie.

# Christene se gemeenskap bedreig

**Anton Steenkamp**

DIE Pretoriase Inisiatief vir Versoening, 'n subkomitee van die Christelike organisasie Koinonia, het dié week hul kommer uitgespreek omdat die inwoners van die Koinonia-gemeenskapshuis in Mamelodi voortdurend deur die Suid-Afrikaanse Polisie en weermag lastig geval word.

Nadat Koinonia, wat deur ds Nico Smith gestig is, verlede jaar 200 blankes 'n week lank in die swart township buite Pretoria laat bly het om die lewe saam met mede-Christene te ervaar, is die huis deur jong wit en swart Christene gebruik vir gesamentlike etes en gebedsbyeenkomste.

Murray Hofmeyer, 'n teologie-dosent aan Unisa, is verlede jaar tydens die Mamelodi-besoek deur die Veiligheidspolisie aangehou en ondervra.

Afgesien daarvan dat die huis sedertdien voortdurend dopgehou is, is daar die afgelope tyd 'n volskaalse program van intimidasie, sê Alice Coetzee van Koinonia. Donderdagaand 1 Augustus het lede van die SAW die inwoners se motors deursoek. Dieselfde nag het polisiemanne in burgerlike drag die huis sonder 'n lasbrief deursoek. Hulle het geen redes vir hul optrede verskaf nie.

Die afgelope week is 'n vrou en inwoner van die huis na 'n ander huis gevolg, wat toe deursoek is. Intussen word soldate gereeld buite die gemeenskapshuis gestasioneer, en hullr betree soms die perseel en loer soms deur die vensters, sê Coetzee.

Inwoners van die huis is aan Nasionale Diensplígtiges wat in Mamelodi diens doen, op 'n video uitgewys as deel van 'n "Ken jou vyand"-inligtingsessie. Dit is in die parlement bevestig.

"Die jongmense tree op uit hul Christelike oortuiging dat ons almal gelyk is voor God," sê Coetzee. "Hoekom moet hulle voortdurend dopgehou word? Watter misdaad het hulle gepleeg?"

'n Woordvoerder van die SA Leërhoofkwartier in Pretoria het by navraag gesê: "Die aksie is geheel en al aan die polisie verantwoordbaar en verdere navrae moet aan hulle gerig word."

Kol A V Heyns van die SAP se Afdeling Openbare Betrekkinge in Pretoria het ontken dat die veiligheidsmagte lede van Koinonia of van enige ander organisasie intimideer.

"Waar lede van die veiligheidsmagte dit nodig ag om persone te ondervra, persele of voertuie te deursoek, word dit weens grondige redes en binne die perke van die wet gedoen," het hy gesê.


## National Union of Metalworkers of South Africa (Numsa)

**Ingenieurs, Departement Yster en Staal: Hoofkantoor**

**1. Senior Administratiewe Pos**
**Numsa benodig dringend 'n bekwame en ervare persoon om die volgende take te verrig:**
**1. die Nasionale Sekretaris van die departement by te staan**
**2. die administratiewe stelsels in die departement in werking te bring**
**3. die administrasie van die departement te koördineer**
**4. vergaderings van die vakbond se Nasionale Veldtog Komitee te reël**

**Aansoekers moet vertroud wees met woordverwerking en oor begrotingsvaardighede beskik.**
**Die suksesvolle aansoeker sal by die vakbond se hoofkantoor in Johannesburg saam met die Nasionale Sekretaris, vier nasionale organiseerders en drie administrateurs werk. Salaris onderhandelbaar. Die vakbond bied 'n betaalde voorsorgfonds en mediese hulpskema aan.**

**2. Administratiewe Pos**
**Numsa benodig dringend 'n persoon om in die hoofkantoor van die Ingenieurs, Departement Yster en Staal in Johannesburg te werk.**
**Die suksesvolle aansoeker sal saam met twee van die vier Nasionale Organiseerders van die departement werk.**
**1. Die organiseerders met tik-, liasseer-, korrespondensie- en inligtingverskaffingswerk help**
**2. Beperkte navorsing vir die Nasionale Organiseerders doen**
**3. Vergaderings met die Nasionale Vertrouensmanrade organiseer**
**Die salaris is onderhandelbaar. Die vakbond bied 'n betaalde voorsorgfonds en mediese hulpskema aan.**

Stuur u aansoeke vir beide poste aan:
Die Nasionale Sekretaris
Ingenieurs, Departement Yster en Staal
NUMSA
Posbus 260483
EXCOM
2023

Aansoeke, vergesel met 'n CV moet NUMSA voor 25 Augustus bereik.



# Veels geluk met jou 60e verjaardag, Kathy!

Woon die
Congress Saamtrek by
om

* Ahmed "Kathy" Kathrada se verjaardag op 21 Augustus te vier
* die rassistiese verkiesing op 6 September te boikot

**Maandag 21 Augustus om 7.30 nm**
**Selbornesaal, Presidentstraat, Jhb**
**Sprekers:**
***Curnick Ndlovu (UDF nasionale voorsitter)***
***Elijah Barayi (Cosatu president)***
***Cassim Saloojee (TIC president)***
***Issu Chiba (TIC vise-president)***

**CONGRESS Sê MOENIE STEM NIE**

Uitgereik deur TIC
Posbus 658
Crown Mines
2025

# Geen einde aan geweld in Belfast

**David Botbol**

BELFAST - Ná 20 jaar van Britse militêre teenwoordigheid in Noord-Ierland is daar nog geen teken dat die geweld tussen die Rooms-Katolieke en Protestante gaan ophou nie.

Die syfers vertel die verhaal.

Sedert 14 Augustus 1969, toe Britse troepe ingestuur is om die konflik tussen die Protestante en Katolieke te probeer beheer, is 2753 mense dood en 32 000 gewond.

Die totale word daagliks op 'n swartbord in die polisie-hoofkwartier in Belfast bygebring, en toon dat twee derdes van die wat dood is (1894) burgerlikes was. Altesaam 569 soldate en 263 polisiemanne is ook dood.

Die sterftesyfer - 93 in 1988 - is heelwat laer as die hoogtepunt in 1972 toe 467 mense dood is. Maar die spanning, nagpatrollies, padblokkades, bomwaarskuwings, ontploffings en aanvalle is die daaglikse lot van die mense van Ulster.

Wat statistiek betref oorheers die konflik in Ierland enige ander konflik in Europa.

Vir die owerhede in Belfast en Londen het die vyand 'n naam: die Ierse Republikeinse Leër.

'n Harde kern van tussen 200 en 400 IRL-militante, mans en vrouens, word gesteun deur 'n netwerk van duisende ondersteuners van Ulster se Katolieke minderheid.

Ondanks die gebruik van die mees gesofistikeerde waarnemingstegnieke en bevolkingsbeheer, het die Britse polisie en weermag nie hoop dat hulle die IRL sal uitroei nie.

"Ons kan hulle nie militêr verslaan op enige manier wat aanvaarbaar in 'n demokrasie is nie," het 'n bron in die Britse regering gesê. "Ten beste probeer ons om 'n stadium van normalisering te bereik waar die weermag nie meer nodig is nie."

Die weermag het nou net 10 000 soldate in Noord-Ierland, vergeleke met die 22 000 wat in die jare sewentig daar was. Die troepe is daar om die polisie, die Royal Ulster Constabulary, by te staan in sy vredestaak.

Dit kos 'n miljoen pond 'n dag om die troepe daar te hou. Betogings is redelik skaars en die konflik in Ulster is hoofsaaklik ondergronds, 'n geheime oorlog wat gevoer word deur 'n paar honderd geharde siele aan albei kante.

Die polisie het 'n netwerk van verklikkers in gebiede waar die IRL sterk steun het, soos die grens met die Ierse Republiek. Volgens sekuriteitsbronne is die name van die meeste IRL-organiseerders aan die polisie bekend, maar hulle kan hulle nie arresteer nie omdat daar geen getuienis teen hulle is nie.

Militêre operasies teen IRL-eenhede word dikwels oorgelaat aan die Britse weermag se elite-eenheid, die SAS (Special Armed Services), wat in Mei 1987 agt IRL-lede in 'n lokval in Armagh doodgeskiet het.

Hoewel die IRL beter as ooit tevore bewapen is, glo waarnemers hulle het probleme om hul operasies te loods. 'n Beperkende faktor is die vrees vir nog 'n propagandaramp soos na die aanval op Enniskillen in November 1987, waarin 11 onskuldige mense dood is.


Daar word gesê die wapenvoorraad van die IRL is onlangs uit Libië versterk. Dit word blykbaar anderkant die grens in die Ierse Republiek geberg. Dit sluit in vyf ton plofstof, 'n aantal swaar masjiengewere en Sam-missiele waarmee helikopters afgeskiet kan word.

Dit lyk of daar 'n militêre skaakmatsituasie is, en die owerhede weet hulle moet op hul hoede bly.

"Die IRL moet net een keer gelukkig wees," het 'n sekuriteitsamptenaar gesê. "Ons moet elke keer gelukkig wees."

* Die polisie het vroeg vandeesweek plastiekkoeëls gebruik om betogers uiteen te jaag in die Rooms-Katolieke distrikte van Wes-Belfast. Die betogings is gehou teen die 20 jaar lange teenwoordigheid van Britse troepe.

Ten minste twee busse en 'n vragmotor is aan die brand gesteek tydens twee uur van sporadiese geweld. Niemand is beseer nie. - AFP




**Die Bogside in verskeurde Londonderry - hartland van die IRL.** ***Foto: Max du Preez***

# Skandmuur, nou 28, staan nog stewig

WASHINGTON - President George Bush van Amerika het 'n beroep op die Sowjet-Unie gedoen om die Berlynse skandmuur te verander in "'n plek van samewerking". Die muur is Sondag 28 jaar oud.

In 'n persverklaring het hy gesê: "Ons eer hierdie hartseer gedenkdag met hernude vasberadenheid om die verdeling van Berlyn en Europa te oorkom."

Bush het die muur beskryf as "'n oorblyfsel van 'n vergange tyd en 'n mislukte beleid".

Hy het 'n beroep op president Mikhail Gorbachev van die Sowjet-Unie gedoen om "die roesende ystergordyn oop te maak".

"Soos ek in Mainz (Wes-Duitsland) gesê het, wil ons Berlyn sien as 'n plek van samewerking.

"Ons het die Sowjet-Unie - as deel van sy verantwoordelikhede in Berlyn - gevra om by ons aan te sluit om hierdie doelstellings te bereik. Ons wag nog op wat ons hoop 'n positiewe reaksie sal wees."

Hy het gesê die VSA wil die lewe van die Berlyners verbeter en die dag nader bring dat die stad weer eens verenig is.

"Saam met ons Britse en Franse bondgenote het ons 'n inisiatief van stapel gestuur om sulke vooruitgang 'n realiteit te maak," het Bush gesê.

* Die amper 300 Oos-Duitse vlugtelinge wat in Wes-Duitse ambassades in die Oosblok sit getuig van die stewigheid van die Berlynse muur.

In Wes-Duitsland het baie politici, veral die minister van Inter-Duitse verhoudinge, Dorothee Wilms, verlede Saterdag hul tradisionele pleitdooi vir die vernietiging van die "skandmuur" uitgespreek.

Die Oos-Duitse kommunistiese dagblad Neues Deutschland het verlede week gesê die muur sal nie vernietig word nie so lank kapitalistiese lande voortgaan om "politieke, ideologiese en ekonomiese druk op sosialistiese lande uit te oefen".

"Sedert die muur gebou is het ons baie dinge op politieke, ekonomiese, wetenskaplike, kulturele, ekologiese en humanitêre fronte en in toerisme bereik," het die koerant gesê.

Daar is nou meer redes waarom die muur sal bly staan, sê waarnemers.

Hervorming in die Sowjet-Unie, Pole en Hongarye het gehelp om Oos-Duitsland se posisie as die laaste vesting van Stalinisme te versterk.

Tydens president Mikhail Gorbachev se besoek aan Wes-Duitsland in Junie, het die Sowjet-leier gesê niks onder die son is ewig nie en dat die muur "een van die struikelblokke in die ontwikkeling van van Oos-Wes-verhoudinge is".

Hy het egter bygevoeg dat dit net afgebreek sal word "wanneer die toestande wat daartoe aanleiding gegee het, verdwyn het".

Op 13 Augustus 1961 is alle spoortrem- en padverbindinge tussen Oos- en Wes-Berlyn afgesny.

Bouwerk aan die muur het 'n paar dae later begin en dit is nog meer ondeurdringbaar met 'n tweede muur en draadheinings.

Die muur, wat deur die Wes-Duitse kanselier Helmut Kohl as "'n oop wond" beskryf is, omring nou twee miljoen Wes-Berlyners.

Die 160 kilometer lange grys betonmuur is met graffiti bedek en het 'n attraksie geword vir duisende buitelanders wat Berlyn jaarliks besoek.

Kruise is op die muur aangebring op die plekke waar 79 Oos-Duitsers doodgeskiet is toe hulle gevlug het.

Ongeveer 4000 was gelukkiger en het daarin geslaag om tonnels te grawe, oor heinings te klim, of na die Weste te swem of te vlieg.

Altesaam 131 Oos-Duitsers het onlangs na die Wes-Duitse ambassade in Oos-Berlyn gevlug en weier om die ambassade te verlaat.

Nog 158 Oos-Duitsers is in ambassadegeboue in Budapest en 10 in Praag.

* Britse soldate het lere op die walle van 'n rivier in Berlyn geplaas om Oos-Duitsers wat na die Weste vlug te help, het die polisie hier gesê.

Dit volg op 'n insident in Februarie toe Oos-Duitse wagte die 21-jarige Martin Notev op die Westerse rivierwal aan die hare gegryp en hom teruggesleep het Oos-Duitsland toe.

Die lere, wat met 'n kabel van 500 meter aanmekaar vas is, is op 'n rivierwal noord van die Reichstag, die vorige Duitse parlement, geplaas. - AFP

# *Geestelikes skynheilig, dig Ayatollah*

TEHERAN - 'n Brit wat hier in die tronk sit weens spioenasie het 'n gedig van oorlede Ayatollah Rhallah Khomeini vertaal en hom as 'n goeie digter beskryf.

Roger Cooper, wat sedert 1986 in Teheran se Evin-gevangenis sit, het gesê die gedigte verskaf insig in die persoonlikheid van een die mees invloedryke leiers van die moderne tyd.

Die gedig met die titel "Awakening" en Cooper se analise daarvan het onlangs verskyn in die Engelssprekende Teheran Times.

Die geestelike leier se seun, Ahmad Khomeini, het die gedig openbaar gemaak 'n paar dae na sy pa se dood op 3 Junie.

Cooper sê die gedig spreek God primêr aan en is 'n beskrywing van die Ayatollah se mistieke pad na geestelike eenheid met die skepper.

Die gedig gebruik metafore met "wine" wat mistieke bedwelming beskryf en "tavern" wat 'n godsdienstige bymekaarkomplek verteenwoordig.

In die vertaling van die gedig, sê Cooper, het hy "pseudo-Shakespeariaanse rym" gebruik waaraan die Westerse oor gewoond is.

"Die juweel-agtige presiesheid van idees en beelde wat die oorspronklike kenmerk, kon nie in die vertaling verkry word nie," sê Cooper.

Cooper se oom was die digter Robert Graves wat in 1985 dood is.

Hier volg die vertaling van die gedig Awakening:

*Thy ruby and beauty spot, my love*
*ensnare my heart and cage me like a dove.*

*Thy love-sick eyes have looked too oft in mine*
*and their contagion's catching, now I pine*

*The loss of self I've suffered sets me free:*
*I too proclaim the mystic 'I'm he',*
*knowing like Mansour, what the price might be.*

*The grief thou gav'st me rent my soul asunder,*
*my soul then cured itself, a nine day's wonder*

*The tavern door stands open, night and morning,*
*while madrasa and mosque both leave me yawning.*

*I've found no solace from these pious robes:*
*Clerics are hypocrites beneath their thobes.*

*Instead I've donned a patch work dervish cloak,*
*made myself sober 'midst the fumes and smoke.*

*The preacher's well-meant sermons leave me cold,*
*The tippler breathing wine speaks words of gold.*

*You want to know what brought me to my senses?*
*The tavern-wench whose fair hand wine dispenses.*

\- AFP

# Antjie Krog se Lady Anne: 'n Roman van 'n Bundel



André Brink

**Lady Anne deur Antjie Krog, uitgegee deur Taurus teen R18.50. Resensie deur ANDRé P BRINK**

MET Lady Anne (in 'n besonder mooi uitgawe van Taurus) het Antjie Krog 'n bundel gelewer wat tuishoort in die geselskap van Tristia, Lotus en Komas uit 'n Bamboesstok. Die digter het tevore al - bowenal in Jerusalemgangers - bewys in watter mate sy 'n hele bundel kan deurkomponeer. En in een van die nuwe gedigte, "Liewe S.", bevestig sy: "ek dink nie voorts in verse nie/ maar bundels" (15): maar myns insiens gaan dit hier veel verder as die bekende konsep van die "bundelgeheel". Sou dit verregaande wees om aan die hand te doen dat Lady Ann eintlik gelees kan word as 'n roman in verse? Want dit gaan nie net om die manier waarop verse oor en weer op mekaar inspeel en één verwikkelde diskoers tot stand bring nie, maar om 'n narratiewe diskoers waarin strategieë soos karakterisering en gebeure binne die dimensies van tyd en ruimte fungeer, voortgebring vanuit 'n duidelike vertelsituasie.

## Noodtoestand

Hierdie vertelsituasie is eerstens dié van 'n vrouedigter wat haar in die Suid-Afrika van vandag besin op noodtoestande - sowel die innerlike ("twee jaar aankomende maand/ sedert Jerusalemgangers/ twee jaar sonder 'n enkele reël donker", 13), as op die uiterlike (onder andere "eerste kersnaweek onder die noodtoestand", 31). Terwyl geweld om haar woed ("geweld wat my witste wederwoord omgrens", 32) en terwyl die konkrete, essensiële land om haar sy gang gaan (vgl "leeg lê die binnekant van hierdie land", 83), terwyl haar private vroulike lotgevalle deurentyd in jukstaposisie staan met die groter geskiedenis wat hom voortwoed, probeer sy - móét sy - skryf. Hiervoor roep sy, soos Opperman in Komas, 'n alter ego op: en nadat sy verskeie moontlikhede ondersoek het (onder andere ook Augusta de Mist en Mrs Koopmans de Wet, 15) besluit die Antjie van vandag om skeep te gaan in die Lady Anne van die laat-agtiende eeu.

## Interteks

So begin 'n interteks woeker. Maar dis nie net 'n kwessie van Lady Anne se lewe te herskep as, en tot, parallel van die eietydse ondervinding nie: Lady Anne se lewe bestaan naamlik self as interteks. Onder meer is daar haar geskrewe "biografie" (soos onder meer dié deur Madeleine Masson) wat uit wans uit teenoor die "feite" van haar lewe staan. (Ter sake onder dié gegewens is onder meer: Anne Lindsay se aristokratiese jeug op die Skotse landgoed Balcarres; haar latere blootstelling aan die geweld van die Franse Revolusie; haar lang vergeefse liefde vir die sjarmante jong losbol William Windham, van wie sy mettertyd afsien om te trou met die toegewyde maar verbeeldinglose Andrew Barnard, sowat twintig jaar jonger as sy - hy noem haar "Nanny"!; haar verhouding met die vooraanstaande politikus Henry Dundas, later Minister van Oorlog en Kolonies, wie se liefde sy gebruik om vir haar man 'n pos in die Kaap te bewimpel as sekretaris van die Goewerneur, en aan wie sy jare lank briewe geskryf het om aan die lewe aan die Kaap geskrewe beslag te gee, ens.)

Maar op 'n manier is haar werklike biografie vooruitbestem deur 'n gedig: want in "Auld Robin Gray", wat sy as tienderjarige geskryf het (en waarvan Krog 'n vertaling in haar eie teks inkorporeer) word die soort ontvlugtingshuwelik beskryf wat sy self later sou lei - life imitating art.

Voorts bestaan daar verskeie eietydse kommentare van ander op haar lewe. Nog 'n ter sake teks is haar reeks briewe aan (veral) Dundas en haar reisjoernaal oor 'n besoek aan die binneland in 1798.

Maar hierdie verslag is op sy beurt "gedokter" deur redakteurs soos Anderson en Lloyd, voordat 'n "definitiewe" teks deur AM Lewin Robinson voorberei is. En dan bestaan daar nog, as 'n aparte, relevante "teks", die gemitifiseerde beeld van Lady Anne in die Suid-Afrikaanse volksgeskiedenis (vgl "jy word onthou vanweë jou partye", 95). Kortom: Krog se geskrif word ingebed in 'n hele palimpsest van bestaande tekste.

## Visse

Hierdie tekste is ook nie net geskrewe nie: Lady Anne se briewe en joernale was ryklik geïllustreer, sy werk met "vers en verf" (9): en ook Krog se teks bestaan uit woord én beelde (veral tekening van lede van die Pleuronectidae-familie van visse, koerantknipsels, 'n verkiesingsmanifes, 'n menstruele sikluskaart, en dies meer)

Deur haar "eie" teks op dié manier te omring met ander moderne tekste, skep die verteller 'n vertelsituasie waarin die "outentisiteit" of die "integriteit" van "haar" teks aangetas of deurdring word. Die hele verhouding Antjie/Anne (om 'n kortpadnaam daaraan te gee) word byvoorbeeld bevraagteken deur 'n sitaat uit Breyten: "Dit help nie om 'n opponent só te wil skep wat (as spieëlbeeld) jou eie opsies sal regverdig nie..." (8) en deur die nege ander sitate op dieselfde bladsy (later gevolg deur nog meer) - wat as 't ware uitmond op Brodsky se kreet: "Let us be various!"

## Jok en verkort

"Natuurgetroue" omdigting moet niemand natuurlik verwag nie ("ek moes baie jok en verkort", 107): tog breek die rou kreet van eksistensie deur elke bladsy, soos in die verteller se (prosa-)relaas van haar eie besoek, in 1987, aan Balcarres waar sy dié sitaat uit Anne se reisjoernaal haal: "Every page is a page of struggle. I write to destroy the border of unbearable pain" (51).

Dat dit juis uit die reisjoernaal kom, is betekenisvol. Want uiteindelik is hierdie bundel 'n reisroman: op die matrys van Lady Anne se lewensreis - spesifiek haar reis na die Kaap, deur die binneland, terug na Europa, en daarna in die verbeelding of in briewe terug na die Kaap - "pas" die moderne verteller háár reisrelaas: op die spore van Lady Anne teen Tafelberg op, na die Drupkelders of Genadendal, na Skotland... maar bowenal deur 'n gewelddadige tydvak wat sy al skrywende visenteer. Keer op keer mond hierdie reise uit op vrae verwant aan dié dringende kreet uit "kaap die goeie hoop":

"hoe verstaan ek myself in die teksgekwelde land?" (39)

## Tydstruktuur


Om die romanopset verder te verwikkel, word 'n verbysterende tydstruktuur aangelê: terwyl Lady Anne se lewe min of meer chronologies deurloop, word dit "aangevul" deur grepe uit 'n vroeër tyd: bv 'n "lied geskryf voor die geboorte van Lady Anne Lindsay, 1750" (12), of selfs 'n anonieme brief uit 1300 (11); daarby gryp die hedendaagse verteller hierop in, deur in nié-chronologiese volgorde Anne se reise te herhaal, te releveer, of te relativeer. Dit loop selfs daarop uit dat die volgorde van onderdele in die "roman" aangetas word: I - II - V - IV - III. Dele 3 en 5 is omgeruil: en tog loop die "inhoud" van Anne se lewe chronologies voort. Onder meer, vermoedelik, om die indruk van 'n "on-einde" in te skerp: nie net is daar twéé gedigte wat albei "slot" heet nie, maar omdat die diskoers "eindig" met 'n Deel III, word die leser terugverwys, vir 'n vóórtsetting, na die Deel V wat reeds vroeër in die teks teëgekom is. Ook 'n opwindende intrinsieke rede word gesuggereer: aan die einde van die middelste deel (genommer V) beleef Lady Anne 'n krisis in haar lewe wanneer sy met die besoek aan Genadendal 'n moment van insig bereik waar sy geestelik sou kón wegbreek uit haar kondisionering as wit, adellike vreemdeling om tot 'n vorm van handeling oor te gaan:

*"...my bladsye bly altyd ruit, spel afstand,*
*die invalshoek bly passief. En so wil Madame dié land*
*deur glas bly waarneem in prentjies en poësietjies strik.*
*Stadig sou my hand kon terugtrek 'n klip vasvat en góói..."*

## "Gooi"

Maar Lady Anne weerhou haar van dié "gooi": dit is waar die verhaal van haar metafisiese reis behóórt te geëindig het: maar "in der waarheid" gaan sy gewoon voort met die patos van haar "frivole" bestaan (soos dit op 40 getipeer is). Die voortgang kan alleen behartig word deur vandag se verteller, wat opnuut die dichotomie woord/daad opneem om vir 'n nuwe tyd en 'n nuwe ruimte ook 'n nuwe poëtika as antwoord te ontwerp.

Vandaar die haat/liefde-spanning tussen die ego's aan die woord. In die begin lyk dit of die Lady 'n ideale oplossing vir die probleme van vandag se "benarde bard" bied: "U lewe wil ek besing..." (16). Maar gou kom die ontnugtering: "ek wou 'n tweede lewe deur jou leef/ Lady Anne Barnard, wys jy is moontlik" - maar: "as metafoor is jy fôkol werd" (40). En daarom is daar (ná briljante ontginninge van sowel die haat as die liefde) ten "slotte" die grimmige én hartseer "afskeid van jou (hoor die ghong aan die balk!)/ en jou se soort" (108), wanneer sy in haar "totale stralende nutteloosheid" (96) verwerp word.



*Hippoglossus hippoglossus*

## Tongvis

Wat die tydelike simbiose meebring, is onder meer 'n oorwoë - en bewoë - blik op aanpassing en inpassing, gedra deur die beeld van die tongvisfamilie (en juis tongvis: want die spraak, die taal, die glottale werklikheid, word deurgaans intens betrek): visse wat naamlik in 'n verhuising van oppervlak na bodem 'n totale, selfs groteske metamorfose ondergaan ten einde aan te pas by 'n habitat wat deur min ander visse bewoon word - nes Anne en haar man in hul verhuising van Europa na Afrika, aangegryp deur 'n "tarbotvormige plant" aan die enkels (10), 'n nuwe werklikheid moet leer beheers.

Hierdie beheersing impliseer 'n ontginning van die verskil tussen "om te hê" (vgl die bevinding dat "ons taal se glosseem/ lê veral in die genitief", 34; en die opstandige "pleidooi om bevryding" op 68: "ag/ beminde agter al die woorde kyk hoe/ wanhopig ek om bevryding veg soveel/ lettergrepe smyt ek dig as om eenkeer/ dit nooit te besit nie?) en "om te wees" ("die gedig sal wys hoe/ woord in hierdie landskap waar word...", 100).

Dit impliseer ook die spanning tussen die "gewone" mens - bowenal die vrou wat deur 'n manlike bestel aangewys is op irrelevansie of marginaliteit - en die groter patroon van die geskiedenis - 'n spanning wat soms merkwaardig aansluit by Penelope Levy se Moon Tiger: "...unless I am a part of everything I am nothing" (207).

## Bloed

Uiteindelik behels dit ook 'n konfrontasie met die problematiek van geweld en bloed (laasgenoemde selfs in die menstruele siklus teenwoordig) - nie net eksterne geweld nie (vgl onder andere "omdat ek tussen myne...", 32; of in die ontroerende blik, in "Lady Anne voor die mikrogolfoond", op 'n ondergaande wêreld, opnuut so uit die hart van Moon Tiger: "agter ons onder ons langs ons/ stort met die sagte geluid van as/ strukture wat ons soort in stand hou/ in hulle maai", 71), maar ook "die spervuur van potlood en papier/ wat altyd rug teen die waarheid veg" (37). Op stuk van sake kom alles telkens tereg in "ons grintrerige logopgraaf van taal" (41).

En dit beteken 'n hele nuwe ars poetica, wat onder meer sy beslag kry in die groot gedig met die veelseggende titel "parool" (35): want die digter wat hier in 'n tyd van vernietiging tydelik "op parool" is, is ook áángewys op die "parole", dit wat sowel niks as alles is, mag en onmag: "dit is die begin/ of die einde/ van poësie" (37).

## Begin

Vir Krog, stralend en onteenseglik: die begin. Want in laaste instansie is dit nie om die spanning van "idees", die vindingrykheid van parallele en variasie, of die eerlike konfrontasie van eietydse probleme dat Lady Anne 'n groot bundel is nie: maar omdat dit van die digste en rykste poësie in Afrikaans is.

Van die moeilikste ook, seker - vanaf die saamdink van betekenislae, die deurwerk van tekens en beelde, tot die konstruksie, destruksie en dekonstruksie van die taal en grammatika self. Maar vir wie bereid is om naarstig en onbevange mee te werk aan die verwesenliking van dié komplekse teks, is dit 'n avontuur wat in Afrikaans nie maklik sy gelyke het nie.



Antjie Krog

# Dié vasbeslotenheid het die staat laat wakker skrik

**"Verligte" besluite oor gedwonge verskuiwings en inlywings by tuislande word nie geneem omdat die regering skielik "verlig" geword het nie. Dit is omdat landelike gemeenskappe hulle letterlik tot die dood toe verset teen dié hoekstene van apartheid, sê ANINKA CLAASSENS, 'n veldwerker by die Transvaal Rural Action Committee (Trac)**

APARTHEID is 'n meulsteen om die nek, onderhandelings is om die draai en gedwonge verskuiwings iets van die verlede; of só sê vooraanstaande kabinetslede soos Adriaan Vlok, Gerrit Viljoen en FW de Klerk.

Waarom dan gaan tuisland-konsolidasie onverpoos voort, en waarom probeer die staat weer van die Mogopa-gemeenskap - wat in 1984 teen hulle wil verskuif is - ontslae raak?

Hulle kan onmoontlik nie voorgee dat hulle nie daarvan bewus is dat swart landelike gemeenskappe bitterlik daarteen gekant is om by tuislande ingeprop te word nie.

Verskeie Transvaalse gemeenskappe. het ministers soos Viljoen, Chris Heunis en Roelf Meyer ontmoet. Verteenwoordigers van die 120 000 lede van die Moutse-gemeenskap het tot by die staatspresident gaan draai in hul pogings om gedwonge inlywing by KwaNdebele te verhoed. Dié ontmoeting was onsuksesvol.

Hul versoeke vir 'n referendum is afgekeur, en Moutse is in Januarie 1986 by KwaNdebele ingelyf. Maar dit was drie jaar gelede en die Krokodil was toe nog in die kollig. Dalk het dinge sedertdien verbeter.

## Onderhandeling

'n Meer onlangse situasie, waar 'n meer verligte kabinetsminister betrokke was, toon aan hoe die konsep van onderhandeling gevaar het.

In Desember 1988 het verteenwoordigers van die Wes-Transvaalse gemeenskap Braklaagte 'n ontmoeting met Gerrit Viljoen gehad en hom letterlik gesmeek om hul in Suid-Afrika te hou.

Hulle het 'n memorandum aan hom oorhandig waarin hulle hul vrese van geweld, intimidasie en diskriminasie uiteengesit het, sou hulle by Bophuthatswana ingelyf word.

Hy het ewe gaaf na hulle geluister en gesê dat hy sal doen wat hy kan.

'n Week later het hy 'n proklamasie onderteken wat dié vreedsame, tradisionele dorpie aan Bop oorgedra het.

Nou is Braklaagte en hul bure Leeuwfontein verwoes.

Die mans het gevlug, in die aande bondel die mense in die donkerte saam, te bang om kerse aan te steek uit vrees vir die aanhoudende polisie- en weermagklopjagte - honderde mense is beseer en gemartel, ten minste elf is dood.

Viljoen se reaksie hierop is dat die dorpies nou deel van 'n "vreemde land" is en dat navrae òf aan Bop òf aan die departement van Buitelandse Sake gerig moet word.

## Matanzima

Dié Pontius Pilatus-houding vorm die kern van die tuislandfilosofie en die hoeksteen van apartheid.

Verplaas die mense, verplaas hul aspirasies, verplaas hul regte, verplaas hul armoede en dan plaas jy vragte geld in die koffers van Matanzima, Mangope en kie.

Noem dit dan afsonderlike ontwikkeling, swart broederoorlog, 'n piesang-republiek of net wat jy wil. Dit is 'n selfvernietigende beleid, én dit werk nie.

Wat is die Nasionale Party se nuwe standpunt oor die saak?

Daar was die Wet op die Afskaffing van Instromingsbeheer in 1986, die Wet op die Herstel van Suid-Afrikaanse Burgerskap in 1987, en in 1989 die nuwe aanslag op Mogopa en 'n herhaling van die aanvalle op die gemeenskappe van Braklaagte en Leeuwfontein in die vyftigerjare toe die NP die Wet op Bantoe-owerhede en die paswette op vroue probeer afdwing het.

Niks het vir dié gemeenskappe verander nie - hulle probeer steeds om hul grond, waarop hulle volle besitreg verkry het, te behou. Dié grond wat nou afgevat word, of aan 'n vreemde land gegee word. Bloot om 'n enkele eenvoudige rede: hulle is swartmense wat buite die tuislande woon. Net soos dertig jaar gelede word hulle in tronke mishandel, toegang tot hul prokureurs geweier, uit hul huise verjaag en moet hulle toesien hoe hul hoofmanne aangehou word.



## Mathopestad

In Desember 1988 is die plaasgemeenskappe Mathopestad en Motlatla, na 'n mooi seremonie waar die minister en die hoofman van Mathopestad dasse uitgeruil en die minister van goeie buurskap met die aanliggende plase gepraat het, kwytgeskeld van gedwonge verskuiwing.

Mogopa se mense was minder gelukkig. Hulle is van hul grond verwyder.

Die gebied naby Bop wat die regering aan hulle wou gee, het hulle hond se gedagte laat kry oor inlywing by dié tuisland.

Hulle is 'n kabinetsonderneming gegee dat hulle nooit by dié spikkelstaat ingelyf sou word nie.

Braklaagte is nog swaarder getref. Hoewel hulle dieselfde argumente - ook in Desember 1988 - wat suksesvol deur Mogopa gebruik is, aangevoer het, is hulle by Bop ingelyf.

Al drie die gevalle is deur dieselfde minister - wat persoonlike ontmoetings met al drie gemeenskappe gehad het - hanteer: die relatief verligte Gerrit Viljoen.

Waar lê die antwoord vir Viljoen se besluite? Beslis nie by die uitsprake van kabinetsministers nie.

Dit lê by die verset en plaaslike stryd wat dorpie vir dorpie deur swartmense gevoer is. Mense wat wanhopig aan hul grond en hul Suid-Afrikaanse burgerskap vasklou.

Die fisieke verskuiwing van mense het nie opgehou omdat iemand daar bo in die regering sy hart verander het nie.

Dit het opgehou omdat die gemeenskap van Driefontein die regering genooi het om hulle almal dood te skiet nadat hul geliefde leier Saul Mkhize by 'n anti-verskuiwing vergadering deur 'n wit polisieman doodgeskiet is.

Hulle het gesê dat hulle eerder dood in hul eie grond sal lê as om in 'n hervestigingskamp te lewe.

Nog 'n rede was die internasionale publisiteit wat die Mogopa-mense gekry het nadat hulle van hul hervestigingskamp na tydelike vestings en uiteindelik terug na hul geliefde land gevlug het.

Moutse het uit KwaNdebele gekom, nie omdat PW Botha sy houding verander het nie, maar vanweë twee jaar se geweld waarin minstens 30 mense dood en meer as 300 ernstig beseer is.

Eindelik het die Hooggeregshof die inlywing as ongeldig verklaar.

## Tragies


Die gemeenskappe van Braklaagte en Leeuwfontein glo dat hulle ook eindelik weer teruggebring sal word na Suid-Afrika en dat die lewe normaal sal voortgaan, soos in die geval van Moutse, Driefontein, KwaNgema... mense wat die staat uit sy droom van weggooibares - daar waar jy mense weggooi, waar skole, kerke, kinders, mielielande, naaimasjiene en dubbelbeddens net verdwyn - laat wakker skrik het.

Dit is tragies dat die landelike gemeenskappe só ver moet gaan om hul vasbeslotenheid om nie deel van tuislande te word nie, te bewys, en dat die staat nie wil toegee voordat mense dood is en die reeds kwesbare weefsel van landelike bestaan losgeskeur is nie.

Die ironie is dat met elke geval die eens konserwatiewe hoofmanne en tradisionele gemeenskappe in militante teenstanders van die regering verander.

# *Praat met die ANC, sê die Gees wat Wandel*





**DIRK WINTERBACH in gesprek met die Gees wat Wandel, beter bekend as die Skim**

**TWEE HONDERD jaar gelede het die eerste Skim hom verbind tot die bestryding van misdaad. Sy nasate, seuns van Afrika, het dié sending voortgesit.**

**Hulle het 'n styl ontwikkel, gegrond op die Ridderorde (die Sending, die Wit Perd) en die vigilante/regulator-tradisie uit die Wilde Weste, en die Gemaskerde Ruiter, 'n minder plekgebonde figuur.**

**'n Wenresep - maar nie sonder kontradiksies en ironie nie. Die Skim se perd heet Held en sy hond (o nee, dis 'n wolf) Satan. Hy dra 'n skedelring en bewoon 'n skedelgrot. Hy flous die pigmeë met truuks en illusies, vestig homself in hul bewussyn as magies, onsterflik.**

**Is dit nie 'n persoonlikheidskultus nie, waarin die ego se behoefte aan verheerliking en mag voorop staan?**

**Hy is korter, breër as wat ek verwag het. (Ek merk dat sy stewels verdikte hakke het.) Sy bou iets tussen 'n Oosblok-gewigopteller en Mike Tyson. Verbasend fyn die gelaatstrekke - die mond witty, sardonies. Die oë agter die masker vinnig, soms ietwat melankolies - geheime oë van 'n nar. Hy praat vinnig, nasaal, sporadies mompel hy, gooi 'n sin se stert weg.**

*Waarom skedels? Jou voorvader het teen seerowers gestry - wat is die verskil tussen hulle vlag en julle embleem?*

**Skim: (Met sy ken op sy hande lyk hy soos die Denker van Rodin. Hy swyg so lank dat ek dink hy wil nie antwoord nie.)**

**Op ons embleem dien doodsimbole dieselfde doel as op die waarskuwings by elektriese kragstasies. Die dood word nie verheerlik nie. Dit dien as afskrikmiddel vir dié wat hulself wil verryk ten koste van die gemeenskap...**

*Tog wonder 'n mens of dit nie kan ontaard nie - in 'n sadistiese geniet van ontsag en vrees afgedwing in andere - hetsy krimineel of nie?*

**Skim: Nee! Dink dialekties. Om jou lewe op te dra aan misdaadbestryding moet jy die gewone mens se voorregte verbeur. 'n Normale gesinslewe, gesonde roetines... jy moet afsterf, wegsterf van die gewone, alledaagse self... Jy gee jouself oor aan iets groters - hierin lê die dood van die self. Ek sou selfs sê: van die ou self.**

*Julle verbyster die pigmieë met foefies en spesiale effekte. Kan dit nie ontaard in 'n fascistiese kultivering van bygeloof en onkunde nie?*

**Skim: Die pigmieë het 'n lieflike humorsin en 'n ryke verbeeldingskrag. Ons vertonings stimuleer kreatiewe aktiwiteit. Daar is talle voorbeelde van fantasieverhale in hulle kultuur wat duidelik deur die Skim-legende geïnspireer is. Van die jonger kinders is tans besig om die Skim-geskiedenis neer te skryf. Dis 'n merkwaardige prestasie wat pigmieë elders hulle nie kan nadoen nie.**

*Wat dink jy van gesprek met die ANC?*

**Skim: Julle moet rasionaliseer. Solank mense op uitnodiging gaan praat, is julle feodaal. Daar moet 'n nommer wees wat mens kan bel of fax om te sê: Ek wil ook gaan.**

*Wat van jou? Wil jy gaan praat?*

**Skim: Ja, mits die ANC verbind is tot skoon administrasie, en effektiewe beheer oor probleembevolkings ná 'n skikking. Ek dink aan die lumpenproletariaat se swak rekord in revolusies, demobilisering van guerrillas. Korrupsie moet vasgevat word op die hoogste vlak.**

**Ek bedank hom vir dié onderhoud, groet en loop. Op 'n ingewing sluip ek terug en loer deur die venster. Hy het sy grootjas aan, 'n donkerbril op. Hy skryf in 'n sakboekie.**

**Langs hom lê soepel seningrig met blouerige pels die mak wolf, Satan.**



Klikker gesê

Elsabé Wessels

# My buurman, die fascis, voel veilig met FW

MET sy pofferhandjies op sy heupe kom gil my buurman by my deur: "I believe we are going to have more blacks in the building."

Ek is ietwat uit die veld geslaan. "Blacks" is so 'n breë term. Dis soos whites. Gaan die ganse mensdom nou ons stukkie aarde in Hillbrow se hartland beset, wonder ek.

Maar my buurman is humorloos en baie meer spesifiek in sy haatveldtog: "I'm a racist and a fascist and I am proud of it," donder hy met teatrale nadruk voort. "I won't have blacks living in this building."

In my sitkamer sit 'n goeie vriend. Hy is nie wit nie. Hy is ook nie doof nie.

Woede wel in my op; moet ek nog 'n skouspel van wit arrogansie gade slaan, en ek dink aan 'n hele paar onaangename dinge wat ek hom op daardie oomblik wil aandoen.

Maar ek is dié soort Calvinisme geleer wat 'n mens maan om die ander wang te draai, en ek probeer met redelikheid en 'n goeie dosis populêre sielkunde die situasie ontlont.

My buurman is nie iemand wat voor sy eie menslikheid stuit of maklik die aftog blaas nie. Sy tirade neem toe: "I won't have blacks in this building." So asof hy die eienaar van Nugget Hill is. Maar dié soort misplaaste arrogansie en wit verheerliking rus gemaklik op sy skouers. Hy het mos in die goeie dae van bevoorregting sy kleinburgerlike nes geskrop en nou moet geen wese dit op sy werf waag nie.

"If they move in. I move out." Hy werp dit in my gesig met die bravade van 'n wenner. En skielik begin die son vir my skyn. Die man het inderdaad die antwoord. Want sy soort soek ons nie in Hillbrow nie. Ook nie in Westdene, Groenpunt of Bloemfontein nie.

Nou begin ek hom regtig jammer kry. Hy is besig om die dak oor sy eie kop af te brand. Hy wil vlug, maar hy weet nie waarheen nie. Die land en sy mense het hom verbygegaan. My buurman se eie vooroordele het van hom 'n bedreigde spesie gemaak. Sy laaste anker is rassisme.

Daar is diegene wat simpatie met hom en sy soort sal hê, maar ek vind dit misplaas. Die feit is my buurman is aan die verloorkant. Hy besef dit, en hy hou nie daarvan nie. Daar is niks buitengewoon aan dié toestand nie. Groter politieke geeste as hy het dit dié week aan eie bas ervaar. Die eens magtige Nasionale Party is besig om die bodem blink te skraap. Die skim van die Verenigde Party in die 1948-verkiesing krap teen die ruite.

Maar die adder wat my buurman aan sy bors koester, het plaagstatus bereik. En die breë konserwatiewe apartheidsalliansie staan oorgehaal om die dier aan die lewe te hou.

Wanhopig word daar met groot gebaar ten bate van die buiteland gepoog om dié grotbewonergewoontes uit die psige van wit Suid-Afrika te sny. Ministers praat van die albatros om die nek van die Afrikaner.

Een en veertig jaar lank het ons land se wit heersers sy lakeie aangemoedig om die adder veilig te koester - ter wille van Afrikanerdom, ter wille van wit oorheersing; in die naam van uitverkorenheid, swart gevaar, kommunisme, totale aanslag. Met groot omsigtigheid is daar 'n sweep vir eie bas gevleg.

En soos te wagte, word daar wanhopig laer getrek rondom die laaste ruïnes van wit baasskap.


Vir dié doel is die nuwe partyleier en staatspresident 'n goeie keuse. Hy word in 'n makabere poppespel aan die volk opgedis as die Groot Hervormer. Maar my buurman kan gerus wees. FW de Klerk glo in wit baasskap. Sy obsessie met groepsregte en wit bevoorregting verkondig hy jare reeds. Hoewel dit deesdae 'n meer subtiele boodskap is, is hy trots daarop dat hy die volk kan verseker dat elkeen in sy eie woongebied sal woon, dat elkeen in sy eie skool sal skoolgaan, dat wit boere se subsidies prioriteit geniet en dat politiek op kampusse nie geduld sal word nie. Rasse-diskriminasie stol in sy are.

As dit slegs oor apartheid gaan, is FW de Klerk nie die man wat die lei gaan skoonvee nie.

Maar my buurman voel gesus. Hy het gehoor van die heksejag wat die regering van stapel gestuur het om woongebiede wit te hou. Hy het gehoor van die Gestapo's wat voyeur en luistervink vir wit eie sake gaan speel om swart belastingbetalers uit hul huise te skop. Hy het gehoor van die vrees wat in die harte van honderde swart gesinne klop.

Dit laat my buurman veilig voel. Hy weet dat die man, wie se spierwit Ministersraad dié Nazi-taktieke opgedroom het, so pas staatshoof geword het.

# 'n Agtpunt-plan vir 'n veilige ekonomiese toekoms



**PROF SAMPIE TERREBLANCHE van die Universiteit van Stellenbosch het in 'n belangwekkende lesing voor 'n IDASA-konferensie in Johannesburg die beleidsmaatreëls bespreek wat hy glo nodig is om Suid-Afrika se ekonomiese toekoms te beveilig. Hier is 'n opsomming van sy lesing.**

DIE politiek is 'n magspel om politieke mag te bekom wat aan die politieke bewindhebber fiskale magte verleen om oor 'n sekere deel van die land se rykdom te beskik.

Net so is die ekonomie ook 'n "magspel" om rykdom te produseer en beheer daaroor te verkry en om dan die rykdom te gebruik om mag en invloed uit te oefen. Daar is in beginsel niks verkeerd met albei hierdie magspele nie. Dit hoort so.

## Magspel

Wat egter belangrik is, is dat die politieke raamwerk van 'n land só gestruktureer behoort te wees dat alle groeperinge in di. gemeenskap oor die langtermyn aan die wenkant van die politieke magspel sal wees. Net so behoort die ekonomiese stelsel waarmee 'n land hom bedien, só gestruktureer te wees dat alle groepering ook 'n redelike kans het om soms aan die wenkant te wees.

Sowel die politieke as die ekonomiese "magspele" wat vanaf 1910 (en selfs van 1652) in Suid-Afrika afspeel, is 'n onverkwiklike drama waar sommige groepe (veral die blankes) deurlopend aan die wenkant is en die anderskleuriges (en veral die swartmense) chronies aan die verloorkant is. Sowel die politieke as die ekonomiese strukture is onverdedigbaar "skeef" en benadeel die swartmense op 'n onregverdige wyse.

Daar was verskeie belangrike strukturele "draaipunte" oor die afgelope 80 jaar. Vanweë elke "draaipunt" het die parameters of raamwerk waarbinne die politieke en ekonomiese magspele plaasgevind het, telkens verander.

## "Draaipunt"

Enige persoon wat op grond van die strukturele tendense van die afgelope 80 jaar die toekomstige verloop van Suid-Afrika se geskiedenis probeer antisipeer, kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat Suid-Afrika binne die volgende dekade die "draaipunt" na 'n nie-rassige demokrasie gaan bereik. Die vraag is of ons hierdie belangrike "draaipunt" voor sê 1996 kan verwag. Ek is nie baie optimisties hieroor nie.

Die NP-regering se beleid van koöpterende dominasie is daarop gemik om die oorgangstyd solank as moontlik uit te stel. Boonop is die blanke kiesers nog lank nie gereed om die onvermydelikheid van 'n oorgang na 'n veelrassige bestel te aanvaar nie. Op 6 September gaan 70 persent van die blankes (en 90 persent van die Afrikaners) nog vir apartheidspartye stem. En vanweë die te noue samewerking wat tussen die NP-regering en groot dele van die sakesektor (insluitende die Engelse sakesektor) ontstaan het oor veral die laaste 15 jaar, gebruik die sakesektor nie sy bedingingsmag om die NP-regering tot beter insigte te oorreed nie.

## Oorgangsfase

Indien ons die ekonomiese toekoms van Suid-Afrika wil beveilig, is dit dringend nodig dat ons so gou as moontlik met die oorgangstydperk na 'n nie-rassige bestel sal begin en dat ons hierdie oorgangsfase onder gunstige omstandighede sal begin. Hoe langer dit gaan neem voor ons die simboliese en finale "draaipunt" weg van apartheid en op pad na nie-rassigheid kan neem, hoe beter. Hoe langer hierdie draaipunt uitgestel word (sê tot 1996 of later), hoe meer skade gaan die Suid-Afrikaanse ekonomie berokken word en hoe relatief minder gaan die taak wees om die ekonomie weer op te bou.

Ek wil die hoop uitspreek dat 'n oorgangstydperk, wat 'n dekade of langer sal duur, aan ons gegun gaan word sodat ons die erg beskadigde ekonomie weer kan opbou.

In hierdie dekade of langer sal die volgende agt dinge op ekonomiese gebied dringend aandag moet kry.

**1. Dit is dringend noodsaaklik dat Suid-Afrika 'n baie hoë groeikoers (van 6 persent of meer) gedurende die oorgangstyd sal handhaaf. So 'n groeikoers sal net haalbaar wees as die oorgangsregering daarin kan slaag om deurlopend omstandighede te skep wat aantreklik vir die invloei van buitelandse kapitaal sal wees. Die erg beskadigde ekonomie sal in die begin van die oorgangstyd 'n kunsmatige hupstoot nodig hê om Suid-Afrika weer 'n aantreklike beleggingsveld vir buitelanders te maak. Die enigste manier waarop so 'n hupstoot gegee kan word, is 'n Marshall-hulpplan. Dit sal nie maklik wees om so-iets van die res van die wêreld te bekom nie. Slegs as ons die wêreld kan oortuig dat so-iets onontbeerlik is vir die opbou van 'n gesonde nie-rassige bestel én vir die opbou van 'n Suider-Afrikaanse gemeenskapsmark, het ons dalk 'n kans om dit te bekom.**

**2. Tweedens moet ons rekening hou met die addisionele fiskale eise wat die proses van demokratisering gaan genereer. Vanweë die beperkte belastingkapasiteit van die onder-ontwikkelde en beskadigde ekonomie is dit wenslik dat die oorgang na 'n nie-rassige bestel nie in een stap of in 'n te kort tydperk sal gebeur nie. Dit is belangrik dat daar tydens die onderhandelinge ooreenkomste bereik word oor sekere fiskale perke wat sal verseker dat die fiskale vermoë van die ekonomie nie oorspan gaan word nie.**

**3. Derdens is dit belangrik dat Suid-Afrika 'n mark-georiënteerde ekonomiese stelsel sal hê met 'n groot en relatief vrye private sektor, want so 'n stelsel het die beste kans om 'n hoë groeikoers te haal ter wille van die maksimale werkskepping, mannekrag-ontwikkeling en die verbreding van die belastingbasis.**


**4. 'n Nasionaliseringsbeleid moet so sterk moontlik ontmoedig word omdat dit nadelig sal inwerk op Suid-Afrika se buitelandse beeld en Suid-Afrika se aantreklikheid as beleggingsveld sal skaad.**

**5. Nadat die apartheidsburokrasie afgetakel is, sal 'n doeltreffende en doelmatige openbare sektor uitgebou moet word waarin burokratiese rompslomp en bevoordeling tot 'n minimum beperk sal word, maar waar die staat nog 'n belangrike rol as "ontwikkelingstaat" sal moet speel.**

**6. In die organstydperk sal 'n plan gemaak moet word met die ongesonde hoë graad van ekonomiese konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar sal metodes gevind moet word om die groot konglomerate in kleiner en meer mededingende eenhede te verdeel, maar wel op 'n wyse wat nie die groeiprestasie van die ekonomie onnodig aan bande sal lê nie.**

**7. Dit is noodsaaklik om na oplossings te soek vir die geakkumuleerde probleme van armoede, ontneming en ander ontwikkelings in veral swart geledere. Maar vanweë die geweldige omvang van hierdie probleme en vanweë die baie hoë bevolkingsgroeikoers sal dit uit 'n ekonomiese oogpunt nie verstandig wees om hierdie probleme in 'n te kort tydperk deur owerheidsoptrede te probeer oplos nie. Dit wil egter nie sê dat die oorgangsregering van meet af stappe sal moet doen om die ergste vorme van armoede en onreg uit die weg te ruim nie.**

**8. 'n Aangeleentheid wat nie onaangeraak gelaat kan word gedurende die oorgangstydperk nie, is die skerp ongelyke verdeling van eiendom. 'n Mens sou moontlik vordering op hierdie gebied kan verbind aan die Marshall-hulpplan. Nog 'n manier om hierdie sensitiewe probleem aan te pak, is deur middel van 'n grondhervormingsprogram. Indien so 'n program goed beplan en deurgevoer word, kan dit van meet af lewensvatbaar uit 'n suiwer ekonomiese oogpunt wees. Dit is egter belangrik om te besef dat ander vorme van politieke en ekonomiese hervorminge wat in die oorgangstyd aangepak mag word, onvoltooid sal wees as dit nie gepaard gaan met 'n verantwoordelike oordrag van eiendomsregte aan 'n groeiende getal swartmense nie.**



Vrye Weekblad

# FW se mooi woorde

*"Môre begin ons met nuwe stukrag reeds bou aan die nuwe Suid-Afrika wat ons hier wil vestig" - FW de Klerk net na PW Botha se bedanking.*

Mooi woorde.

Ons glo ook aan 'n "nuwe Suid-Afrika". Bo-aan Vrye Weekblad se naam op die voorblad staan daar juis: Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika.

Om die waarheid te sê, die meeste Suid-Afrikaners wil graag 'n "nuwe Suid-Afrika" sien.

Maar is dit dieselfde "nuwe Suid-Afrika" waarna ons nuwe president verwys?

Of bedoel De Klerk net meer van dieselfde as wat PW Botha vir ons gegee het, maar met 'n mooier gesig?

Dat Suid-Afrika se mense nog uitmekaar gehou gaan word, maar dat dit "met deernis" afgedwing gaan word, soos Stoffel van der Merwe die ander dag gesê het?

Dat almal wat wil protesteer daarteen dat hulle nie stemreg of toegang tot die beste geriewe het nie, "vasgevat" word as "terroriste", soos Adriaan Vlok die laaste paar weke dreig?

Dat die hele "nuwe" bestel steeds op rassegroepe gebou gaan word met 'n "grys groep" as enigste nuwe element?

Dat "mak" swart leiers geïdentifiseer word en net met hulle "onderhandel" word?

Ons is bevrees FW se mooi woorde is ook hol, leë woorde.

'n "Nuwe Suid-Afrika" beteken vir die stemlose meerderheid van landsburgers 'n volledig demokratiese, nie-rassige land met vryheid en gelyke geleenthede vir almal. Niks minder nie.

As FW wil hê mense moet hom ernstig opneem en hom 'n "kans gee", soos die NP-wekroep lui, dan moet hy onmiddellik die Groepsgebiedewet, die Bevolkingsregistrasiewet en die Wet op Afsonderlike Geriewe afskaf; die noodtoestand beëindig; alle politieke gevangenes en aangehoudenes onvoorwaardelik vrylaat - insluitende jong leiers soos die Delmas-groep; beperkinge op alle politieke organisasies soos die UDF en die ANC ophef; en 'n proses aan die gang kry waardeur ware leiers bymekaar kan kom om die toekoms te beding.

Tot dan verdien FW nie 'n kans nie.

## Die sportboikot

Ons verwelkom die nuwe gedagterigting binne anti-apartheidsorganisasies dat die sportboikot teen Suid-Afrika nou meer selektief toegepas moet word.

Ons voel al geruime tyd dat die sport- en kultuurboikotte wat daarop gemik is om politieke druk op die staat toe te pas, meer intelligent en produktief beplan en uitgevoer moet word.

Die houdinge van die blanke publiek en die strategieë van die regering het oor die laaste paar jaar verander, en teen-strategieë behoort aangepas te word anders ontaard dit in 'n sinnelose, blindelingse strafsessie. Dit maak byvoorbeeld min sin dat Suid-Afrikaanse sokker aan die boikot onderwerp word nou dat die vier beheerliggame besig is om te verenig.

Ons glo dit is byvoorbeeld tyd dat die wit krieketbase, wat reeds heelwat gedoen het om rassisme uit die sport te weer, hul afwysende houding jeens die nie-rassige sportliggame laat vaar en uit volle sanksie vir internasionale krieketoere dan oorweeg word.

Ons voel ook dat die inisiatief vir boikot-aksies, as daar dan so iets moet wees, nie by anti-apartheidsorganisasies in die buiteland moet lê nie, maar by Suid-Afrikaners self wat deel is van die stryd teen apartheid.

Meer moet ook gedoen word om sportmense self binnelands bymekaar uit te bring.

# So sê hulle . . .

"Ons betaal nou die prys vir blanke oorheersing en 'n blanke regering." - Marike de Klerk.

"Wat de donner gaan nou aan?" - Die laaste woorde van kapt Dawie Uys op die Helderburg-vlug.

"Apartheid kan nie verander word en 'n aanvaarbaarder gesig gegee word nie. Dit moet heeltemal verwyder word." - Eerw Stanley Mogoba, president van die Metodistekerk van Suider-Afrika.

"Was dit nou nodig! 'n Mens se eerste reaksie was dié van ongeloof dat pres PW Botha dit nodig geag het om deur sy verklaring Vrydag die Nasionale Party in 'n nuwe spanning te dompel hier kort voor die algemene verkiesing." - Hoofartikel in Die Burger.

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

**M du Toit van Dusit Thani 602, Mearsstraat 242, Muckleneuk skryf:**

Mnr Con Botha praat van die breë demokratiese beweging se "sogenaamde gewaande ondersteuning" en "dat hulle geen manier het om te bewys hoeveel mense hulle verteenwoordig nie". Heeltemal reg.

Volgens die breë demokratiese beweging self is daar blykbaar geen opgetekende lidmaatskap en word besluite nie op simpatiseerders afgedwing nie. Maar ek vermoed hulle verteenwoordig 'n breër (en veelsydiger) sektor as wat die Nasionale Party graag besef.

As die breë demokratiese beweging bv korrek beskryf word as 'n organiese, ongestruktureerde beweging wat veral herken word aan sy aandrang op 'n demokratiese nie-rassige Suid-Afrika en verbondenheid tot 'n geweldlose strategie (baie anders as die regering s'n, terloops) dan is ek outomaties lid van die breë demokratiese beweging, hoewel ek aan geen politieke organisasie behoort nie. Ek sien nie eens kans om bloot vir die DP te stem nie, noudat hulle kandidate in die Huis van Afgevaardiges gaan stel. Geen parlementêre opsies dus. En ek is 'n doodgewone mens, geen heethoof of ideoloog nie. Nie eens jonk nie.

Kan die regering nie besef daar kom 'n tyd wanneer 'n minderheid nie meer sy doodsgreep op 'n veronregte meerderheid kan behou nie? Wanneer selfs bevoorregtes nie meer kans sien vir die selfsug, geweld en korrupsie wat 'namens' hulle gepleeg word nie?

Die gety is aan 't draai. Hulle sal nie beter vaar as koning Kanuut nie. En ek (en duisende soos ek, en nóg duisende wat te kwesbaar voel om dit reguit te sê) woon onder protes agter die duur geëlektrifiseerde heinings wat sonder my medewete maar met my geld opgerig is. Daardie heinings mag baie effektief wees teen vlugtelinge en honger diere, maar hulle sal nie verandering uithou nie, ook nie die stygende veragting van 'n wêreld wat minder as 'n eeu gelede nog aan ons kant was nie. In die dae toe die Britte aan ons gedoen het wat namens ons aan ons mede-Suid-Afrikaners gedoen word.

Wat te erg is, is te erg; dis genoeg nou; basta.

# Selfs die bevoorregtes is moeg hiervoor

### Ter wille van balans

**Chris Louw, Die Suid-Afrikaan, Kaapstad, skryf:**

Dit is onder my aandag gebring dat u onlangs in u politieke kommentaar-rubriek verwys het na my uitasembeskrywings van Transvaler se redakteur, dr Gerrit Velthuyzen, se "leeuagtige rustigheid".

Ter wille van die balans dink ek daar behoort daarop gewys te word dat ek in dieselfde uitgawe van Die Suid-Afrikaan net so in vervoering geraak het oor die redakteur van Vrye Weekblad.

So het ek onder meer na Max du Preez verwys as iemand met "'n stewige skoot charisma". Ek het ook geskryf dat joernaliste bekend is daarvoor dat hulle baie praat en min doen. Om daadwerklik 'n koerant soos Vrye Weekblad te begin, het ek met onverdoeselde bewondering bygevoeg, "was daar 'n Max du Preez nodig".

U sien dus dat my hartklop nie net versnel by beskrywings van koerantredakteurs in die Afrikaner-establishment nie; dieselfde byna hygende ekstase kan gevind word in my beskrywings van Boere-redakteurs wat hulle in die struggle bevind.

### Te veel om te sluk

**Christo Swanepoel van Johannesburg skryf:**

Ek lees graag Vrye Weekblad.

Hoewel ek geen belang by ET se sekslewe het nie kon ek verlede week se artikel sluk in die lig dat die mense dit wil hê.

U artikel oor die regse bewegings, wat absolute laster weergee, en die feit dat u bereid is om publisiteit daaraan te gee, selfs al is dit om die perversiteit aan die lig te stel, is heeltemal onversoenbaar met dit waaraan ek glo.

### Draai dit om

**Lochner de Kock van Westdene skryf:**

'n Sendbriefie aan die gemeente van Aasvoëlkop:

"LIES" my "FOOL"

Draai dit om! Draai dit om! Die duiwel kom!

Agterstevoor, onderstebo, die droom verstom.

Droom, moord... Satan kruip in die groewe in,

terwyl Aasvoëlkop se gemeente hulde bring...

IN NOMINE, DOMINEE,<br>
SPIRITUS, EMIRITUS,<br>
SANCTI, KERKBANKIE.

Draai dit om! Draai dit om! Die hel is bo!

Daar's 'n duiwel innie bybel, onverlos, onverlos.

Slang... adder... die Bose dier is hier, is hier,

terwyl Aasvoëlkop se gemeente Nagmaal vier...

IN NOMINE, DOMINEE<br>
SPIRITUS, EMIRITUS,<br>
SANCTI, KERKBANKIE.

Draai dit om! Draai dit om! Ruik die swael!

Die hel is vuurwarm, die duiwel kom jou haal

Swart kat... brandgat... die duiwel sê, "Kom maar in!"

terwyl Aasvoëlkop se gemeente, met kerkorrel-begeleiding sing...

IN NOMINE, DOMINEE,<br>
SPIRITUS, EMIRITUS,<br>
SANCTI... DANKIE.

*Vervolg op bladsy 18*

## Van Krokodil tot...



As daar één sin is wat Sy Edele Waarnemende Staatspresident FW de Klerk ooit gebesig het wat hy nie kan verwag selfs 'n standerd drie-kind moet glo nie, is dit sy stelling Woensdagaand op TV oor PW Botha: "Ons was lojaal tot die einde."

Brolloks was self nou nooit eintlik 'n groot bewonderaar van die Groot Krokodil nie. Maar die manier waarop FW en Pik agter die arme man se rug gekonkel het, en toe op nasionale televisie sy derms sit en uitryg het, was darem een te erg. Dit sou enige self-respekterende aasvoël of hiëna groen laat word het van jaloesie.

Uiteindelik is dít wie en wat die Nasionale Party eintlik is. Maar die ge-aangaan oor hoe "menslik" en "Christelik" FW teenoor PW was (Pik se woorde) het Brolloks met 'n baie slegte smaak in sy mond gelaat.

* Met sy rol in die hele spektakel verdien Pik 'n nuwe titel: "Die Laksman".

## En wat noem ons hom?

Gepraat van nuwe titels: Brolloks kondig hiermee 'n nuwe kompetisie aan. Die naam Groot Krokodil vir PW Botha het by almal vasgesteek. Miskien is dit gepas dat ons nou reeds vir FW ook 'n naam kry.

Brolloks het R100 uit sy trommeltjie onder die bed gehaal wat hy nou uitloof vir die beste naam vir FW: R75 vir die wenner, en R25 vir die naaswenner. En die drie beste inskrywings kry 'n jaar sé gratis inskrywing op Vrye Weekblad. Stuur inskrywings aan Brolloks, Posbus 42637, Fordsburg 2033. Oor 'n maand kondig ons die wenner aan.

* Daar is al 'n paar voorstelle. Soos die Groot Akkedis. Of die Tandelose Leeu van die Noorde. Maar dit lê nie so lekker op die tong nie. Laat hoor van julle!

## 'n Laaste swaai van die stert

Brolloks is trots op sy eie insig in die politiek. 'n Maand of wat gelede het hy gewaarsku: Pasop vir 'n laaste swaai van die Groot Krokodil se stert! En dan was ons spotprenttekenaar, Roger Titley, ook nie ver uit die laaste paar maande nie...

## Hoor hoe tjank hulle!

Al niksvermoedend op 'n kat se stert getrap en gehoor hoe hy/sy tjank? Só het dit in die geledere van die Nasionale Party en die Nasionale Pers (is daar 'n verskil?) gegaan ná Vrye Weekblad se geslaagde regsaksie om die NP te keer om verder die kopiereg op 'n foto te skend.

Die foto, vir dié wat nog nie weet nie, was van Wynand Malan en Sampie Terreblanche saam met twee ANC-leiers by 'n konferensie van akademici in Wes-Duitsland. Die NP, met tipiese arrogansie, het dié foto gesteel en op 'n advertensie gebruik om die DP te diskrediteer.

Die wet op kopiereg is 'n wet van die Nasionale Party-regering, en dié wet bepaal dat dit 'n kriminele oortreding is om kopiereg te skend.

En toe, soos wetsgehoorsame burgers (wie lag daar in die hoek?) maak Vrye Weekblad aanspraak op die wet.

Vrydag verkondig Beeld dit sommer op sy plakkate: Die foto wat die kiesers nie mag sien nie! En breek sommer wéér die kopiereg en plaas die foto. En sommer 'n gróót voorblad-storie daaroor waarin herhaaldelik na die "linkse blaadjie" verwys word wie se foto dit was. En 'n ellelange verklaring deur Barend du Plessis.

Meanwhile back at the ranch, soos hulle sê, het die linkse blaadjie self die foto dieselfde dag op sy voorblad geplaas - 'n foto wat die DP al tevore (met toestemming) in hul eie publikasie geplaas het.

Die punt is natuurlik dat die DP nooit omgegee het dat die kiesers die foto sien nie - inteendeel, die party verkondig openlik dat hy ten gunste is van kontak soos dié waartydens die foto geneem is.


Vrye Weekblad self glo sterk sulke kontak is noodsaaklik en sal dit graag wil aanmoedig. As ons die foto wou wegsteek, sou ons dit nie al drie keer gebruik het nie, of hoe?

Maar drie dae lank kerm en kla Beeld, Die Burger en Volksblad. Soos Saterdag weer in die politieke rubriek van Dawie: "Toe die NP die foto in 'n advertensie gebruik en vrae oor die implikasies van die vriendskap met radikale en selfs terroriste-groepe stel, het die linkses die bewerasie gekry." Ensovoorts. Soos net die vaal mannetjies van Die Burger kan aangaan.

Nou sien Brolloks die volgende stukkie wat elke dag in Beeld en seker die ander Nat-blaadjies ook verskyn: "Geen berig, artikel of foto hierin mag sonder die verlof van Nasionale Media gereproduseer word nie ingevolge Art 12(7) van die Wet op Outeursreg van 1987."

* Hoe nou, broers? Net so valsgat soos die party wat julle so ywerig dien...

# Pik die Laksman en FW die Heilige vergader om die karkas...




## Brolloks


## Vlermuise

Voor Brolloks loop, net nóg 'n ou Stellenbosch-grappie om dié kliek se bisarre sin vir humor te demonstreer. Soos laasweek se storie oor die krokodil, lag mense hulle glo besimpeld daaroor: Wat het die een vlermuis vir ander gesê? "Die wêreld is darem maar onderstebo, né?"

# Volksheld met fast talking uit die presidensie onderhandel

GENADE, vrinde, die onderhandelingspolitiek dryf mens darem nou tot raserny! Louter waansin en pers jakkarandatakke. Daar gaan staan Madam de Klerk se selfvoldane man toe en onderhandel die Volksheld skoon uit die presidensie uit.

Praat van fast talking, gee FW 'n halwe kans en jy's jou siel kwyt. Egbertus was vanselfsprekend teenwoordig tydens die kabinetspektakel, suiwer as gevolg van sy invloed in die politieke sfeer, natuurlik. Of dalk Miesies Klaagvoort se koeksistergebaseerde bargaining power. Iedergeval, so het dit min of meer gegaan (voeg sout by na smaak):




Egbertus Klaagvoort

"Volksheld, u Hoogheid, ek doen 'n beroep op u om tog nou te verdwyn. Toe, neem nog 'n slukkie tee, dalk doen dit die trick. Gaan lek-lek so stil-stil u wonde in die Wildernis, ja ek pos u sommer na die wildernis. (Gewyde gelag) U sal gelukkiger wees daar, en ek sal veel gelukkiger wees met u Hoogheid daar."

"Maar wat sê ek vir die mense as hulle vra wat ek daar maak, my vleis lê dan alles in die Kaap?" (Gewyde geskuifel)

"U kan maar u gesondheid as verskoning aanbied, die vee sal dit sluk. Ek en Madam sien dit só daar by die huis: u Hoogheid het gans te gou gesond geword, dit kan nie so aanhou nie, netnou is ek my brandendste ambisie kwyt. Geen uitbarsting of skandaal kon u ooit topple nie, maar toe kom die goue kans (het ek gesê goue gans?) (ondersteunende gelag) met u siekte. Is dit dan nou reg dat u gaan staan en herstel? Wat word van gee FW 'n kans as hy dalk nooit 'n kans kry nie? (Barend mompel: "Straks kry jy anyway nie 'n kans nie.") (Waarderende gemurmur) "Nog nooit, ek gaan nie onder so 'n leuen verdwyn nie. Do your damndest." (Ongemaklike gebrom) "Hoge Volksheld, dit synde u houding, gaan ek u nou die trekpas gee op 'n manier wat Pik vanaand op TV as ordentlik en Christelik sal beskryf (ordentlik en Christelik het natuurlik vele skakerings in die Suid-Afrikaanse opset, nes die bevolkingsregister). Skoert, ou man, ek smag na jou stoel." (Geruislose gesit) "Oor my dooie liggaam, oeps amper byt ek my tong af, vir 'n oomblik het ek vergeet van die messe wat hier teen my rug prik. Ek bedank, en kyk hoe jy 'n verkiesing wen met so 'n drama." (Verligte verkrampte sug)

## Iemand lieg liederlik

Onthou julle nog vir Barend wat sê niks het die afgelope twintig jaar verander nie, behalwe dat ons nou 'n parkeerprobleem het? Nouja, hier gaan toe 'n ou parkeerplekkie oop en daar gaps FW hom; sy lippe was al skoon skurf van aflek. En so word nog 'n geringe parkeerprobleempie opgelos, 'n nietigheidjie, as jy die SAUK moes glo.

Geliefdes, ek weet julle smag na die waarheid, nes julle voorbeeldige Egbertus. Nou kyk, iewers lieg iemand liederlik. Die ou president sê sus, rammetjie-uitnek-president sê so. Die ou president sê die ou spul wou hom uitskop onder valse voorwendsel van kwynende gesondheid, maar baby two-shoes (het ek gesê two-face?) sê dis onwaar, die Volksheld is actually kranklik. Mediese man, mos, die Master, hy sal weet. Kildare de Klerk. (Moet nou nie die kill in Kildare gaan verwar met assassination nie, hoor.) Dierbares, albei kan nie die waarheid praat nie. Dit lyk mos al te veel asof daar gelieg word deur die huidige, voormalige of toekomstige president, en dis 'n sorry state of affairs. Veral vir die stomme ou Party.

Maar die ergste van al hierdie onderduimshede, die huigelagtige onderhandelary, is dat dit nou vir Madam de Klerk 'n geweldige voorsprong gee in die stryd om die koeksistergilde. Al ken sy nie die prys van bruin pannekoek nie, wat nog te sê dié van koeksisters (dit kom alles gratis op die ministerie se perks, sien), gaan sy vreeslike voorspronge opbou bloot op die ticket van Sy Selfvoldaanheid.

Miesies Klaagvoort is in 'n toestand, dit boer by die snesies en die smelling salts, en dit gaan glo selfs raad vra by die gesofistikeerde kolomme van Sarie.

## Solly in die pekel

Spare a thought for Egbertus, your friendly neighbourhood oracle.

Gee krag en versterking, vrinde, die vreemdste gedoentes is aan die gebeur op ons agterstoepe, julle weet nog net nie daarvan nie. Onthou julle nog die deernis waarmee die Groepsgebiedewet toegepas gaan word? Soos dat bure nou op bure moet spioeneer? En dat die Gestapo dinge dan regfoeter? Nou ja, hierdie enetjie is so bisar, dit kan net in 'n gee-FW-'n-kans country gebeur. 'n Kaapse kandidaat in die verkiesing, genaamd Solly Levy maar van ondenkbare afkoms, hy staan dan vir die off-white huis, is in die pekel. Sy fout was dat hy intrek geneem het in 'n huis in sy eie kiesafdeling.

Nee kyk, 'n mens kan dit darem nie toelaat nie, sê die minister. A-ja-a. Toe gaan gee 'n buurman hom aan, soos goeie bure mos doen. En nou gaan sy lot deur die Prokureur-Generaal beslis word. Kan enige gemeenskap so sotlik optree? Wel, onder die vaandel van Sy Selfvoldaanheid, Madam de Klerk se man, kan dit seker. Terwyl gewone sterflinge na sotheid streef, kom dit instinktief op by onse volksleiers.

Master de Klerk het tog onlangs nog 'n beroep op goeie buurskap gedoen, of hoe? Hoe rym dit dan?

"Solly, moenie lollie."
Maar Solly willie hollie.
"Ons slat jou met die Groep!"
Toe stuur hulle die troep.
So lyk FW se kans:
Net nog 'n fancy dans.

## Demokrasie in aksie

Wil julle ware demokrasie in aksie sien? Eerste Nasionale Party Bank het op eg demokratiese wyse 'n ou rugbytoertjie vir julle aangelê. Maar nie net is dit 'n toer nie: dis 'n simboliese verbreking van 'n uiters suksesvolle sportboikot wat waarskynlik meer as enige ander middel daartoe bygedra het dat ons besin oor apartheid. Dis ook 'n massiewe ondersteuning van wit sport, terwyl soortgelyke borgskappe aan swart sportkodes geheel en al ontbreek, selfs wanneer reguit daarvoor gevra word.

Moeder noem dit siniese opportunisme, maar wat weet sy nou eintlik van rugby? Ook is die toer natuurlik 'n veroordeling van politiek wat deur die booswigte van die ANC en UDF by sport ingevoer is. Waar was die geborgde toere om Verwoerd en Vorster se verpolitisering van sport te fnuik? vra Oswald van agter 'n reusagtige petunia. Nou noem ons dit sommer nog 'n toerspan wat toetse sal speel. Maar wie kies die armsalige span? Waar is die bestes ter wêreld om met die beste Suid-Afrikaners mee te ding? A, waar is die beste Suid-Afrikaners? Ons sal tog nooit weet hoe sterk die nie-rassige kodes se sport is nie, want niemand bodder om ooit te gaan kyk nie.

Dan maak RF Botha sulke idiotiese stellings soos dat die Volksheld, dear and departed, verantwoordelik was daarvoor dat sport in onse land absoluut en totaal nie-rassig is. Entoesiaste, gaan leer tog die verskil tussen nie-rassig en veelrassig, dis aansienlik en wesenlik.

En vertel dan sommer vir die Eerste Nasionale Party Bank, en ook vir Dr Ali Baba, towernaar van die krieketunie.

Moeder vra boonop: waar lê die moraliteit daarvan om nie net met hierdie toer nie, maar met egte rebelle-toere, armes van sak met astronomiese betaalpakkette te verlei om hul oë vir apartheid te sluit? Sy vra maar net.

## Sheikh wie?

'n Slinkse gedagte kom pas by die ewig slinkse Egbertus op. Julle onthou mos die sappige aanspraak van Kolonel Gadaffi dat Shakespeare 'n Arabiese edelman was, en nie die bebaarde van Avon nie? Dalk is hy tog reg: was die kêrel se naam nie dalkies Sheikh Speare nie?

# Joernaliste protesteer

*Vervolg van bladsy 14*

Aidan White, sekretaris van die Internasionale Federasie van Joernaliste, skryf:

**This is a copy of a letter I had sent to Minister Adriaan Vlok:**

**The International Federation of Journalists, which represents more than 150 000 journalists around the world, wishes to protest strongly over recent legal actions directed against various journalists in South Africa.**

**We are shocked to learn that Aggrey Klaaste, Editor of the Sowetan, is accused of breaching the Internal Security Act for publishing a speech by Harry Gwala, a "listed" person. We protest also over the action taken against Tertius Myburgh, editor of The Sunday Times, for also quoting Gwala.**

**These prosecutions are in our view a breach of Article 19 of the Universal Declaration of Human Rights and a denial of freedom of expression in civilised society.**

**We deplore also the charges laid on July 20 against Anton Harber, editor of the Weekly Mail and also against former Weekly Mail reporters Franz Kruger and Jo-anne Bekker. Their crime? Apparently, they have disclosed the conditions of detainees.**

**It is astonishing at a time when South Africa is trying to show a democratic face to the world, that laws and "emergency regulations" antipathetic to all democratic values are being used against journalists and the freedom of expression.**

**How is it that the State President of South Africa may have tea with Nelson Mandela, but that on July 13 Derick Jackson, editor of the small rural newspaper Saamstaan, is summoned to appear in court for having published a photograph of Mandela?**

**What value is an electoral process when the editor of Vrye Weekblad, Max du Preez, is given a six months suspended prison sentence in June for quoting a Communist Party leader?**

**Why is it that in the full glare of preparations for an election, the Government should be considering some five different charges against a leading newspaper of the black community, New Nation?**

**The answers appear to lie in the South African government's one-dimensional view of democracy - the belief that democracy is a minority sport where only the priviliged may play and the majority must remain respectful spectators.**

**One thing above all is clear - when journalists who provide critical and independent coverage of a society are victimised, then democracy, even in the twilight circumstances of South Africa, cannot exist.**

**We call on you to lift the proposed legal actions against all journalists. We ask that you take steps to restore freedom of expression and to respect human rights for all.**

---

Wynand Badenhorst van Quellerina skryf:

Ek is nou nie juis 'n groot aanhanger van Vrye Weekblad se politieke sieninge nie, maar ek het groot waardering vir die koerant se openlikheid. Geloofwaardigheid is sekerlik 'n koerant se grootste bate, en dié het julle.

Ek is ook 'n leser van Beeld, maar vanoggend se uitgawe is juis wat my tot dié skrywe dwing. En ek is nie eens lus om vir Beeld self daaroor te skryf nie.

Dit gaan naamlik oor die rubriek Potjiekos van Johan van Wyk. Gewoonlik is hy nogal vermaaklik, maar vanoggend het hy die perke oorskry.

Hy skryf oor hoe hy gevra is wat hom tot kreatiwiteit dryf. Ek haal aan: "Liefde vir die joernalistiek, my kinders, my grond, my taal, my land, my mense (selfs dié in die KP maar beslis NIE dié in die DP nie) en bo alles: liefde vir Jesus van Nasaret, die Leidsman en voleinder van die geloof..."

Sonder verdere kommentaar wil ek net dit sê: Ek is ook 'n Christen, en Johan van Wyk gee my ernstig aanstoot.

Aan Vrye Weekblad wil ek sê: Doe zo voort, eendag sal die res van ons seker opvang.

---

**Vrye Weekblad**

# KLEINADVERTENSIES

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê mense met skoon gewetens kan lekker gaan rus

Internasionale penvriende: Ons klub het nou 160 000 lede in 153 lande en ons verskaf 'n pen-vriendediens aan 'n ieder en 'n elk. Om nadere besonderhede skryf aan Johan van der Schyff, Posbus 128, Welverdiend 2700

Die Bleskoppe teen Apartheid sê die uitgaande en inkomende bleskoppe van Tuynhuis het alle bles-koppe se name gat gemaak die week

Aan David D en Lauren J: A luta continua, vittoria e certa - of hoe? Baie dankie. Van die media-terroriste van Newtown

## WOONPLEK

Huis te huur
Groot semi, 2 slaapkamers, tuintjie met avokadoboom in De Waterkant, Kaapstad. Onmiddellik te huur teen R720 per maand. Skakel mej Van Biljon (021) 25-4850 bylyn 2282 bedags

Melville: drieslaapkamerhuis te koop. R125 000 ona. P Kruger (w) 716 5654 (h) 487 1239

## DIENSTE

Vrye Weekblad
Ons lesers is ingelig. Hulle lées Vrye Weekblad. Om meer uit te vind hoe om in ons spesiale bylaes of by fokus-artikels te adverteer, bel Gwynne Bramley-Wray, advertensiebestuurder, by (011) 836-2151

Kitaarlesse deur Deon Maree - skrywer van die gewilde boek KITAAR: leer self speel. Tel 648 8032

Drawing Lessons: Learn to draw through an exciting drawing program with regular small classes, personal tuition and reasonable rates. Tel Alan (011) 837-4830

Meditasie. Nie verbonde aan 'n spesifieke geloof nie. Agt lesings en begeleide meditasie. Skakel Thomas (012) 788-5211 of Madi (012) 73-3578 (h)

Afrapix. Ons dupliseer kleurskyfies en beskik oor 'n swart/wit-donkerkamer. Dié geriewe teen redelike tariewe. Skakel (011) 643 1654

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 7240784

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motordeur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591

## GEBEURE

Woensdag 23 Augustus. U word uitgenooi om u wegneemete na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir middaguurvideo oor Martha Graham: Drie kontemporêre klassieke dansstukke

Concerned Social Workers se algemene jaarvergadering. Onderwerp: Dra maatskaplike werketiek by tot 'n demokratiese Suid-Afrika? Woensdag, 30 Augustus om 5.30 nm, Senaathuis 5, Wits. Navrae (011) 716-3398

## MARK


Kashgar

**KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**


## VAKANSIES

Drakensberge
Herberg vir die wat jonk van gees is. Ook staptoere van 2-10 dae. Redelike tariewe. Ed Salomons, INKOSANA LODGE, Posbus 60, Winterton 3340. Tel 03682 vra vir 3520

Resthaven Vakansieoord
Kom en geniet 'n ontspanne vakansie in ons eenvoudige rusoord. Ongeveer 10 minute van Shelley Beach af. Swem, gholf, rolbal en visvanggeriewe is byderhand. Spesiale tariewe buite seisoen. Volwassenes vanaf R14,00 per dag, ontbyt en aandete ingesluit. Skakel mev Jameson by (011) 834 1708


JACOB REGOP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**



**Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!**








Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: __________
Adres: __________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30

**Vrye Weekblad**

# Chernobyl-bestraling bestudeer




'n Spotprent deur Mike Peters in die Dayton Daily News

MOSKOU - 'n Groot gebied rondom die Chernobyl-kernsentrale word bestudeer om die gevolge van bestraling op die omgewing vas te stel.

Denneboomnaalde is dieselfde grootte maar weeg swaarder, eikeboomblare is geweldig groot en daar is akasiabome waarvan die blaarskywe so groot soos 'n kind se hand is.

Na die ongeluk in April 1986 was die bestraling in hierdie gebied die hoogste.

Na verwagting sal baie van die dennewoude binne ses tot sewe kilometer van die kernsentrale uitsterf. Die graad van bestraling in dié gebied was tussen 300 en 450 radiasie-eenhede (Rads). 'n Mens ontwikkel akute bestralingsiekte indien hy aan 300 Rads blootgestel word.

Diere in die gebied is ook aangetas - knaagdiere toon abnormale genetiese afwykings en hoë vlakke van bestraling is in jakkalse, hase en wilde varke gemeet.

Tolbome en visse is ook erg aangetas. - AFP

# Heiliges hou hul klere aan

**Bruno Bartoloni**

VATIKAANSTAD - 'n Klomp naakfigure op Michelangelo se Laaste Oordeel wat hy in 1534 geskilder het en wat op bevel van Rooms-Katolieke kerkleiers toegeverf is, gaan hul sedelikheid behou.

Die muurskildering, wat 17 by 13 meter groot is, is in 1564 deur Daniele de Volterra "verander".

Hy het klere oor die naakgedeeltes geverf omdat sekere kerkgangers aanstoot geneem het.

Hulle het gemeen dit is nie van pas in die heilige atmosfeer van die Sixtynse Kapel nie.

Die hoof van die span herstelwerkers, Fabrizio Mancinelli, sê die geslagsdele van die figure, wat Sint Blaise en Sint Catherine van Alexandrië insluit, sal na alle waarskynlikheid vir ewig onsigbaar bly.

"Sedert ons met restourasie begin het, het ons gewonder wat om met die Laaste Oordeel te doen," het Mancinelli met verwysing na die kortbroeke, onderbroeke en lendedoeke wat De Volterra geskilder het, gesê.

Die kledingstukke is waarskynlik geverf nadat die oorspronklike laag verwyder is. "Selfs al wou ons, sou dit onmoontlik wees om die oorspronklike skildery te herwin.

Daar is die meeste aan Sint Catherine verander. Sy is heeltemal toegeverf."

Dit is in elk geval die restoureerder se doel om die skildery in so mate te restoureer dat die oorspronklike skildery en die latere veranderings van ander skilders kan bevat.

"Natuurlik wil ons De Volterra se bydrae bewaar, want dit het te doen met die teenhervormingstydperk in die geskiedenis en die Konsilie van Trent," het Mancinelli gesê.

Omstredenheid omring die Rooms-Katolieke Kerk se weiering om Michelangelo se skildery na sy oorspronklike te herstel.

Die restourasie van die Laaste Oordeel is deel van 'n groot projek om die hele Sixtynse Kapel te herstel. Die projek is in 1980 begin en sal 4 miljoen dollar kos.

Die koste word deur 'n Japanese TV-maatskappy gedra. Die maatskappy het ook eksklusiewe regte om die gerestoureerde kapel eerste te verfilm. - AFP

MY WÊRELD!

# *Olifante saai verwoesting in Indië*

Pratap Chakravarty

NIEU-DELHI - 'n Trop wilde olifante het tydens 'n jaarlange soektog na 'n tuiste 33 mense doodgetrap, dorpies en landerye verwoes en paniek gesaai in die oostelike gebiede van Indië.

Die trop - twaalf koeie, vier bulle en 'n jong kalfie - het eindelik by 'n wildreservaat in die oostelike Bihar-provinsie aangekom nadat hulle sedert Augustus verlede jaar meer as 'n duisend kilometer afgelê het.

'n Gebrek aan kos het die olifante gedwing om die Dalma-reservaat, hul oorspronklike tuiste, te verlaat.

Volgens ooggetuies was die olifante wild en rusteloos en het mense hulle ook gedurig lastig geval en met stokke en tromme van rysvelde en riviere verjaag.

Die trop het aan die einde van verlede jaar, toe hulle die Chotanagpur-streek van Bihar oorsteek het, begin plunder.

Benewens die 33 mense wat doodgetrap is, is honderde akker se rysvelde tussen Desember en Julie verwoes.

Die polisie kon nie daarin slaag om hulle vas te keer nie en die regering weier dat die trop uitgeroei word.

Die trop is nou omtrent 20 kilometer van die Porah-reservaat, waar daar sowat 50 troppe wilde olifante gehuisves word. Maar die gevaar bestaan steeds dat die trop nie die veiligheid van die reservaat haal nie.

Indien die olifante met 'n ander trop in 'n geveg betrokke raak, of mense hulle lastig val, kan hulle weer begin plunder.

In 'n poging om olifante te beskerm gaan die Indiese regering sowat R130 miljoen op 'n vyf jaar lange bewaringsprojek bestee.

Die projek sluit in die ontwikkeling van trekroetes tussen die reservate, die uitbetaling van skadevergoeding aan boere wie se landerye deur die olifante verwoes word en die hervestiging van dorpies wat binne reservate geleë is. Ongeveer 21 000 olifante woon in 61 nasionale parke en 247 reservate in Indië.

Tussen 1979 en 1984 was olifante en tiere verantwoordelik vir die dood van 485 mense. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika



**Staatspresident PW** Botha bedank ná 'n hewige rusie met sy kabinet oor FW de Klerk se voorgenome besoek aan pres Kenneth Kaunda van Zambië. De Klerk word die volgende dag ingesweer as waarnemende staatspresident.

**Die ondersoek** na die Helderberg-vliegramp duur voort en die kommissie hoor 'n bandopname van die laaste gesprek in die vlugkajuit van die Boeing. Dit verklaar nog nie met sekerheid die oorsaak van die ongeluk naby Mauritius waarin al 159 passasiers van die SAL-vlug op 28 November 1987 gesterf het nie. Skynbaar het 'n brand in die vragruim daartoe gelei dat die vliegtuig neergestort het.

**Die ANC** herbevestig sy beleid oor die gewapende stryd teen die Suid-Afrikaanse regering.

**Die Delmas**-hoogverraadverhoor, waarin 12 beweerde ANC-lede teregstaan, word uitgestel om die verdediging meer tyd te gee om hulle vir die saak voor te berei.

**Drie verslaggewers** van die New Nation se oë word gebrand deur 'n wit stof wat op 'n kopie van hul koerant - vanuit Johannesburg na die koerant se redaksiekantoor in Durban gepos - gestrooi is.

**'n Wits**-student wat uit die Studenteraad bedank het nadat 'n klein groepie studente 'n vergadering waarop Zach de Beer en Van Zyl Slabbert sou praat, ontwrig het, lê 'n klag van intimidasie by die universiteitsowerhede nadat hy dreigoproepe ontvang het.

**Trust Bank** kry 'n hofbevel dat al 76 takke van Sterns Juweliers - wat die bank glo R6 miljoen skuld - sluit totdat besluit word of die bank Sterns se bates kan oorneem.

**'n Ongeluk** by die Wes-Driefontein-goudmyn eis die lewens van minstens 11 mynwerkers.

**Die landwye** staking in die motorbedryf word na 11 dae beëindig. Die National Union of Metalworkers (Numsa) hervat loonsamesprekings met Toyota, Volkswagen en Samcor.

**'n Verslaggewer** van die Sowetan, Mathada Tsedu, word toegang geweier by FW de Klerk se verkiesingsvergadering in Pietersburg.

**'n Programopsteller** by die SAUK, Tinus Esterhuizen, word tot vier jaar gevangenisstraf - waarvan drie en 'n half jaar vir vyf jaar opgeskort is - gevonnis weens onsedelike dade met jong seuns.

**Oud-lede** van Koevoet wat in die SWA-polisiemag opgeneem is, word tot hul basisse beperk na verskeie klagtes van intimidasie teen kiesers in Namibia.



**'n Veiligheidstoelaag** van R500 sal in die vervolg aan grensboere in sekere gebiede betaal word, sê die minister van Verdediging, genl Magnus Malan.

**'n Storm** woed in die Kaapse Skiereiland en 'n stormsterk noordwestewind rig duisende rande se skade aan.

**Tientalle mense** word in hegtenis geneem en aangehou in die voortgesette skole-onrus in Wes-Kaapland.

**Anton Harber,** mede-redakteur van die Weekly Mail, verskyn in die Streekhof in Johannesburg op 'n aanklag dat hy 'n berig oor die behandeling van aangehoudenes gepubliseer en sodoende die Wet op Binnelandse Veiligheid oortree het. Harber is nie gevra om te pleit nie en die saak is uitgestel.

**Gesinslede van** ingeperkte persone oorhandig 'n protesbrief aan die SAP in Pretoria nadat die waarnemende staatspresident, FW de Klerk, gesê het hy is te besig met die verkiesingsveldtog om hulle te woord te staan.

Ses Ciskeise polisiemanne wat gesamentlik tot 33 jaar gevangenisstraf gevonnis is weens die dood van die Oos-Kaapse streeksdirekteur van Idasa, Eric Mntonga, kry verlof om teen hul vonnisse te appelleer.

### Wêreld

**Gevangenes van** die Davao City-tronk in die Fillipyne vermoor vyf gyselaars nadat hulle nege sendelinge as gyselaars geneem het gedurende 'n biduur in die tronk. Regeringsmagte neem daarna weer beheer oor die tronk en skiet 16 gevangenes dood.

**Dr Kenneth** Kaunda, president van Zambië, doen 'n beroep op die VSA om nie sy sanksieveldtog teen Suid-Afrika te verslap nie, ten einde die SA regering te dwing om van apartheid af te sien.

Die VV doen 'n beroep op die strydende partye in Libanon om 'n skietstilstand te sluit.

**Solidariteit roep** 'n staking van een uur uit in Pole se steenkoolmyne, maar verwelkom pres Wojtsjek Jaruzelski se beroep op samesprekings.

Martin Galvin, 'n Amerikaner wat in Noord-Ierland geld insamel vir die Ierse Republikeinse Leër, word in Londonderry in hegtenis geneem.

**Alaska eis** skadevergoeding van Exxon en ses ander oliemaatskappye na aanleiding van die oliebesoedeling in die Prins William-seestraat wat na bewering deur dié maatskappye se nalatigheid veroorsaak is.

**President Joaquim** Chissano van Mosambiek staan 'n afvaardiging van kerkleiers - wat verlede week met die rebellegroep Renamo samesprekings gevoer het oor die moontlikheid van vredesonderhandelings met die Frelimo-regering - te woord.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill.

 afgekom. - AFP 

# Nóg kom aan vir Craven se jol



Lede van die vriendelike internasionale span ná hulle aankoms op die lughawe Jan Smuts

Charles Leonard

HULLE is hier en hulle is nie rebelle nie! Sê so en jy sal met Danie Craven, Eerste Nasionale Bank en 'n toerspan fris bulle te doen kry.

Bestuurder Willie-John McBride en sy manne het dié week drupsgewys in Suid-Afrika aangekom om 'n droëkeel rugbypubliek se dors na internasionale mededinging te les tydens die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se 100-jaar makietie.

Die span lyk goed genoeg om die Springbokke te laat uithaal en wys. Die toer word deur Eerste Nasionale Bank teen 'n onbekende bedrag geborg.

Wie is die manne (en skimme) wat die pawiljoene en TV-stoele sal volpak?

'n Klompie van die toerspan se name is nog nie beskikbaar nie.

Die Franse spelers sluit 'n swart speler, die flank Jean-Philippe Elhorga, in.

Die ander is Pierre Berbizier, Phillipe Sella, Franck Mesnel, Denis Charvet, Mark Cecillon en Jean-Pierre Garuet.

Die Engelse senter, Simon Halliday, kom waarskynlik vandag in Suid-Afrika aan. Die name van die ses Walliesers is nog onbekend.

Of daar nog ander spelers by hulle gaan aansluit, is ook onbekend. Gerugte doen die rondte dat spelers van ander lande ook by die toergroep gaan aansluit.

Hul eerste wedstryd is môre teen Natal in Durban.

Die res van die reisplan is: teen die President XV in Port Elizabeth (22 Augustus), eerste toets op Nuweland (26 Augustus), teen Noord-Transvaal in Pretoria (29 Augustus), tweede toets op Ellispark (2 September).

Wie kom speel hier? Hier volg pensketse van 'n klompie van die spelers.

**Agterspelers**

**Heelagter:**

* Greg Martin, Queensland Australië. Het by Andrew Leeds as heelagter in 1988 oorgeneem. Vestig homself in dié posisie met goeie vertonings in 1989 teen die Britse Leeus en die All Blacks. Lang, sterk hardloper.

**Vleuel:**

* Ian Williams, Nieu-Suid-Wallis en Australië. Speel in twee toetse in 1989 teen die Britse Leeus en teen die All Blacks. Studeer aan die Universiteit van Oxford. Baie vinnige, bedrieglike hardloper.

**Vleuel/senter:**

* Keith Robertson, Skotland. 34 jaar oud. 44 toetse (19 as senter en 25 as vleuel). Speel vir Skotland in die Wêreldbeker in 1987.

**Voorspelers**

**Hakers:**

* Steve Smith, Ballymena, Ierland en Britse Leeus. 29 jaar oud. Maak sy debuut teen Engeland in 1988. Was 'n lid van die "tweede" span op die Leeu-toer na Australië vroeër vanjaar.

* Tom Lawton, Queensland en Australië. 26 jaar oud. Speel in die eerste twee toetse teen die Britse Leeus. Sy grootte en akkurate lynstaan-ingooie het van hom 'n baie waardevolle spanlid van die Aussies gemaak.

**Stutte:**

* Mark Hartill, Nieu-Suid-Wallis en Australië. 25 jaar oud. Toer in die Verenigde Koninkryk in 1981/3 saam met die Australiese skole-vyftiental. Toer in Nieu-Seeland saam met die 1986 Wallabies en speel vaskop in al drie toetse. Speel Wêreldbeker in 1987. 'n Gedugte skrumwerker en baie beweeglik in die losspel.

* Jeff Probyn, Wasps en Engeland. Maak sy debuut teen die Franse in 1988.

* Paul Rendall, Wasps en Engeland. Debuut in 1984 teen Wallis. Toer in Suid-Afrika saam met Engeland en speel in albei toetse. Speel ook in die Wêreldbeker in 1987.

**Slotte:**

* Bill Campbell, Queensland en Australië. 27 jaar oud. Gereelde Wallabyspeler sedert sy debuut in 1984 teen Fidji. Speel in drie Leeu-toetse en in een teen die All Blacks vanjaar.

* Rod McCall, Queensland en Australië. 25 jaar oud. Toer in Nieu-Seeland saam met die 1988-Wallabies, maar speel nie in toetse nie. Spring op nommer 4 in die lynstaan en is 'n harde werker in die losspel.

**Flanke:**

* Peter Winterbottom, Britse Leeus. Dié blondekop is 'n ou bekende in Suid-Afrika en het verlede jaar vir Transvaal gespeel. Sy ervaring sal baie waardevol vir die toerspan wees.

* Mike Teague, Engeland. 28 jaar oud. Toer in 1984 saam met die Engelse in Suid-Afrika, maar speel in geen toetse nie. Verbeter sedertdien baie en is een van die sterre in die Leeu-span teen die Wallabies vanjaar. Gekies as speler van die reeks in Australië.

# Wie is gevra, maar wou nie kom nie?

BRIAN MOORE is een van die spelers wat genooi is om saam met die internasionale span in Suid-Afrika te kom rugby speel.

Moore, wat vir Engeland en die Leeus haker speel, het dié "freebie" verlede week van die hand gewys omdat hy die uitnodiging eers 'n week tevore gekry het. "Dit was te laat om dit te oorweeg," het hy gesê. "Al wou ek hoe graag gaan, was die kennisgewing net te kort. Ek was reeds agt weke weg van my werk met die toer saam met die Leeus na Australië. Ek kon nie nog drie weke afstaan nie."

Dié prokureur glo die meeste Leeus het uitnodigings gekry. Engeland se tien Leeus is deur hul rugby-unie aanbeveel om tot twee maande ná die Australiese toer te ontspan, en hulle is ontmoedig om Suid-Afrika toe te gaan.

Losskakel Rob Andrew en die slot Wade Dooley het gesê hulle bly by die huis en al agt Skotland se lede van die toergeselskap het die uitnodiging van die hand gewys. Die Walliese Leeus-skrumskakel Robert Jones en senter John Devereaux het ook nee dankie gesê. Gerugte dat die spelers 21000 pond elk aangebied is om hier te kom speel is ten sterkste deur Danie Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, ontken. "Nonsens!" was sy reaksie. Die spelers gaan slegs die dagtoelae ontvang wat volgens die reëls van die Internasionale Rugbyraad voorgeskryf word, het hy gesê. - AFP

# *Welkom, maar nie so welkom*

Charles Leonard

DIE internasionale rugbyspan wat aangekom het vir die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se 100-jarige herdenking gaan nie net te doen hê met Suid-Afrika se toprugbyspelers soos Carel du Plessis, Naas Botha en Jannie Breedt nie.

Of met 'n winderige Kingsmead in Durban, of 'n skilderagtige Nuweland of 'n atmosfeerryke Loftus Versveld nie.

Hulle gaan te doen kry met iets waarvoor 'n rugbyspeler hom nie op 'n oefenveld kan voorberei nie.

Dit is die meerderheid van Suid-Afrika se inwoners wat teen die toer gekant is.

Daar wag 'n vreedsame versetveldtog teen die toer.

Die sportarm van die breë demokratiese beweging, die National Sports Congress (NSC), het alles in hul vermoë gedoen om die toer stop te sit.

By 'n onlangse perskonferensie het hulle gewaarsku dat die moontlikheid van stakings teen die borge van die toer nie uitgesluit is nie. Cosatu se verteenwoordiger, Moses Mayekiso, het gesê dis die enigste vreedsame manier waarop die teenstanders hul protes kan wys.

Hoewel sport op die oppervlak genormaliseer lyk, is daar 'n donker prentjie wat dié toerspelers waarskynlik nooit sal sien nie.

Van die laat sewentigerjare het wette wat in die pad van gemengde sport gestaan het, die een na die ander in die stof gebyt. Die regering het homself al hoe meer van regstreekse beheer oor sport onttrek en groter outonomie aan sportliggame gegee sodat hulle self kon besluit of hul sport "gemeng" sou wees.

Die spelers het moontlik al gehoor van die skerp skeiding tussen establishment sport en nie-rassige sport. Dié grense het intussen effens begin vervaag met die stigting van die NSC wat probeer om verskillende sportbeheerliggame bymekaar uit te bring.

Rugby in Suid-Afrika word deur twee liggame beheer: die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR), wat onder beheer van Danie Craven staan, en die nie-rassige Suid-Afrikaanse Rugby-unie (Saru).

Twee organisasies wat op rasse-grondslag georganiseer is, is by die SARR geaffilieer - die Suid-Afrikaanse Rugby-Federasie is die beheerliggaam van kleurlingrugby en die Suid-Afrikaanse Rugby-Vereniging staan pa vir swart rugbyspelers.

Vandag is albei dié unies "oop" vir spelers van ander rasse, maar in die praktyk behou hulle steeds hul rasse-karakter.

Die SARR het heelwat gedoen om rugby onder hulle vaandels te normaliseer. 'n Kleurlingspan speel in die Cravenweek vir skoolseuns, besoekende spanne speel teen veelrassige spanne, die eerste swart Springbok is gekies en 'n gemengde skoolspan het oorsee getoer.

Tog bly die spanne op gemeenskapsvlak eenkleurig.

Dit weerspieël geskiedkundige omstandighede - klubtradisies en rassevooroordele. Maar dit het ook te doen met werklikhede soos die Groepsgebiedewet, wat nie-rassige sport dikwels onprakties maak.

Die toeriste sal dalk wonder hoekom daar so min swart spelers is wat bokant klubvlak uitblink. Spelers is veronderstel om op meriete gekies te word.

Baie wit klubs is in werklikheid glad nie oop nie.

En dan is daar nog 'n erflating: verwaarlosing van talent, swak geleenthede, onvoldoende afrigting en geriewe.

Daar word wel probeer om dit reg te stel, maar 'n sportliggaam kan dié erfenis en 'n beleid van apartheid nie op sy eie ongedaan maak nie.

Die groot kopseer lê egter by geriewe. Die wanverhouding tussen sportgeriewe in swart en wit woonbuurte is uiteengesit in 'n studiestuk van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing (RGN) wat in 1982 bevind het dat geriewe vir witmense oorweldigend beter as dié van die ander rassegroepe s'n is.

Altesaam 82,4 persent van alle rugbyvelde in Suid-Afrika is in 1982 deur blanke klubs besit.

Daar word gesê dat min swartmense rugby speel. Dit hou egter nie steek nie: die SARR skat sy swart spelers op meer as 110 000 skat en die oorwegend swart Saru syne op 65 000 spelers.

Daar is nagenoeg 220 000 wit spelers in Suid-Afrika. Die getalle weerspieël beslis nie die geriewe nie.

Ons besoekers gaan waarskynlik met goeie rugby die helde van die wit publiek in ons land word. Hulle word egter deur 'n groot deel van die swart gemeenskap as huursoldate beskou.

## Vreedsame versetveldtog teen die toer

**Werk jy van jou huis af?**

Ons verkoop 'n reeks van nuwe en ou meubels van gehalte

**Office Furniture Traders**

LESSENAARS STOELE LIASSEERKABINETTE

Alle pryse onderhandelbaar

*Ons is ook bereid om te ruil!*

BYRON ANDREWS

161 COMMISSIONERSTRAAT JOHANNESBURG

Tel: 337-2567/8


VRYDAG
Bylaag tot Vrye Weekblad, 18 Augustus 1989



Sommige teaterstukke het dit, ander nie. Susan Pam se Curl up and Dye het dit. Die stuk se speelvak by die Black Sun is nou tot 3 September verleng. Hier word Val Donald Bell se krulle vir die "revolusie" voorberei.



Die Leeu van Soweto, Mahlathini, en sy Mahotella Queens se nuutste langspeler is so pas uitgereik. Rhythm and Art bevat vyf nuwe komposisies sowel as nuwe weergawes van hulle gewildste crossover-treffers (met Engelse lirieke): die innemende Gazelle (wat Malcolm McLaren destyds so misbruik het) en wat nou die nuwe titel het "Won't You Please Sing Along", asook die ewe jivebare Melodi Yalla, wat as Sing This Song op die omslag aangegee word. Dit lyk of Meneer Mbaqanga en sy Prinsesse, ondanks hulle fenomenale internasionale sukses (van Spanje tot Japan), vasbeslote is om die inwoners van hule eie land ook vir 'n slag te laat reageer. Hulle probeer immers al van die vyftigerjare af. Wag ook vir die nuwe Art of Noise-langspeler wat Mahlathini en die Queens op twee van die snitte gebruik om hulle gewildheid hier 'n hupstoot te gee.



**Hazel Carrie, Robyn Orlin en Natasha Pinkus as die drie woedende dogters van meneer Mes en mevrou Vurk.**

**MYSTERIES AND MISSES is die naam van die eerste dansseisoen wat in die Mark se Laagerteater aangebied word - deur Robyn Orlin en Chris Pretorius. Die seisoen bestaan uit MrMrs (Robyn Orlin en Lucky Diale) en The Three Angry Daughters of Mr Knife and Mrs Fork.**

**MrMrs is aanvanklik deur Orlin en Andrew Buckland by die Warehouse opgevoer. Dis later saam met Diale by Truk se Pot-Pourri opgevoer. Die nuwe weergawe se subtitel is "If only married couples could dance..." (En daar's 'n splinternuwe Magimix in.)**

**Die belangrikste stuk van die seisoen, Three Angry Daughters, is - soos dikwels in Pretorius en Orlin se werk - 'n humoristiese bontspringery tussen die redelike en die onderbewuste, die alledaagse en die bisarre. En daar's 'n kompetisie: die dansers se voete raak die eerste tien minute glad nie aan die grond nie. As jy dit kan uitpluis, wen jy 'n gratis kaartjie. Sien jou daar!**

# Komitee gaan Grahamstad uitpluis

**Victor Munnik**

**DIE jaarlikse verwarring oor of die breë demokratiese beweging die Grahamstadse Kunstefees gaan boikot of nie, word nou deur 'n Grahamstadse Werkerskultuurkomitee by die wortels gepak.**

*Die komitee van nege is verkies in 'n vergadering van 30 gemeenskaps- en ander organisasies wat op 2 Augustus bymekaargekom het en pas sy eerste persverklaring gemaak het.*

Die organisasies het Cosatu, UDF-simpatiseerders, sport- en dansklubs en ook die 1820-Stigting ingesluit. Geeneen van die 1820-afgevaardigdes is egter tot die kultuurkomitee verkies nie.

Don Pinnock, media-dosent aan die Universiteit Rhodes en persskakel vir die kultuurkomitee, het gesê hy is vol hoop dat die spanninge rondom die Kunstefees teen middel volgende jaar "verlig sal wees".

Deur die proses van aanhoudende bespreking sal albei kante beter standpunte kan formuleer en beter kan onderhandel. Die breë demokratiese beweging grond sy standpunt altyd op die opinie van plaaslike strukture, en daarom sal die Beweging se houding teenoor volgende jaar se kunstefees baie afhang van wat in Grahamstad self bereik word.

Die kultuurkomitee het 'n aantal take. Inligting oor die kultuur in die gebied moet ingesamel word, en 'n dokument opgestel word vir bespreking deur die forum wat die komitee verkies het. Samesprekings moet met soortgelyke kultuur-organisasies gevoer word, en die verhouding tussen kultuur-organisies in Albany en die Nasionale Kunstefees moet duidelik gemaak word.

Die kultuurkomitee is nie 'n spruit van die Tussentydse Kulturele Lessenaar nie (hulle hou ook nie van die naam Lessenaar, of in Engels "Desk" nie).

Die komitee spruit eerder uit die spanninge wat tussen die Setlaars en die plaaslike organisasies ontstaan het, sê Pinnock.

Die Setlaars het, toe die noodsaak vir konsultasie aanvanklik besef is, begin praat met mense wat verbonde was aan die UDF.

Die UDF-strukture was egter lamgelê deur die heersende Noodtoestand, en 'n hele aantal verteenwoordigende organisasies is nie geken nie.

Die inisiatief vir die stigting van 'n omvattende plaaslike struktuur het toe veral van sportliggame gekom - in die breë demokratiese beweging word sport streng as deel van kultuur beskou.

Pinnock het ook gesê dat 'n nuwe 1820-komitee intussen in die stoel geplaas is, en dat sal lei tot 'n nuwe benadering tot die spanninge daar.

Sue Ross, skakelbeampte van die 1820-Stigting - en lid van die Grahamstown Arts Initiative, wat sedert die begin van die jaar kultuurwerk in die gemeenskap doen - het gesê hulle verwelkom die vorming van 'n 'n amptelike kommunikasiekanaal. "Ons hoop dit sal baie help om die doelstellings te bereik wat ons waarskynlik almal deel, en ons sien uit na die samewerking," het sy gesê.

# *Sensuur die probleem, sê Vita-wenners*

SENSUUR is die groot booswig in die rolprentbedryf - volgens die meeste van die ontvangers van toekennings vir tegnici in teater en rolprente by die Vita/AA Lewens en M-Net-banket vroeër vandeesweek.

Die plaaslik-vervaardigde rolprent Mapantsula het met drie van die ses (tegniese) Vita-pryse weggestap.

Die toekenning vir beste draaiboek is toegeken aan mede-skrywers Oliver Schmitz en Thomas Mogoatlane. Die groep The Ouens het die prys vir die beste rolprentmusiekmusiek ontvang en die klanktegnici Alan Gerhardt, Darryl Martin en Nicky de Beer vir beste klankbaan.

Die toekenning vir beste kinematografie is aan Paul Witte toegeken vir sy werk aan Darryl Roodt se Jobman, die prys vir beste redigering is aan Dave Heitner toegeken vir Darryl Roodt se The Stick en die beste kunsregie aan Mark Wilby vir Private Life.

Heitner, Scmitz en Mogoatlane het hulle almal by die geleentheid teen sensuur uitgespreek.

Mapantsula is eers verbied en later deur die sensuurraad met snitte deurgelaat. Die vervaardiger Max Montocchio het gesê die snitte spyt hom, maar hy is bly dat die prent algemeen in Suid-Afrika versprei gaan word. "Gelukkig is die snitte nie van so 'n aard dat dit die sin of konteks van die prent verander nie. Ek is gekant teen enige vorm van sensuur maar ek is bly dat Suid-Afrikaanse filmgangers die geleentheid sal hê om een van die beste flieks wat uit hierdie land kom, te kan sien, al is dit in 'n kompromisvorm."

Van die tegnici wat pryse ontvang het was ook ontevrede gewees dat die toekennings vir tegniese vaardighede van die ander toekennings geskei is en dat die seremonies apart gehou is.

Een van hulle het aan die Vrye Weekblad gesê dat sy graag die akteurs en die regisseur wat die hele kreatiewe proses met hulle deurgemaak het by die geleentheid sou wou sien om die oomblik met hulle te deel.

Volgens Phillip Stein, die direkteur van die Vita/AA Life-toekennnings, is die rede vir die skeiding dat daar te veel pryse is om op een aand uit te deel. "Mense raak by sulke geleenthede verveeld met baie toekennings," het hy gesê.

Dit laat die vraag waarom die skeiding dan nie eerder tussen teater en rolprente was nie.



*Ons nuwe TV-rubriek begin vandeesweek - 5*

*Marius Weyers in Milius se nuutste - 3*

*SA gemeenskapsteater gaan oorsee - 2*

*Wagner in die Vrystaat - 5*

*Kringe in 'n bos maar 'n vaal fliek - 3*

HAKKAS

CHARLES LEONARD

# Dié dokter se medisyne plaas jou in 'n sentimentele luim



Dr John in 'n minder sentimentele luim

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel**

**In A Sentimental Mood - Dr John (9)**

Dr John is in 1941 in New Orleans as Malcolm John "Mac" Rebennack gebore. Dié seun van 'n model en platewinkel-eienaar het as baba al met die vermaaklikheidswêreld kennis gemaak toe hy in 'n seepadvertensie verskyn het. Hy het kitaar leer speel by Suster Eustace van die Temple of the Innocent Blood-tehuis in sy tuisstad.

Hy het as tiener al sessies gedoen vir rhythm and blues-musikante. Nadat hy in 1961 in sy vinger geskiet is, het hy elektriese baskitaar begin speel in 'n Dixieland-orkes. Intussen het hy orrel leer speel en in die Latin Quarter in New Orleans vir ontkleedanseresse musiek gemaak.

Ongelukkig het hy die slagoffer van dwelms geword. Hy het na Los Angeles gegaan en selfs vir Sonny en Cher as kitaarspeler opgetree.

Hier het hy 'n nuwe mistiese identiteit aangeneem as Dr John Creux, The Night Tripper - met toordokterklere, lawwe hooftooisels en 'n Kersvader-baard.

Sy musiek het sy voorkoms weerspieël met vreemde ritmes en hipnotiese gille.

Malpitte het weer sy baas geword en hy moes behandeling kry.

Nadat hy die probleempie onder beheer gekry het, het hy as een van die pioniers van "swamp rock" na vore getree. Dit was 'n kombinasie van voodoo, kreoolse, Afrika en rhythm and blues invloede. Ander eksponente van dié styl was Creedence Clearwater Revival, hoewel hulle nie juis na die bebaarde een geklink het nie.

Sedert die vrystelling van sy langspeler City Lights in 1978 het hy 'n lae profiel gehandhaaf en as sessiemusikant opgetree, 'n paar plate vrygestel, maar van die verhoog af gebly.

Vroeër vanjaar het hy 'n plaat Fool For You Baby vrygestel, wat my nou nie só opgewonde gemaak het nie.

En toe raak die Dokter in 'n sentimentele luim. Hy het sy snaakse sterte, verf, bont rokke en volmaantjanke gebêre en met een van die genoeglikste plate vorendag gekom.

Al die snitte is pragtige weergawes van die "classics" soos die wangskuurder Makin' Whoopee saam met Rickie Lee Jones, Love For Sale wat deur Mnr Romanties, Cole Porter, self geskryf is, en die titelsnit waarin die meester Duke Ellington 'n hand in die komposisie gehad het.

Dr John grom gevoelvol op al dié en ander snitte met begeleiding van die beste sessie-musikante.

Draai die ligte sag, skakel die volmaan aan, sit In A Sentimental Mood op die draaitafel, en ek beloof jou - dinge sal nooit weer dieselfde wees nie.

**The Stone Roses - The Stone Roses (9)**

Dié vierstuks Britte maak 'n droomdebuut wat min gevestigde groepe hulle gaan nadoen. Dit is heerlike, melodieuse, psigedeliese kitaarmusiek, met meesleurende vokale.

Dit neem 'n rukkie om vas te haak, maar as jy eers vashaak sal jy beslis nie kan loshaak nie.

Op hul kortspeler van die plaat af vra die sanger so mooi "I Wanna Be Adored".

Met sulke musiek maak dié jongelinge dit besonder maklik. Doe so voort kêrels - ons kan nie wag vir die opvolg nie.

# *Oorsese mense stel belang in SA gemeenskapsteater*

**Rose Korber**

OORSESE mense wat in gemeenskapsteater werk, stel baie belang in wat op hierdie gebied in Suid-Afrika gebeur. "Dis omdat ons teater so lewendig is en ons mense so betrokke is by die materiaal," sê Phyllis Klotz, bekende Kaapse gemeenskapsteaterregisseur.

Klotz neem vanjaar saam met vyf spelers deel aan die Edinburgh-fees met die stuk So Where To?

Vier van die spelers kom van die Sabikwa Players en die vyfde is die Johannesburgse dramaturg en organiseerder, Smal Ndaba, wat ook 'n hoofrol speel in hierdie eerste stuk van hom.

Klotz is waarskynlik die beste bekend vir haar vroeër werkswinkelproduksie, You Strike the Women You Strike the Rock, wat in 1966 in Edinburgh op die planke gebring is. Die stuk het intussen lof ingeoes van kritici in die Verenigde State en Australië.

Dit word later vanjaar weer in New York opgevoer.

Klotz sê sy het navrae van verskeie mense in Amerika en Europa gekry oor haar jongste werk: hulle is genooi na die Assembly Rooms in Edinburgh, en daarna die Albany Empire en ander gemeenskapsteaters in Londen.

By hul terugkeer sal So Where To? 'n seisoen lank opgevoer word by die Markteater (van 2 Oktober af), en dan, moontlik, by die Baxterteater in Kaapstad. Maar vir Klotz is die belangrikste dat die stuk gesien moet word by plaaslike gemeenskapsentra, skole en universiteite, kerke en politieke organisasies.

"Sedert die stuk 'n jaar gelede geskryf en opgevoer is, het ons dit opgevoer by die meeste universiteite in die land, by gemeenskapsentra, plakkerskampe en feeste in Swaziland, Durban-Westville, Grahamstad, Port Elizabeth en Mmabatho. Ons is deur die Oos-Kaap en die Wes-Kaap, van Kaapstad tot Caledon tot Stellenbosch. Ons het altesame 10 000 km opgesit terwyl ons teater na die mense geneem het."

Hoewel hulle geld gekry het van IDASA, SA Brouerye en Eerste Nasionale Bank (en van Lufthansa en die Britte) praat Klotz van hoe verlammend duur dit is om die stuk op toer dwarsdeur Suid-Afrika te neem.

"Daar is by voorbeeld die hoë prys van petrol en die huur van 'n voertuig. Ek hou nie daarvan om die gemeenskapsorganisasies wat ons nooi groot somme geld te vra nie, maar die spelers moet eet en hulle is broodwinners vir gesinne. Dit bly moeilik.

"Ons is baie gehelp, maar deurlopende borgskap vir hierdie soort onderneming bly maar 'n probleem. Ons probeer nie wins maak nie - ons wil bloot die uitgawes verhaal - maar hierdie situasie kan eintlik nie voortduur nie."

Ook oorsee, verduidelik Klotz, is die toegangsgeld maar min, "omdat 'n mens speel by gemeenskapsentrums wat gesubsideer word deur die Kunsraad; dis nie die West End nie.

"Maar wat saak maak is dat ons soontoe gaan om oor Suid-Afrika te praat, en om te wys wat rasse-onderdrukking aan mense doen. Die haat en vrees en verdeling wat vandag in ons land bestaan is die bittere vrugte wat ons nou pluk van die veertigjarige boom van apartheid. Maar dit is nie 'n propaganda-stuk nie: dit gaan oor gewone mense wat hul lewens probeer leef onder 'n spesifieke stelsel."

Klotz se nuutste projek is opvoedkundig: om Engels as tweede taal te leer deur drama en gedramatiseerde vertellings.

"Hoe meer ek werk," sê Klotz, "hoe duideliker word dit vir my dat dit noodsaaklik is om opleiding te gee aan onderwysers, sodat hulle kan teruggaan in die gemeenskap en die vaardighede kan versprei deur middel van werkswinkels en kan werk uit opvolg-handboeke."

Die (ander) Sabikwa Players is nou terug op die Oos-Rand en het begin met 'n program om hul studente te leer om hul vaardighede aan laerskoolkinders oor te dra.

"So sal die projek homself voortplant. Ek het die energie en ek weet ek het die idees, maar ek is net een mens. Dit moet gedeel word, dit moet 'n kollektiewe ervaring word," sê Klotz.


After Dark
RESTAURANT
Queenstr. 80
Pretoria Sentraal
Tel: 325-6613

Ons is van Maandag tot Vrydag vir middagete tot laat snags

Aandetes op Saterdae en Sondae

Bel ons asseblief vir inligting oor vermaak by (012) 326-6613 of 26-0724



Meksikaanse bistro, kroeg en biljartkamer

787-7987

BO
*Vry:* Band of Gypsies
*Sat:* Fat City
*So:* Jack's Band
*Wo:* Neil Solomon en The Passengers
*Do:* Fat City

ONDER
*Vry en Sat:* Della Layton
*So:* Pierre van Staden
*Di:* Colin Shamley
*Wo:* Ian McCormick
*Don:* Annie




**Ongetitelde werk van Erwin Lindemann, wie se uitstalling Woensdagaand (23 Augustus) by die Pretoriase Kunsmuseum begin.**

## Kunsflitse

Die wenner van vanjaar se Martienssenprys vir Skone Kunste word ook op Woensdag aangekondig - tydens die opening van die uitstalling van werke wat daarvoor in aanmerking kom.

Die prys van R1000 word jaarliks uitgeloof aan 'n kunsstudent van Wits vir 'n kunswerk wat sonder toesig van 'n kunslektor uitgevoer is. Die uitstalling, in die Gertrud Posel-galery by Wits, duur tot 22 September.

In Durban word teaterfoto's deur Naruk se resident-fotograaf, Val Adamsom, van 23 Augustus af in die Opera Foyer van die Natalse teater uitgestal. Caught in the Act, soos die foto's genoem word, sal ná 3 September in winkelsentrums in Durban en Pinetown te sien wees.

Die PU vir CHO se Beeldende Kunste-departement stal die keur van hul studente se werk in verskeie media uit in die Total-galery in Johannesburg (hoek van Smit en Tissikstrate, Braamfontein). Van 23 Augustus tot 1 September.

# Uitlander skets SA dilemmas oortuigend



Belinda Koning

**Crossing the Line deur Colleen Craig. Regie deur Mavis Taylor; met Belinda Koning, Michele Maxwell, Ingrid Emslie, Gaynor Young, David Haynes. By die Baxter Studio tot 26 Augustus. Resensie deur CATHERINE DU PLESSIS**

IN 'n Johannesburgse agterplaas oorvleuel die lewens van vier vrouens: 'n model van die platteland wat aan bulimie ly; 'n kunstenares van byna veertig wat nou hunker na die bourgeois lewe; 'n politieke aktivis wat rondslaap en haar vriendin wat ook by die struggle betrokke is.

Die dialoog van die eg-Suid-Afrikaanse karakters in hul eg-Suid-Afrikaanse dilemmas word met fyn waarnemingsvermoë en oortuiging vasgelê.

En dit nogal deur 'n uitlander. Colleen Craig is in Kanada gebore en getoë en woon sedert 1982 in Suid-Afrika.

Die model, Hannie (Belinda Koning) is tegelyk vreesbevange en opgewonde want sy is gekies om Parys, Frankryk toe te gaan - 'n hele ent weg van Volksrust en Tant Rienie.

Sy is die stem van die konserwatiewe platteland, wat nie tyd het vir die liberales nie, maar tog meer menslike kontak met die swart huishulp het as die aktivis Paula (Gaynor Young).

Die las van haar uiterlike is swaar, want dis haar enigste paspoort na die wêreld buite Volksrust. Bulimie is maar een van die pryse wat sy moet betaal. Belinda Koning se uitbundige vertolking oorheers die verhoog, soms miskien 'n rapsie te veel.

Michele Maxwell gee diepte aan haar rol as die kunstenares wat hunker na 'n ander lewenswyse as die boheemse een wat sy tot dusver gelei het.

Sy is die sentrale figuur, in die sin dat al die karakters van tyd tot tyd in haar studio vergader.

Die twee aktiviste, Rosie (Ingrid Emslie) en Paula beeld uit watter doringbesaaide weg die blanke met 'n "gewete", wat wil deel wees van die struggle, moet volg. Paula se komplekse karakter word veral goed oorgedra, met sterk spel deur Gaynor Young.

Die karakters het uiteenlopende oortuigings, maar die skeidslyn vervaag gaandeweg sodat daar 'n mate van samesmelting is en vasgelegde idees begin verander.

Op die vooraand van die verkiesing is dit stof tot nadenke. Dis te hope dat Colleen Craig weer in die toekoms Suid-Afrika sal kies as die milieu vir haar werk.

## *Beezy wil die lykshuis blink verf*

WATSE indruk gaan Beezy Bailey maak wanneer hy twee weke lank - tot die einde van die maand - voor almal in die Anneks van die Nasionale Galery in die Tuine, Kaapstad, staan en verf?

So beskryf hy die proses: "Die skep van kuns is vir my baie emosioneel. Ek benader die doek met al hierdie opgekropte energie, wat ek baie vinnig en intens op die oppervlak loslaat. Van my mees gelaagde werke word in enkele sekondes geskep, omdat ek dan die suiwer energie kan vasvang en oor 'n lang periode kan nadink en die veranderings aanbring wat nodig is om die kuns te laat gebeur."

Bailey is die derde kunstenaar wat genooi word om in die Anneks ten aanskoue van die publiek te skep terwyl herstelwerk aan die hoofgebou gedoen word. Die vorige kunstenaars was Francine Greenblatt en Malcolm Paine. Bailey word, van 18 tot 30 September, gevolg deur Hayden Proud.

En wat gaan Bailey sy toeskouers leer or kunsfilosofie? Hy sê mos: "Trechikov was die eerste superster skilder wat kuns na die internasionale massas gebring het deurdat hy dit goedkoop in supermarkte verkoop het. Die kunswêreld het altyd hul neuse opgetrek vir sy pogings, as hulle nie reguit gesê het sy massaproduksie is smaakloos nie. Maar die feit bly staan dat hy die breë internasionale publiek in staat gestel het om kuns in hul huise te waarder. Vir die mense van die jare vyftig was dit so natuurlik om 'n "Trechi" teen die muur te hê as 'n Elvis-plaat op die draaitafel.


"Die kunswêreld is gegrond op eksklusiwiteit en die bemarking van werke teen hemelhoë pryse aan 'n bitter klein deeltjie van die bevolking... 'n Groter blootstelling aan visuele kunste op skool en 'n bemarkingstrategie wat dit die in-ding maak om kunsplakkate te koop, kan die begin wees van 'n groter bewuswording van die plek van estetika in die alledaagse lewe.

"In hierdie genooide kunstenaarsprogram is dit belangrik dat die Nasionale Galery sy beeld van 'n 'regeringsdepartement-lykshuis' verloor en 'n opwindende plek word."

Sela.

## Kringe het 'n vaal fliek geword

**CIRCLES IN A FOREST. Met Arnold Vosloo, Ian Bannen, Judy Trott, Joe Stewardson en Christo Niehaus. Regie: Regardt van den Bergh. Resensie deur ANDREA VINASSA**



Arnold Vosloo as jong kapitalis-met-'n-hart

KRINGE in 'n bos... die moewie. Op Ingils. Met 'n Afrikaanse mooi-gesig rolprentster in die hoofrol. Vir die buitelandse mark. Sonder die essensie van die roman. Dis maar 'n vaal, identiteitslose affêre.

Die probleem begin met die ellelange, episodiese draaiboek waarin Saul Barnard se lewensverhaal in ouderwetse (redelik seksistiese) hale vertel word.

In 1878 woon Saul, die seun van 'n houtkapper, in die Knysna-bos. Hy hou van olifante en olifante hou van hom. Hy hou ook van bome en voel dikwels skuldig wanneer ou bome afgekap word. Hy kry sy kans om homself teen sy pa te bewys. Dit is 'n bekende skeuring wat meeste ouers en kinders ervaar. En, soos te verwagte, verstaan Saul se pa nie dat sy kind besig is om sy onafhanklikheid te bevestig nie.

Tot Saul, wat as kind deur Christo Niehaus gespeel word, sy pa se huis verlaat is die prent nogal aangrypend. Niehaus se spel is meer as oortuigend.

Sodra die grootmense die verhaal betree en Saul agter meisies begin aanloop, raak dinge vervelig en voorspelbaar. Selfs Ian Bannen (die moeilike oupa in Hope and Glory, wat uit Engeland ingevoer is) se spel is oppervlakkig en karikatuuragtig. Hy lyk asof hy ontsnap het uit 'n ou Dickens-prent.

Trouens, die hele prent herinner aan die heroïese verhale van liefde en ongeregtigheid van die vyftigerjare.

Die filosofiese onderstrominge van Dalene Matthee se oorspronklike verhaal bly altyd onderdanig aan die vertelling. Die prent slaag eerder daarin om die swakhede van die roman (die verhaal self) as sy sterk punte - die geskiedkundige stryd van die Afrikaner om ekonomiese onafhanklikheid wat beliggaam word in Saul se "upward mobility" - te belig.

Die loket was duidelik die sterkste oorweging met die keuse van die taal waarin die prent verfilm is en die hoofakteurs. Arnold Vosloo het al in die verlede in rolle gepas, maar in die een pas hy nie. Dit was maar Hollywood wat in die regisseur en die vervaardiger se oor gefluister het dat rolprentgangers mooi mense wil sien en dat hulle Engels moet praat. 'n Fout.






## Weyers in Milius se tweede Apocalypse



**Marilyn Tokuda as Yoo in Farewell to the King**

MARIUS WEYERS verskyn Vrydag op ons silwerdoeke in 'n Amerikaans-vervaardigde oorlog-avontuurverhaal vir die massamark waarin verleë nasleepsels van Kipling en Conrad weer deurskemer. Nick Nolte vertolk die hoofrol.

Farewell to the King is onbeskaamd majestueus en pas goed in regisseur John Milius se ietwat groter as lewensgrootte versameling. Nietemin, soos sy ander flieks soos Apocalypse Now, Jaws, Conan the Barbarian en selfs die branderplank-sage Big Wednesday, bevat hierdie verwerking van die Pierre Schoendoerffer-novelle ook elemente van waansinnige integriteit en geloofwaardigheid.

'n Vars en fris (na die drankdraaikolk) Nolte is Learoyd, 'n Amerikaanse droster tydens die Tweede Wêreldoorlog wie se lewe gered word deur 'n groep Borneo-Indiane wat hom as 'n sielsverwant herken weens 'n tatoeëermerk van 'n arend op sy bors. Learoyd vind vervulling by hulle en word hulle leier. Hy neem 'n eed om hulle teen die booshede van "beskawing" (in dié geval die Japannese - wat kannibalistiese strooptogte deur die inboorling-vestings maak - en die korrupsie van die Geallieerde Magte - wat die Indiane met 'n vals verdrag van onafhanklikheid om die bos lei).

Soos een Britse resensent dit stel: "Learoyd may be more Lord Jim than Colonel Kurtz (Brando in Apocalypse), but he's a man like any other and Milius's film insists that its not the man that counts, but life."

En o ja! Onse Marius is die Britse Sersant Conklin wat tot die ongeloof van sy bevelvoerende offsier ook die vrye lewenstyl van die Indiane aangryp. Die fliek is ter plaatse in Suid-Oos Asië verfilm.


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

| | |
|---|---|
| Vry, Sat, Son | Neil Solomon |
| Dins, Wo, Don | Pongolo |

Tel: 836-6002/838-1769




JODAC

JODAC

Nooi u om UDF se sesde verjaarsdag te vier.

Dra jou UDF T-hemp
en ontmoet ons
op Saterdag 19 Augustus
om 10 vm
by Admirals Court in die Rosebank Winkelsentrum
vir 'n "Mill-In".

# SAUK verbrou selfs die groot oomblikke




Daar was min huishoudings met 'n TV-stel in Suid-Afrika wat nie Maandagaand om agtuur by TV1 ingeskakel het nie. PW Botha se bedanking en die reaksie van FW de Klerk en Pik Botha daarop was drama van die hoogste gehalte.

Die eerste skande is natuurlik dat nie PW, Pik of FW 'n woord Engels op so 'n uiters belangrike oomblik vir alle burgers van die land gepraat het nie. Daaroor is nie-Afrikaanssprekende Suid-Afrika reeds in opstand. Maar hierdie is nie 'n plek om politici uit te vreet nie.

Wat het die SAUK gedoen?

Die SAUK het nie eens gebodder om behoorlike Engelse byskrifte op die skerm te gooi nie. Net so elke vierde sin is vertaal, en dan net gedeeltelik. Meestal was dit heeltemal onsinnig.

En dit terwyl die SAUK ure gehad het om dit te doen! Om die waarheid te sê, die volledige Engelse vertaling van Botha se verklaring is teen sesuur se kant al oor die teleksdiens van die Suid-Afrikaanse Persvereniging (Sapa) versprei.

Boonop is 'n TV-kamera bloot voor die arme gewese staatspresident neergesit en net so gelos vir sy hele verklaring. Geen moeite om dit meer aantreklik te laat lyk nie.

Toe kom De Klerk en Pik Botha aan die beurt. Volgens die aankondigers was hulle "in die ateljee" om te reageer. Die duidelike suggestie was dat dit 'n lewende uitsending was. En tog het die (steeds patetiese) Engelse byskrifte soms die twee ministers se woorde vooruitgeloop!

Dit is een ding wat TV nooit durf doen nie: om voor te gee iets is lewend terwyl dit vooraf opgeneem is, en dan deur kykers uitgevang te word nie. Inderwaarheid is dié onderhoude ook etlike ure voor agtuur deur die SAUK opgeneem.

Nie-Afrikaanssprekendes moes tevrede wees om eers Dinsdagoggend die twee onderhoude met behoorlike Engelse byskrifte te sien. Dit is net nie goed genoeg nie.

Sondae het ongetwyfeld die beste TV-dag geword, minstens sover dit TV1 betref. Die laaste twee Sondae se Amerikaanse natuurprogramme, dié oor die Kaliforniese kondor en die bedreigde fret, was uitstekende en leersame kykgenot. 'n Mens sien uit na nog.

Sondae het ook myns insiens die twee beste plaaslike programme: Collage en 50/50.

Nie net is dié programme goed gemaak en word dit goed aangebied nie, maar dit wil voorkom asof dit die enigste twee SAUK-programme is waar toegelaat word dat die staat en die establishment soms aangevat word.

Die natuurprogram 50/50 is baie belangrik. Dit is die enigste plaaslike program oor die natuur en die ekologie. Benewens die uiters belangrike opvoedingstaak wat dit het in 'n land wat nou nie eintlik vreeslik groen dink nie, het dit potensieël heelwat mag wanneer dit kom by onwenslike praktyke soos die oopmyn-bedrywighede wat binnekort in die ekologies-fragiele rivieropvanggebiede in die suide van Natal gaan begin.

En watter aangename aanbieders is die twee bekende gesigte Gerhard Viviers en akteur Jonathan Rands nie!

Die kort dokumentêr oor die vlugtelinge in Malawi Sondagaand op Netwerk was plekplek hartverskeurend, veral die kinders wat jou so uit die TV-stel in die oë kyk.

Maar dit was uiteindelik nie veel meer as 'n oppervlakkige Cliff Saunders-special nie. Soos sy onsinnige, onintelligente openingswoorde: "To be a refugee is certainly one of the most depressing, most morbid positions to be in. Yet here in Malawi there are literally hundreds of thousands of displaced Mozambicans who are victims of a war-ravaged land."

En natuurlik kon 'n mens nie verwag dat die heer Saunders 'n woord rep oor wat nou eintlik die oorsaak van die vlugtelinge is nie. Renamo is bloot in die verbygaan genoem, en dra eintlik nie meer skuld as Frelimo self nie.

Ek hoop van harte die Suid-Afrikaanse politici en generaals wat die vroedvroue van hierdie terroriste was en hulle jare lank gesteun het, het Sondagnag nagmerries gehad nadat hulle die verhongerde kinders en die verdwaasde vroue-vlugtelinge in die oë gekyk het.

MAX DU PREEZ

# Wagner op die Vrystaatse vlakte

**LOHENGRIN, 'n opera in drie bedrywe deur Richard Wagner, opgevoer deur Sukovs-Opera in die Sand du Plessis-teater, Bloemfontein. Resensie deur LOUIS HEYNEMAN**

DIS hoogs onwaarskynlik dat Richard Wagner 'n eeu of wat gelede selfs in sy wildste drome kon vermoed dat sy Lohengrin op die vlaktes van Suider-Afrika opgevoer sou word. En dat die eerste Wagner-opera in die Vrystaat 'n opvoering van gehalte sou wees, sou hy hom sekerlik ook nie kon voorstel nie.

Sukovs het verlede naweek sy beurt gekry om die tweede opera in die SA Lugdiens se Wêreld van Operareeks op te voer en getoon dat 'n klein kunsteraad 'n groot projek soos dié met die nodige kundigheid en finesse kan aanpak en deurvoer, enkele klein tegniese probleme tydens die openingsaand ten spyt.

Die welslae van dié Lohengrin lê ten eerste by die weldeurdagte konsep van die regisseur Michael Rennison. Sy insig in die psige van Wagner het die simboliese betekenis van Wagner se musiekdrama reg belig - die ewige stryd tussen goed en kwaad, die oorwinning van lig oor donker.

Die Sukovs-opvoering kon weliswaar nie soos Truk s'n met 'n Carla Pohl of Marita Napier spog nie, maar die Kaapse sopraan Andrea Catzel (in die rol van Elsa) het vergoed met 'n vertolking van internasionale standaard. Haar stem is goed gefokus, haar spel totaal inspirerend en oortuigend. Hans van Heerden se dramatiese vertolking van Telramund was selfs opwindender as in die Truk-opvoering.

Angelica Novak se Ortrud was myns insiens nie boos en berekend genoeg nie. Die rol verg uitstekende karakterspel wat steun op 'n dramatiese vokale vertolking én op subtiele bewegings. Wagner se konsep van opera, die sogenaamde Gesamtkunst, was 'n totale inklusiewe konsep waarin die musiek, teks, visuele aanbieding en spel moes saamsmelt in 'n metafisiese eenheid. En daarin kon sy nie slaag nie.

Die ingevoerde tenoor Gerd Brenneis se vertolking is vir my bederf deur sy gebrek aan suiwer intonasie. En vreemd genoeg was dit nie die hoër tone wat hy dikwels te laag insit nie. 'n Gebrek aan 'n musikale légato-lyn was nog 'n hinderlike eienskap van sy vertolking.

Ek vind dit jammer dat feitlik die hele koor uit Durban "ingevoer" is. Die Vrystaters sou met die regte leiding dit tog sekerlik knap kon doen.

Die Sukovs-orkes onder leiding van Gerhard gEsit had 'n reusagtige taak om 'n orkes met vele jong spelers soos 'n volwaardige Wagner-orkes te laat klink. In sommige van die komplekse teksture het die orkes nie tot sy reg gekom nie en dikwels is daar net nie genoeg klem op die intense drama van Wagner se musiek gelê nie, maar die geheelindruk was gunstig.

Net twee opvoerings van so 'n grootskaalse opvoering? Waarskynlik die gevolg van 'n gebrek aan belangstelling by die Vrystaatse musiekpubliek. Nogal jammer.


dié week by die
**MARK-TEATER**

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9.15nm
**MY CHILDREN! MY AFRICA!**
Regie deur Athol Fugard. 'n Verhaal oor liefde in ons tyd, met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulan Seiphemo.

UPSTAIRS-TEATER

**OTHELLO - Die film onder regie van Janet Suzman**
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 5.30 & 9nm

DIE LAAGER

Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm
**TOOTH AND NAIL - Antagonismes en liefde, parades en vuur**

WAREHOUSE BY DIE MARK

**INYANGA WOMEN OF AFRICA -**
Regie: Barney Simon. 'n Musikale huldeblyk aan die vroue van Afrika. Ma tot Vry: 8nm. Sat: 6nm tot 9nm Son 6nm

KIPPIES BY DIE MARK

Dins Son: 8.30nm
**FRIENDS FIRST**

MARKGALERYE

Groot Galery
**Kathlehong Vlieëruitstalling**

Klein Galery
**David Goldblatt Kwandebele Foto's**

EKSPERIMENTELE MUUR

**Sunprints deur David Barkham**

**Telefoon 832-1641**
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm, en op Sondag is daar 'n kuns- en handwerkmark van 9vm op die Mary Fitzgerald-plein


# Maak reg vir lentekonserte

RICHARD COCK en Alan Solomon, die dirigente van die Transvaalse Kamerorkes en die TKO Jongkunstenaarsorkes, sal 'n reeks voor-konsert praatjies aanbied oor die werk wat tydens die TKO se lentekonserte in Augustus en September opgevoer gaan word - as deel van die Universiteit van die Witwatersrand se Centre for Continuing Education se program.

Die agtergrond sal deelnemers 'n groter waardering vir kamerorkesmusiek gee en spesifiek die konserte wat bespreek word.

Spesiale pryse vir kaartjies vir die konsert word aangebied.

Die praatjies vind op twee agtereenvolgende Sondae, 20 en 27 Augustus in die Linder Auditorium, Johannesburg College of Education, Parktown tussen 19h15 en 19h45 plaas. Dit kos R32.

Diegene wat nie vandag kans kry om met die Centre (tel 716-5509) in verbinding kan tree nie en nog die praatjies wil bywoon, kan ook oor die naweek bel.

Die Centre for Continuing Education herhaal ook 'n reeks kursusse (die bogenoemde voor-konsert praatjies ingesluit) wat aangebied word in September, waaronder The Joy of Music Making - waarin volwassenes die ervaring van spel in 'n ensemble kan geniet, 'n kursus in gevorderde draaiboek skryf, 'n gevorderde Leer-en-Lees program, alles-wat-jy-nog-altyd-wou-weet-oor-rekenaars en studeervaardighede vir skoliere.



**James Belushi, die jonger (en, wat dwelms betref, effens verantwoordeliker) boetie van die kultus komediekoning van Saturday Night Live, John Belushi, vertolk die rol van speurder Thomas Dooley in K-9 wat vandag begin. K-9 is 'n belaglike akroniem vir canine of hond want Belushi se speurmaat is 'n polisiehond wat vir homself dink, Jerry Lee. Hier pronk die twee saam vir die kamera. En so aan.**


*TRUK TONEEL*
**AS YOU LIKE IT**
**Regie: FRANCOIS SWART**
met Jamie Barlett, Fiona Ramsay, Michael Richard
*"Koel en klassiek" – Star*
**Alexander-teater: 12 Aug — 2 Sep**

THE BLACKS
deur Jean Genet
**Regie: DIETER REIBLE**
**Windybrow: tot 12 Aug**
**Momentum, Staatsteater Pretoria: 18 — 26 Aug**

## MUSIEK

**Jameson's Bar**, Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Neil Solomon is vanaand, Saterdag- en Sondagaand te sien. Volgende week tot Donderdag is dit Pongola.

**Koala Blu**, Melville: Jazz word elke Sondag in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub.

**Roxy Rhythm Bar**, Mainstraat, Melville: Vanaand: Die formidabele African Jazz Pioneers. Saterdag: Jack's Band. Maandag: Wendy Oldfield. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Rush Hour. Donderdag: The Jive.

**Kippies**, Markteater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van 5-uur - tot laat.) Van 15 Augustus tot 3 September is dit Friends First.

**Harbour Cafe**: Rockeystraat. Uh...RELAX met ander leep-oog pseudo-intellektueles. Goeie kos. Swak bediening. Nice ou en nuwe musiek. Beste laatnag rondlêplek in die dorp. Ook bekend as die Yeoville Yaught Club.

**Panama Reds**, hv Hendrik Verwoerd en Jan Smuts, Crossroads winkelkompleks, Randburg: Vanaand: (bo) Rudi and Friends, (onder) Delia Layton. Saterdagaand: (bo) Fat City, (onder) Delia Layton. Sondag: (bo) Jack's Band, (onder) Pierre van Staden. Dinsdag: (onder) Colin Shamley. Woensdag: (bo) Neil Solomon and the Passengers, (onder) Ian McCormick. Donderdag: (bo) Fat City. (onder) Annie.

**The Junction**, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video en poolkamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies. Aanbeveel vir denkende jollers.

**The Thunderdome**, h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae.

**Rumours**, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

**Late Nite Duke's**, Melville; Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Tot laat.

### Pickled Wullie met chips

**KAAPSTAD**

**Base**: Vanaand en Saterdag-aand (10.00) vier die Base hulle tweede verjaardag en hou 'n verjaarsdagjol. Sondagaand is dit die Thete Kwartet met Theta Mambiza, Big T en die broers Ezra en Duke Ngcukana (deure open om 8.30) en Woensdagaand is lewendige reggae.
**Tatler's**, Silversands, Seepunt: Britse kroeg aand met die tradisionele "fish, chips and mushy peas" en die groep Pickled Wullie tree op. (Sing-a-long-goeters). Saterdag Rumour. Van volgende week Woensdag: Rumour.
**Arties Cellar Pub**, Riebeeckstraat 34: Verskeie jazzgroepe tree elke Saterdagmiddag tussen 2 en 6 hier op.

## TEATER

Malcolm Purkey en die Junction Theatre se werkswinkelproduksie **Tooth and Nail** is in die Mark se Laagerteater te sien tot 9 September. Weeksdae om 8.30nm en Saterdae om 6.15 en 9.15nm.

Pieter Toerien bied aan:
**We and Them** - die verhaal van die hertogin van Windsor, gespeel deur Lena Farugia, by die Leonard Rayne-teater tot 9 September. Dinsdag tot Vrydag om 8.15nm en Saterdae om 6.00 and 9.00nm. Ook met Chris Weare. **Blithe Spirit** met Sandra Duncan, Vanessa Cooke en Paddy Canavan by die Alhambra-teater tot 9 September. Dinsdag tot Vrydag om 8.00nm en Saterdae om 6.00 en 9.00nm.

**My Children! My Africa!** die omstrede nuwe Fugardstuk. Gekritiseer as polities naïef en te lank, maar die tweede helfte is vinniger en roerender. Hoofteater, Markteater, Newtown. Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulana Seiphemo. Maandag tot Vrydag om 8.00nm. Saterdae 9.00nm. Tot 23 September.

By die Adcock-Ingram, Windybrow, wys Dalene Matthee se **Kringe in 'n Bos**.

**Inyanga Women of Africa** by die Markteater se Warehouse. Vier vroue - Jennifer Ferguson, Gcina Mhlope, Sophie Mgcina en Thembi Mtshali - harmoniseer oor ons kontinent se vrouekwessies. Goeie stemme, goeie komposisies, goeie musikante maar iets is fout. Tot 3 September.

Black Sun: (Louis Bothalaan - Orange Grove).
**Dark Ages Old Age Home of Yeoville** met Sinclair Beiles en Martin Jacklin is nog net vanaand om 10.15 te sien. 'n Musikale kabaret, **WarSongs**, met Antoinette Butler en Clare Loveday op klavier: Woensdag, Vrydag en Sondag om 10.30nm. Die vertoning **Nice and Easy** deur Minouche Kaftel en met Waldo Malan op die klavier is Saterdagaand om 10.30 te sien. Die beste stuk in die stad tot dusver hierdie seisoen - Susan Pam se **Curl Up and Dye** - is steeds te sien! Met Val Donald-Bell, Lilian Dube, Nandi Myembe, Sue Pam en Debra Watson. Daagliks om 8.15 en Saterdag en Sondag om 5.30 en 8.30. **The Colossus of Brooklyn (Face to Face with Henry Miller)** met Bill Flynn is elke aand (Woensdag tot Sondag) om 9.00, in die Upstairs-teater te sien. Regisseur: Mario Schiess.

**Two and Two make Sex** met Tim Plewman, Diane Appleby, Carol-Ann Kelleher, Saul Bamberger, Melody O'Brian en Michael Thompson open 24 Augustus by die André Huguenet teater. Regie deur Rex Garner.

By die Market se Upstairs kan **Othello - The Movie** met John Kani, Joanna Weinberg, Richard Haines en Dorothy-Ann Gould gesien word. Maandag tot Donderdag: 8.15nm, Vrydag en Saterdag 5.30 en 9.00nm. Middagvertonings Dinsdag, Woensdag en Donderdag om 2.30nm.

**KAAPSTAD**

Baxter-teater, Mainstraat: Hoofteater: Tot 19 Augustus is dit die hipnotikus **Max Collie**, weeksdae om 8.00nm en Saterdae om 9.00nm. **Stimela** open 21 Augustus en speel elke aand (Sondae uitgelsuit) om 8.00. Tot 2 September. Stagedoor: **A Room with a Review** is verleng tot 9 September. Maandag tot Vrydag om 8.30. en Saterdag om 6.00 en 9.00. In die Studio (tot 26 Augustus) is dit **Crossing the Line** met Belinda Koning, Michele Maxwell, Ingrid Emsley, David Haynes en Gaynor Young. Maandag tot Donderdag: 8.15nm en Vrydag en Saterdag twee vertonings: 6.15 en 9.15nm. Resensie in Vrydag.

Nico Malan, Strandgebied: Die Teater is tot September gesluit vir restorasie-doeleindes. Paul Slabolepszy se **Smallholding** word van Maandag tot Donderdag om 8.30nm en Vrydag en Saterdag om 6.00 en 9.00nm in die Arena opgevoer. Tot 19 Augustus.

Theatre on the Bay, Kampsbaai: **Who Goes Bare** met Errol Hart, Eleni Cousins en Malcolm Terrey duur tot 9 September. Vertonings: 8.00nm weeksdae en 6.00 en 9.00 Saterdae.

## GALERYE

**Everard Read-galery**: Uitstalling genaamd New Acquisitions wat internasionale kunstenaars soos John Piper, Sir Robin Philipson en Winifred Nicholson insluit. Tot 2 September.
**Markteater**, Newtown: Groepsuitstalling deur lede van die Katlehong-kunssentrum. Tot 9 September. Fotografiese uitstalling van David Goldblatt tot 9 September.
**Gallery on the Market**, Newtown: Steve Cohen se uitstalling van suggestiewe meublement Living Room duur tot 23 Augustus. Volgende uitstalling Broederstroom Press, afdrukke en plakkate gedruk deur Bruce en Mark Attwood, open 27 Augustus. Duur tot 13 September.
**Natalie Knight-galery**, Hyde Park: Etswerke genaamd Homage to Rodin, tekeninge deur Marié Grotepass en brons torso's van mans deur Desmond Greig. Tot 30 Augustus.
**Things-galery**, Markteater kompleks: Jane Gainsford se drake word tot 2 September uitgestal.
**La Chine Des Ts'ing**, Rosebank: Uitstalling van matte uit Tibet van die Altfield galery in Hong Kong. Tot 2 September. Tel: 788-1307.
**Karen McKerron-galery**, Bryanston: Skilderye deur André van Vuuren, tot 23 Augustus.
**Kuns uit Venda** is tot 19 Augustus te sien by die Sanderling-galery in die Smalstraatkompleks.
**Kim Sacks-galery**, Cavendishstraat, Bellevue: klere, krale- en handwerk uit Botswana. Kuns van die San, Herero en Mbukushu.
**Galery 21**: Algemene galery-uitstalling.
**African Magic**: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.
**Zona**. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.
Kaapstad
**Baxter-kunsgalery**: From the Centre bestaan uit is drukwerke op papier en materiaal deur Philippa de Beer. Tot 26 Augustus. Nuwe tel: 685-7880.

**KAAPSTAD**

**Gallery 709**, Adderleystraat: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart, Lukas van Vuuren en andere. Beeldhouwerke deur Eduardo Villa en David Brown. Ook bekende internasionale kunstenaars.
**Cape Gallery**, Kerkstraat 60: Galeryversameling van onder andere Ruth Squibb, Nico Verboom en Douglas Treasure.
**Kunskamer**, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Piemeef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.
**Gallery International**, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.
**Artscene**, St Andrews straat, Seepunt: Torso-uitstalling deur Hannes. Tot September.


NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 18 August-24 August

OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
CYBORG
Action Thriller (2-18)
Jean-Claude Van Damme Deborah Richter
DAILY 9 45. 12 15 2 30 5 15. 7 45 10 00

METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
A Touch Of Infidelity
Comedy (2-14)
Ted Danson Isabella Rossellini
DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15 7 45 10.00

VILLAGE 44-6096
1 Farewell to the King
Action Adventure (A)
Nick Nolte. Marius Weyers
DAILY 9 45 12 15 2 30 5 15 7 45. 10 00
2 Crossing Delancey
A Heart-warming Comedy (A)
Amy Irving Peter Riegert
DAILY 9 45. 12 15 2 30. 5 15. 7 45. 10,00
AUGUST 18 9 45 SOLD OUT

MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 Her Alibi
Romantic Comedy (A)
Tom Selleck, James Farentino
DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15. 7 45. 10,00
2 A Touch Of Infidelity
Comedy (2-14)
Ted Danson Isabella Rossellini
DAILY 9 45. 12 15 2 30 5 15 7 45. 10,00
3 CYBORG
Action Thriller (2-18)
Jean-Claude Van Damme Deborah Richter
DAILY 9 45. 12 15. 2 30 5 15. 7 45. 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 Indiana Jones and the Last Crusade
Action Adventure (A)
Harrison Ford. Sean Connery
DAILY 9 30. 12 00 2 30 5 15 7 45. 10 15
150 Three Fugitives
Comedy (A)
Nick Nolte, Martin Short
MON-SAT: 6 00, 8 30

BOOK AT COMPUTICKET



NU METRO THEATRES
NOW SHOWING
18 AUGUST-24 AUGUST BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8 CLAIM STREET 337-3033
CYBORG — Jean Claude Van Damme Deborah Richter (2-18) — DAILY 9 45. 12 15. 2 30 5 15 7 45 10.00
FAREWELL TO THE KING — Nick Nolte Marius Weyers (A) — DAILY 9 45. 12 15 2 30 5 15. 7 45 10 00
HOT PURSUIT — John Cusack, Robert Loggia (A) — DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15 7 45, 10,00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford. Sean Connery (A) — DAILY 9 30, 12 00. 2 30, 5 15, 7 45, 10 15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
WHEN I FALL IN LOVE — Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) — DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15
TEQUILA SUNRISE — Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
POLICE ACADEMY 6 — Bubba Smith, Michael Winslow (A) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

HILLBROW METRO 724-2511 1-7
CYBORG — Jean Claude Van Damme, Deborah Richter (2-18) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY. 9 45, 12 15, 2 30, 5.15, 7 45, 10,00
FAREWELL TO THE KING — Nick Nolte, Marius Weyers (A) — DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7.45, 10,00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY. 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15
HOT PURSUIT — John Cusack, Robert Loggia (A) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THREE FUGITIVES — Nick Nolte, Martin Short (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE PRINCESS BRIDE — Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) — DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6
CYBORG — Jean Claude Van Damme, Deborah Richter (2-18) — DAILY 9 45, 12 15, 2.30, 5 15, 7 45, 10,00
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY: 9.45, 12 15, 2 30, 5.15, 7 45, 10,00
THE 'BURBS — Tom Hanks, Carrie Fisher (A) — DAILY: 9.45, 12 15, 2 30, 5.15, 7 45, 10:00
FAREWELL TO THE KING — Nick Nolte, Marius Weyers (A) — DAILY: 9 45, 12.15, 2.30, 5 15, 7.45, 10,00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15
HOT PURSUIT — John Cusack, Robert Loggia (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MARKET ST. METRO 29-8493
CYBORG — Jean Claude Van Damme Deborah Richter (2-18) — DAILY 9.45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
HOT PURSUIT — John Cusack, Robert Loggia (A) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

HYDE PARK METRO 447-3091
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY. 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

BALFOUR PARK METRO 887-8548
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

RANDBURG METRO 787-0340
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

7 ARTS NORWOOD 483-1680
GINGER & FRED — Marcello Mastroianni in a film by Fellini (A) — DAILY 2 15, 5 15, 7.45, 10 15

ALBERTON METRO 907-2362
CYBORG — Jean Claude Van Damme, Deborah Richter (2-18) — DAILY. 9 45, 12 15, 2 30, 5.15, 7.45, 10,00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10 15

SHARE THEATRES 835-1704 1-8 BARAGWANATH RD.
CYBORG — Jean Claude Van Damme, Deborah Richter (2-18) — DAILY 9 45, 12 15, 2.30, 5 15, 7 45, 10,00
LICENCE TO KILL — Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) — DAILY: 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7.45, 10,15
LAST RITES — Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) — DAILY. 9 45, 12.15, 2 30, 5.15, 7 45, 10,00
KILL SLADE — Patrick Dollaghan, Lisa Brady (A) — DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7.45, 10,00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY. 9 30, 12 00, 2 30 5 15, 7 45, 10.15
THE RESCUE — Kevin Dillon (A) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7.45, 10,00
UNDERCOVER — David Neidorf, Jennifer Jason Leigh (A) — DAILY: 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
WHEN I FALL IN LOVE — Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) — DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
LAST RITES — Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) — DAILY: 9 45, 12.15, 2 30, 5 15, 7.45, 10,00
THREE FUGITIVES — Nick Nolte, Martin Short (A) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7.45, 10,00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
CYBORG — Jean Claude Van Damme, Deborah Richter (2-18) — DAILY. 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — MON-SAT 6 00, 8 30
150 THREE FUGITIVES — Nick Nolte, Martin Short (A) — MON-SAT 6 00, 8 30

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
CYBORG — Jean Claude Van Damme, Deborah Richter (2-18) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
THREE FUGITIVES — Nick Nolte, Martin Short (A) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9 30, 12 00, 2 30, 5 15, 7 45, 10,15
FOREVER FRIENDS — Bette Midler, Barbara Hershey (A) — DAILY 9 45, 12 15, 2 30, 5 15, 7 45, 10,00

CINESUN MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Timothy Dalton HAWKS Adventure (2-18)



Kaapstad

NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 18 August-24 August

STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson Isabella Rossellini — DAILY 9 45 12 15 2 30 5 15 7 45 10 00
2 Indiana Jones and the Last Crusade — Action Adventure (A) — Harrison Ford Sean Connery — DAILY 9 30 12 00 2 30 5 15. 7 45. 10 15
3 The Princess Bride — Romantic Comedy (A) — Mandy Patinkin Chris Sarandon — DAILY 9 45 12 15 2 30 5 15 7 45. 10 00

FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 Her Alibi — Romantic Comedy (A) — Tom Selleck James Farentino — DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15. 7 45 10.00
2 CYBORG — Action Thriller (2-18) — Jean-Claude Van Damme Deborah Richter — DAILY 9 45 12 15. 2 30 5 15 7 45. 10,00
3 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson. Isabella Rossellini — DAILY 9 45. 12 15. 2 30 5 15. 7 45 10 00

SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 Her Alibi — Romantic Comedy (A) — Tom Selleck, James Farentino — DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15. 7 45. 10.00
2 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY 9 45 12 15. 2 30. 5 15. 7 45 10 00
3 CYBORG — Action Thriller (2-18) — Jean-Claude Van Damme, Deborah Richter — DAILY 9 45 12 15. 2 30. 5 15. 7 45. 10 00
4 Indiana Jones and the Last Crusade — Action Adventure (A) — Harrison Ford Sean Connery — DAILY 9 30 12 00 2 30 5 15 7 45 10 15

BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 Her Alibi — Romantic Comedy (A) — Tom Selleck, James Farentino — DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15. 7 45. 10.00
2 CYBORG — Action Thriller (2-18) — Jean-Claude Van Damme Deborah Richter — DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15. 7 45. 10,00
3 Indiana Jones and the Last Crusade — Action Adventure (A) — Harrison Ford Sean Connery — DAILY 9 30. 12 00. 2 30. 5 15. 7 45. 10 15
4 Call Me — Sex Thriller (2-18) — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie — DAILY 9 45. 12 15. 2 30. 5 15 7 45. 10.00

OSCAR Adderley St. 45-2585
BURNING SECRET — Drama (A) — Faye Dunaway Klaus Maria Brandauer — DAILY 9 45. 12 15 2 30. 5 15. 7 45. 10 00

RONDEBOSCH METRO 685-4569
CYBORG — Action Thriller (2-18) — Jean-Claude Van Damme Deborah Richter — DAILY 9 45. 12 15 2 30. 5 15. 7 45. 10 00

MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 COBRA — Action (A) — Sylvester Stallone — PLUS Her Alibi — Romantic Thriller (A) — Tom Selleck, James Farentino — MON-FRI 9 30. 2 00. 7 30 SAT 11 00. 3 30. 8 00
2 Criminal Law — Murder Thriller (2 18) — Kevin Bacon — PLUS My Stepmother is an Alien — Comedy (2-12) — Kim Basinger — MON FRI 9 30 2 00 7 30 SAT 11 00 3 30 8 00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

## FILM

seer in die prent. Met Peter Falk, Robin Wright en Britse komediante Peter Cook en Mel Smith.

**A CRY IN THE DARK - Meryl Streep vertolk die rol van Lindy Chamberlain in hierdie ware Australiese drama oor 'n getroude paar wat slagoffers van die media word. Die gesin se babadogter word tydens 'n naweekkamp deur 'n dingo weggesleep en hulle word van moord op hulle kind aangekla. Sam Neill speel die rol van Michael Chamberlain. Streep is vir 'n Oscar benoem vir haar vertolking.

**TEQUILA SUNRISE - 'n Polisieman, 'n dwelmhandelaar en 'n pragtige vrou raak met mekaar gemoeid en die vonke begin spat as emosies en plig teen mekaar gestel word. Met Michelle Pfeiffer, Mel Gibson en Kurt Russel.

**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN - Kim Basinger is 'n wese uit die buitenste ruim en Dan Aykroyd 'n ruimtenavorser - wat uiteindelik met haar trou.

**DEAD RINGERS - Briljante wenner van 10 Kanadese Genie-toekennings waarin Jeremy Irons albei lede van 'n tweeling vertolk. 'n Regte Cronenberg-riller. Ook met Genevieve Bujold.

*A TOUCH OF INFIDELITY - 'n Paartjie met baie in gemeen: sy vrou slaap met haar man. Met Ted Danson (van Cheers) en Isabella Rossellini.

*HER ALIBI - Twee van die wêreld se sogenaamde aantreklikste mense, Tom Selleck en Paulina Porizkova (laas gesien in Anna en op die voorblaaie van 300 tydskrifte in die afgelope ses jaar as model) raak verlief.

*SKIN DEEP - John Ritter (van Hooperman en Three's Company-faam) is 'n verleentheid in 'n fliek met 'n naam wat die produk goed omskryf. Baie meisies in baaikostuums. En so aan.

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

### KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68

Vanaand: 6.00 Crossing Delancey. 8.00 Julia and Julia. 10.00 The Accidental Tourist.
Saterdag: 10.00vm en 2.30nm Asterix and Cleopatra. 5.00 The Kitchen Toto. 7.00 The Unbearable Lightness of Being. 10.15 Julia and Julia.

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow.
Pink Floyd middernag 'special' vanaand: Pink Floyd Live at Pompeii. Spesiale klanktoerusting is in die teater aangebring vir die vertoning. Selfs vir nie-Floyd fans.
Volgende week wys John Boorman se Hope and Glory.
Vanaand en Saterdagaand wys die ongelooflike Woodstock en Led Zeppelin se The Song Remains te Same.

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# As pa weg is met besigheid

WITNESS IN A WAR ZONE wys Donderdagaand op M-net en is 'n drama oor 'n geharde televisie joernalis gespeel deur Christopher Walken wat 'n kans kry om 'n onderhoud te voer met 'n top PLO-leier Yassin, in Beirut. Hy ontdek allerande dinge tydens sy besoek. Ook met Hywell Bennett en Marita Marshall.

Die eerste deel van Chris Barnard se NAGSPEL wys Donderdagaand op TV1 en gaan oor Poen, 'n polisieamptenaar wat iewers in die boendoes 'n grenspos bewaak. Die man raak lelik onsteld toe sy eensame vrou begin ogies maak vir sy enigste gevangene. Met Paul Eilers en Katinka Heyns.

WHEN FATHER WAS AWAY ON BUSINESS, 'n bekroonde Joego-Slawiese drama wat hom in die jare 50's afspeel wys vanaand op M-Net. Die pa van 'n huisgesin word na 'n kamp weggestuur omdat hy 'n indiskrete opmerking gemaak het. Soos gesien deur die oë van 'n ses-jarige seun. Met Moreno D'E Bartolli, Miki Manojlovic en Emir Kusturica.

SONDAGAAND op TV1 wys Die Steppe, 'n drama na 'n verhaal deur die Russiese skrywer, Anton Tsjekof, oor 'n seuntjie wat saam met sy oom, die plaaslike priester, deur die steppe skool toe ry. Hulle wedervaringe en die talle kleurryke karakters wat hulle teëkom, is op sigself 'n belewenis.

URGE TO KILL, 'n drama oor 'n pa met 'n vreeslike geheim, wys Saterdagaand op TV1. 'n Jong meisie word - skynbaar - deur haar kêrel vermoor, wat dan vir vier jaar tronk toe gaan. Wanneer hy weer op vrye voet is, is hy vasberade om die regte moordenaar vas te trek. Met Paul Sorvino, Karl Malden en Shirley Knight.

Neil Simon se MAX DUGAN RETURNS is 'n komedie oor 'n sleg (Jason Robards) wat begin oud word en besluit om goed te word deur sy vergete kleinseun (Matthew Broderick) en weduwee-dogter (Marsha Mason) met duur geskenke te oorweldig. Sy dogter se polisieman-kêrel (Donald Sutherland) vermoed egter onraad, en stel ondersoek in... Die fliek wys Woensdagaand op M-Net.

Donderdagaand is weer lagtyd op M-net wanneer die Miss TEEN USA Pageant om elfuur gewys word. Die week se beeste program. Moet dit nie mis nie.

MANNEQUIN wys ook Woensdagaand op M-net met Andrew McCarthy en Kim Cattrall in die hoofrolle. 'n Kunstenaar skep die perfekte winkelpop en sy wildste drome word waar toe sy besluit om lewendig te word!

Dommes-kan-ook-lees-afdeling: Arnold Schwarzenegger is Dinsdagaand op M-net te sien in COMMANDO, 'n aksiebelaaide avontuur waarin 'n afgetrede kommando-lid gedwing word om die mees desperate sending van sy lewe aan te pak. Op spesiale versoek vir julle met die spiere.

Agatha Christie se THE MIRROR CRACK'D beloof misterie en intrige. 'n Klomp bekendes pak af in 'n plattelandse dorpie, Mary Mead, en dis nie lank nie of die koppe begin rol... Met Elizabeth Taylor, Tony Curtis en Angela Lansbury Guy Hamilton is die regisseur. Die film wys Sondagaand op M-Net.

THE DETECTIVE met Frank Sinatra, Lee Remick en Jacqueline Bissett is 'n drama oor 'n speurder in New York wat 'n onaangename, korrupte saak moet ondersoek en oplos. Donderdagaand op TV1.



**Al Pacino en Kie in Dog Day Afternoon op M-Net**

### VRYDAG 18

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Art Facts
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
10.00 Laataandsessie
10.20 Plekkie in die Son - Oor 'n rykmansvrou wat uitvind sy is melaats. Na 'n lees-en-snik roman van Ena Murray. Met Jana Cilliers.
11.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Colossus: The Forbin Project
10.48 MASH
11.15 BZN Special

**M-NET**
10.30 Slugger's Wife
12.10 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 The Mean Season
4.40 60 Minutes
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Amen
Intekenare
7.00 Highlander
8.45 60 Minutes
9.00 When Father was away on Business - kyk onder hoogtepunte
11.15 Dog Day Afternoon

### SATERDAG 19

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Tegnologie
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Urge to Kill - kyk onder hoogtepunte
11.05 Late Night Live
11.45 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.56 Hotel
10.46 The Tracy Ullman Show
111.10 TJ Hooker

**M-NET**
11.30 Revue Plus
12.30 Rendezvous
1.30 Motorsport
2.00 Boks
4.00 Sokker
Oop Tyd
6.00 Houston Nights
Intekenare
7.00 Mannequin
8.30 60 Minutes
9.00 Bye Bye Braveman
10.30 Newsnight
11.00 Tough Enough

### SONDAG 20

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 The World of Audubon
3.20 The Prodigious Hickey - Die eerste episode van 'n vierledige reeks oor 'n klomp stout skoolseuns. Met Zack Galligan, Albert Schultz en Robert Joy.
4.15 Collage
5.20 Time Flyer
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.45 Die Steppe - kyk onder hoogtepunte
11.10 The National Gallery - Die vroeë Renaissance in Italië
11.35 Perspektief

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Masada
9.55 227
10.22 Sing Country
10.54 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
7.31 Sharmeelee
8.40 Wheels of Fire
9.10 Naas Garga
9.50 Ramayan
Intekenare
1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Storybreak
2.30 A Waltz through the Hills
3.00 Not for Publication
4.25 60 Minutes
4.50 Panorama
5.30 Runaway with the rich and famous
Oop Tyd
6.00 Falcon Crest
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wildlife on One
8.30 The Best of Europe
9.00 The Mirror Crack'D - kyk onder hoogtepunte
10.42 West 57th
11.00 Boks

### MAANDAG 21

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.25 Webster
4.55 Filemon the Cat
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Elmien Adler
10.00 Topsport
11.00 Verhale van die Klondike - Die eerste van 'n avontuurreeks van sewe deur Jack London oor menslike swakhede, ambisies en teleurstellings.
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.11 Neil Sedaka - deel 2

**M-NET**
10.30 Bye Bye Braveman
12.00 West 57th
2.30 Telygames
3.00 My Science Project
4.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.00 The Incredible Hulk
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Young Frankenstein
8.45 60 Minutes
9.00 Quartet - Die lieflike Isabella Adjani speel die rol van 'n eensame Franse vrou wat verlei word.
10.35 Money programme
11.00 The Slugger's Wife

### DINSDAG 22

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Skooldae
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die Onfeilbare Vennootskap
8.00 Network
9.00 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 A Deadly Business
10.48 The Hit Squad
11.10 Gunsmoke
12.03 S.W.A.T.

**M-NET**
10.30 The Silence
12.30 Rendezvous
2.30 Telygames
3.00 The Paper Chase
4.50 Earthfile
5.00 Wildfire
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 Commando - kyk onder hoogtepunte
8.30 60 Minutes
9.00 Sokker
10.00 Carte Blanche
11.00 When Father was away on Business - kyk onder hoogtepunte

### WOENSDAG 23

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
4.55 Filemon
5.10 ZAPMAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Oos-Wes
9.35 Diagonal Street
10.00 TopSport
11.00 Die Ma-Plotters
11.30 Die Storie agter die Storie
11.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Net Een Fout
11.43 9 to 5

**M-NET**
10.30 The Slugger's Wife
12.10 Newsnight
2.30 Telygames
3.00 The Silence
4.40 Two of a Kind
5.00 The Flintstone Kids
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 Mannequin
8.20 60 Minutes
9.00 Max Dugan Returns - kyk onder hoogtepunte
10.35 Newsnight
11.00 Maria's Lovers

### DONDERDAG 24

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Nagspel - kyk onder hoogtepunte
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 The Detective - kyk onder hoogtepunte
12.55 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 21 Jump Street
9.58 Night Court
10.25 Misdaad in Miami
11.16 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Not For Publication
11.55 Money Programme
2.30 Telygames
3.00 Highlander
5.00 The Berenstain Bears
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Motorsport
9.00 Witness in a War Zone - Kyk onder hoogtepunte
10.35 Newsnight
11.00 1989 Miss Teen USA Pageant

'n Treffersparade van wyn